# Die belewenis van identiteitkonstruksie deur die Afrikaansvaktaal beginneronderwyser

**deur**

**Annemiek du Toit (Venter)**

**Voorgelê ter vervulling van die graad**

**MAGISTER EDUCATIONIS**

**In die Fakulteit Opvoedkunde**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**Studieleier: Dr. L.J. van der Merwe**

**NOVEMBER 2024**

© University of Pretoria

## Verklaring

Ek, Annemiek du Toit (Venter) , U17044350, verklaar dat hierdie MEd-verhandeling, **Die belewenis van identiteitkonstruksie deur die Afrikaansvaktaal beginneronderwyser** my eie, oorspronklike werk is en nog nie voorheen, gedeeltelik of in die geheel, voorgelê is vir die toekenning van enige graad nie. Elke betekenisvolle bydrae tot en aanhaling in die proefskrif, uit die werk of werke van ander persone, word erken met die nodige bronverwysings soos vereis deur die Universiteit van Pretoria.

## Declaration

I, Annemiek du Toit (Venter), U17044350, state that this MEd dissertation, **Die belewenis van identiteitkonstruksie deur die Afrikaansvaktaal beginneronderwyser** is my own original work and has never been submitted for any other qualification. Where other people's work has been used (either from a printed source, internet, or any other source), this has been properly acknowledged and referenced in accordance with the requirements of the University of Pretoria.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Etieseklaringsertifikaat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Make today matter
www.up.ac.za

**FACULTY OF EDUCATION**
Ethics Committee

**RESEARCH ETHICS COMMITTEE**

| | |
|---|---|
| **CLEARANCE CERTIFICATE** | CLEARANCE NUMBER: **EDU036/24** |
| **DEGREE AND PROJECT** | M.Ed. |
| | Die belewenis van identiteitkonstuksie deur die Afrikaans vaktaal beginneronderwyser |
| **INVESTIGATOR** | Miss Annemiek du Toit |
| **DEPARTMENT** | Humanities Education |
| **APPROVAL TO COMMENCE STUDY** | 24 July 2024 |
| **DATE OF CLEARANCE CERTIFICATE** | 30 November 2024 |
| **CHAIRPERSON OF ETHICS COMMITTEE**: | Prof Funke Omidire |

Mr Simon Jiane
Dr Linette van der Merwe

This Ethics Clearance Certificate should be read in conjunction with the Integrated Declaration Form (D08) which specifies details regarding:

- Compliance with approved research protocol,
- No significant changes,
- Informed consent/assent,
- Adverse experience or undue risk,
- Registered title, and
- Data storage requirements.

Fakuiteit Opvoedkunde
Lefapha la Thuto



© University of Pretoria

“A society grows great when old men plant trees whose shade they know they shall never sit in.” – Greek Proverb

“A garden requires patient labor and attention. Plants do not grow merely to satisfy ambitions or to fulfill good intentions. They thrive because someone expended effort on them.” – Liberty Hyde Bailey

**Opgedra aan almal wat al in my geglo het.**


© University of Pretoria

## Erkennings

Ek wil graag my opregte dank uitspreek aan almal wat ’n bydrae gelewer het tot die suksesvolle voltooiing van hierdie studie:

- My studieleier, dr. Linette van der Merwe. Jou ondersteuning, jou kundigheid, jou liefde vir die taal is onbeskryflik. Hierdie studie sou nie moontlik gewees het sonder iemand wat my laat glo het in myself nie. Daar is min mense wat my en my persoonlikheid aanvaar – dankie dat jy een is.
- Aan my ongelooflike man, Christo Venter, die Vader alleen weet hoe jy nog hier is. Jy was my anker en my rots elke laataand of vroegoggend wat ek moes werk aan my studie. Jy het nie noodwendig verstaan waaroor dit gaan nie, maar jy het altyd plan gemaak om my te kalmeer wanneer die bloed, sweet of trane gerol het.
- Aan my boetie, JP en skoonsus, Andrea – baie dankie vir al jul ondersteuning en motivering. Dankie dat julle altyd dink ek is die slimste Du Toit in die familie. Ek waardeer julle, al sit julle duisende kilometers weg!
- Aan my ouers, Henning Albertus en Meka du Toit, vir die ongelooflike ondersteuning in tye waar ek moedeloos gevoel het. Dankie dat julle my altyd geleer het dat mens nie opgee op jou drome nie!
- Ouma Moira Loraine Hoeksma, wat van kleins af gesê het: “You are going to achieve great things, my child. Don’t listen to anyone that tells you otherwise – they can’t see the potential!”
- Ouma Anna Elizabeth du Toit – dankie dat ouma altyd so opgewonde is dat een van haar kleinkinders ’n meesterstudie gaan voltooi.
- Me. Antoinette Dowd en mnr. Marius Lezar vir die studieverlof en onvoorwaardelike belangstelling in my studies. Dit is nie elke dag wat hoofde jou aanspoor om jou drome na te jaag nie.
- Me. Chrisna Nel, vir die deeglike en noukeurige taalversorging van elke aspek van my studie.
- Aan my beste vriendin, Geraldine Harrington, jou onmenslike ondersteuning en belangstelling al sit jy duisende kilometers van my af, word ongelooflik baie waardeer.
- Ek wil ook my dank uitspreek teenoor my saamploegvriende vir hul liefde, omgee en ondersteuning. ’n Spesiale dank aan Tineke Viljoen en Kruger Uys!



© University of Pretoria

Ek is onmenslik dankbaar vir elkeen wat my reis beïnvloed het. Die terugvoer, die omgee, die ondersteuning, die begrip as ek nie altyd tyd kan maak vir elkeen van julle nie. Ek koester elkeen na aan my hart.



© University of Pretoria

## Opsomming

Die studie het die fokus op die belewenisse van die beginner-Afrikaansonderwyser se identiteitkonstruksieproses geplaas asook hoe hierdie prosesse hul professionele identiteit en groei beïnvloed. Soos onderwys aanpas by die eise van ’n vinnig veranderende wêreld, is dit belangrik om gehoor te gee aan die onderwysers se belewenisse van die identiteitkonstruksieproses. Dit is ook noodsaaklik om die uitdagings en sterkpunte wat beginneronderwysers ervaar, te erken en te verstaan. Die veeleisende beroep as onderwyser/onderwyseres dra reeds by tot hoe die individu die identiteitkonstruksieproses benader in sy/haar professionele hoedanigheid. Deur klem te plaas op die beginner-Afrikaansonderwyser se belewenis van die identiteitkonstruksieproses, bewerkstellig ek die proses van selfrefleksie by elkeen van die deelnemendes – wat uiters belangrik is vir professionele ontwikkeling en om areas vir verbetering uit te lig.

Hierdie navorsing het gepoog om die outentieke data rakende die belewenisse van die beginner-Afrikaansonderwyser se identiteitkonstruksieproses te verken en onder die vergrootglas te plaas. Die interpretatiewe benadering sal ’n stem gee aan die deelnemers en moontlik hul unieke belewenisse erken, wat hierdie studie betekenisvol maak vir die ondersteuning van beginneronderwysers en die bevordering van hul identiteit binne die beroep.

**Sleutelterme: identiteit, professionele identiteit, identiteitkonstruksie, individuasie.**



© University of Pretoria

# Abstract

The study focused on the experiences of the novice Afrikaans teacher’s identity construction process, as well as how these processes influence their professional identity and growth. As education adapts to the demands of a rapidly changing world, it is important to pay attention to teachers’ experiences of the identity construction process. It is also essential to recognize and understand the challenges and strengths that novice teachers encounter. The demanding profession of teaching already contributes to how an individual approaches the identity construction process in their professional capacity.

By emphasizing the novice Afrikaans teacher’s experience of the identity construction process, I facilitate the process of self-reflection for each participant – which is crucial for professional development and identifying areas for improvement.

This research aimed to explore and closely examine authentic data regarding the experiences of the novice Afrikaans teacher’s identity construction process. The interpretive approach will give a voice to the participants and potentially acknowledge their unique experiences, making this study meaningful for the support of novice teachers and the advancement of their identity within the profession.

**Keywords: identity, professional identity, identity construction, individuation.**




© University of Pretoria

## Redigering

24 November 2024

Vir wie dit mag aangaan

Hiermee bevestig ek dat ek Annemiek du Toit (Venter) se MEd-verhandeling, **Die belewenis van identiteitkonstruksie deur die Afrikaansvaktaal beginneronderwyser**, geredigeer het.



Chrisna Nel

Tel: 083 460 6017

E-pos: chrisna7@gmail.com



© University of Pretoria

## Lys van afkortings

| | |
|---|---|
| HT | Huistaal |
| EAT | Eerste Addisionele Taal |



© University of Pretoria

## INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 ........................................................................................................16

SAADKEUSE ........................................................................................................16

1.1 AGTERGROND EN KONTEKS VAN DIE GEKOSE FENOMEEN .................... 16

1.1.1 AGTERGROND EN KONTEKS ........................................................................ 17

1.2 PROBLEEMSTELLING ................................................................................. 20

1.2.1 RASIONAAL EN MOTIVERING ....................................................................... 21

1.2.1.1 AKADEMIES ........................................................................................ 21

1.2.1.2 SOSIAAL ............................................................................................. 21

1.2.1.3 PERSOONLIK....................................................................................... 22

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE................................................................................ 22

1.4 NAVORSINGSVRAE..................................................................................... 22

1.5 WERKSDEFINISIE VAN KERNKONSEPTE.................................................... 23

1.5.1 IDENTITEIT ................................................................................................ 23

1.5.2 PERSOONLIKE IDENTITEIT ......................................................................... 23

1.5.3 PROFESSIONELE IDENTITEIT ...................................................................... 23

1.5.4 IN LOCO PARENTIS...................................................................................... 24

1.5.5 BEGINNERONDERWYSER ............................................................................ 24

1.5.6 IDENTITEITKONSTRUKSIE ........................................................................... 24

1.5.7 SELFREFLEKSIE ......................................................................................... 24

1.5.8 INDIVIDUASIE............................................................................................. 25

1.5.9 KOLLEKTIEWE VOORDEEL .......................................................................... 25

1.6 BEPERKINGS/MOONTLIKE LEEMTES EN AFBAKENING ............................ 25

1.6.1 AANNAMES ONDERLIGGEND AAN DIE STUDIE ............................................... 25

1.6.2 BEPERKINGS VAN DIE NAVORSING.............................................................. 26

1.6.3 AFBAKENINGS (OMVANG EN GRENSE) ......................................................... 27

1.7 ORGANISASIE VAN DIE VERHANDELING.................................................... 28

1.7.1 HOOFSTUK 2: DIE GRONDVOORBEREIDING.................................................. 28

1.7.2 HOOFSTUK 3: PLANT DIE SAAD.................................................................... 28

1.7.3 HOOFSTUK 4: VERSORGING VAN DIE SAAILING EN DIE GROEI EN ONTWIKKELING... 29

1.7.4 HOOFSTUK 5: VERTAKKING, UITDAGINGS EN VRUGDRA ................................ 29

1.8 SAMEVATTING ............................................................................................ 29



© University of Pretoria

HOOFSTUK 2 ....................................................................................31

GRONDVOORBEREIDING ....................................................................................31

2.1 INLEIDING .................................................................................... 31

2.2 VOORUITSIGTE VAN DIE LITERATUUROORSIG .................................................. 32

2.3 DIE ONDERWYSER AS WORTELHAARSTREEK .................................................. 34

2.3.1 DIE WORTELHAARSTREEK VAN DIE BEGINNERONDERWYSER .................................. 35

2.4 DIE WORTELMUSSIE EN GROEISTREEK VAN DIE ONDERWYSER ................................ 36

2.4.1 DIE MERISTEMATIESE STREEK VAN PERSOONLIKE IDENTITEIT .................................. 39

2.4.2 DIE SELVERLENGINGSTREEK VAN PROFESSIONELE IDENTITEIT ................................ 42

2.4.3 DIE BYKOMENDE FYNER WORTELHARE VAN IDENTITEIT ........................................ 49

2.4.4 DIE VOLWASSE STREEK VAN DIE WORTEL .................................................. 51

2.4.5 DIE LIT EN BLAARSKEDE VAN DIE BEGINNERONDERWYSER ...................................... 52

2.4.6 DIE BLAAR EN STINGEL AS BEGINNERONDERWYSER ............................................ 54

2.4.7 DIE STINGEL VAN DIE BEGINNERONDERWYSER .................................................. 54

2.4.8 DIE BLAAR AS IDENTITEITKONSTRUKSIEPROSES .................................................. 55

2.4.8.1. DIE BLOEISELS VAN NUWE BLARE .................................................. 56

2.4.9. DIE BLOMBODEM VAN DIE BEGINNERONDERWYSER .................................................. 58

2.4.10 DIE VRUGBEGINSEL VAN DIE BEGINNERONDERWYSER ........................................ 62

2.5 SAMEVATTING .................................................................................... 63

HOOFSTUK 3 ....................................................................................65

PLANT DIE SAAD ....................................................................................65

3.1 INLEIDING .................................................................................... 65

3.2 METODOLOGIESE BENADERING .................................................................... 66

3.2.1 DIE KONSEPTUELE RAAMWERK VAN DIE STUDIE .................................................. 68

3.3 DIE EPISTEMOLOGIE VAN DIE STUDIE .................................................. 70

3.3.1 KRITIESE INTERPRETIVISTIESE BENADERING .................................................. 71

3.4 DIE NAVORSINGSBENADERING .................................................................... 72

3.5 NAVORSINGSONTWERP .................................................................... 73

3.6 NAVORSINGSMETODE .................................................................... 75

3.7 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID .................................................................... 78

3.7.1 ANALISE VAN DIE STEEKPROEF SE DATA .................................................. 79

3.8 MOONTLIKE PROBLEME EN BEPERKINGS .................................................. 79



© University of Pretoria

3.9 ETIESE OORWEGINGS ........ 80
3.10 SAMEVATTING ........ 82

HOOFSTUK 4 ........ 83

VERSORGING VAN DIE SAAILING EN DIE GROEI EN ONTWIKKELING ........ 83
4.1 INLEIDING ........ 83
4.2 DATA-ANALISE, BEVINDINGE EN INTERPRETASIE VAN DATA ........ 84
4.2.1 VRAELYSANALISE ........ 84
4.2.1.1 DIE BIOGRAFIESE DATA VAN DEELNEMERS ........ 85
4.2.1.2 DIE PROFESSIONELE INLIGTING VAN DEELNEMERS ........ 86
4.2.2 DIE ANALISE EN BEVINDINGE VAN DIE SEMI-GESTRUKTUEERDE VRAELYSTE ........ 86
4.2.2.1 DIE DEFINISIE VAN PROFESSIONELE IDENTITEITKONSTRUKSIEPROSES VOLGENS DEELNEMERS ........ 87
4.2.2.2 DIE ROL EN INVLOED VAN MENTORS/ROLMODELLE/OUERS/VRIENDE/FAMILIE ........ 87
4.2.2.3 DIE DEFINISIE VAN IDENTITEITKONSTRUKSIE AS PROSES ........ 88
4.2.2.4 DIE EIENSKAPPE WAAROOR DEELNEMERS BESKIK OM DIE PROSES VAN IDENTITEITKONSTRUKSIE TE BENADER ........ 88
4.2.2.5 DIE POSITIEWE BELEWENISSE VAN DIE DEELNEMERS TYDENS DIE IDENTITEITKONSTRUKSIEPROSES ........ 89
4.2.2.6 DIE NEGATIEWE BELEWENISSE VAN DIE DEELNEMERS TYDENS DIE IDENTITEITKONSTRUKSIEPROSES ........ 89
4.2.2.7 DIE SWAKPUNTE VAN DIE DEELNEMERS ........ 90
4.2.2.8 DIE STERKPUNTE VAN DIE DEELNEMERS ........ 91
4.2.2.9 UITDAGINGS TYDENS DIE IDENTITEITKONSTRUKSIEPROSES ........ 91
4.2.2.10 DIE ADDISIONELE ROLLE VERVUL DEUR DIE DEELNEMERS ........ 92
4.2.3 DAPPER GESPREK ........ 92
4.2.4 PROMINENTE TEMAS VANUIT DIE VRAELYS EN DAPPER GESPREKKE ........ 106
4.2.4.1 DIE WORTELHAARSTREEK VAN DIE DEELNEMERS ........ 108
4.2.4.2 DIE WORTELMUSSIE EN GROEISTREEK VAN DIE DEELNEMERS ........ 110
4.2.4.3 MERISTEMATIESE EN SELVERLENGINGSTREEK VAN DIE DEELNEMERS ........ 111
4.2.5.1 DIE MERISTEMATIESE STREEK VAN DIE DEELNEMERS ........ 112
4.2.5.2. DIE SELVERLENGINGSTREEK ........ 113
4.2.5.3 DIE WORTELHARE VAN DIE DEELNEMERS ........ 116


© University of Pretoria

4.2.5.4 DIE VOLWASSE STREEK, INSLUITEND DIE LIT EN BLAARSKEDE VAN DIE DEELNEMERS ........ 119
4.2.5.5 DIE BLAAR, STINGEL, BLOEISELS VAN DIE DEELNEMERS ........ 121
4.2.5.5.1. ANALISE VAN ELK VAN DIE DEELNEMERS SE STERKPUNTE ........ 122
4.2.5.5.2. ANALISE VAN DIE DEELNEMERS SE SWAKPUNTE EN BEDREIGINGS ........ 124
4.2.5.5.3. DEELNEMERS SE UITDAGINGS ........ 125
4.2.5.6 DIE BLOMBODEM VAN DIE DEELNEMERS ........ 127
4.2.5.7 DIE VRUGBEGINSEL VAN DIE DEELNEMERS ........ 129
4.3 SAMEVATTING ........ 130

HOOFSTUK 5 ........ 133

VERTAKKING, UITDAGINGS EN VRUGDRA ........ 133
5.1 INLEIDING ........ 133
5.2 OPSOMMING VAN BEVINDINGE ........ 135
5.3 NAVORSINGSVRAE ONDER DIE VERGROOTGLAS ........ 140
5.4 BYDRAES TOT KENNISVELD ........ 143
5.5 BEPERKINGS EN LEEMTES ........ 144
5.6 MOONTLIKHEDE VIR VERDERE NAVORSING ........ 145
5.7 GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING ........ 146
5.8 SLOTSOM ........ 147
BRONNELYS ........ 149

ADDENDUM A ........ 157
VRAELYS ........ 157
DAPPER GESPREK SE SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD ........ 168



© University of Pretoria

## Lys van figure/Illustrasies

| | |
|---|---|
| Figuur 2.1 | Die uitwendige bou van die plant |
| Figuur 3.1 | Die konseptuele raamwerk (Gebaseer en aangepas vanaf Beauchamp & Thomas (2006) se konseptualisering oor die onderwyser se identiteit) |
| Figuur 4.1 | Biografiese data |
| Figuur 4.2 | Vakverwante en professionele ervaring |
| Figuur 4.3 | Deelnemer A: opsommende data vanuit dapper gesprekke |
| Figuur 4.4 | Deelnemer B: opsommende data vanuit dapper gesprekke |
| Figuur 4.5 | Deelnemer C: opsommende data vanuit dapper gesprekke |
| Figuur 4.6 | Deelnemer X: opsommende data vanuit dapper gesprekke |
| Figuur 4.7 | Deelnemer Y: opsommende data vanuit dapper gesprekke |
| Figuur 4.8 | Temas uit die dapper gesprekke |
| Figuur 4.9 | Deelnemer C se narratief – Sisyphus |
| Figuur 4.10 | Deelnemer X se narratief – CD-omhulsel |
| Figuur 4.11 | Deelnemer Y uittreksel uit haar narratief |



© University of Pretoria

## Lys van scenario's


| | |
|---|---|
| Scenario 2.1 | 36 – 38 |
| Scenario 2.2 | 39 - 41 |




© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1

# SAADKEUSE

Vir die doel van hierdie studie word plantmetafore gebruik om verskeie afdelings en subafdelings te begelei. Elke hoofstuk kan beskou word as ’n fase in die groei van ’n plant. Hierdie metafoor beklemtoon die organiese en interafhanklike aard van die navorsingsproses, en hoe elke deel bydra tot die sukses van die geheel. Dit beklemtoon ook die dinamiese aard van die navorsingsproses en vereis aanpassing en groei, wat weerspieël word in die voortdurende ontwikkeling van die hoofstukke.

Die eerste hoofstuk kan vergelyk word met die saad wat geplant word en wat die grondslag lê vir die hele navorsing. Soos die plant groei en ontwikkel, so ontwikkel die navorsing deur die verskillende hoofstukke, elkeen bou voort op die vorige een. Die navorsing groei en ontwikkel vanaf die grondslag wat in die eerste hoofstuk gelê word, net soos ’n saad, sodra dit geplant is, sy groeireis begin en uiteindelik in ’n florerende plant ontwikkel. Soos ’n tuinier die grond voorberei en die groeiseisoen beplan, berei ek voor deur die navorsingsprobleem te definieer, navorsingsdoelwitte te stel en verwagte uitkomste te voorspel, wat verseker dat die studie op koers bly.

## 1.1 AGTERGROND EN KONTEKS VAN DIE GEKOSE FENOMEEN

Identiteit is ’n persoon en ander partye se konseptualisering oor wie die individu is en waartoe daardie spesifieke individu in staat is, asook hul verwantskap met spesifieke individue (Arber et al., 2014). Identiteit is ’n komplekse en breë konsep wat, soos tyd verloop, aangepas en meer in diepte gedefinieer kan word deur persone self, tydens die proses van selfrefleksie (Williams, 2013). Ek is van die opinie dat soos wat ons onsself leer ken, pas ons die konsep van identiteit aan soos ons nuwe vaardighede aanleer en sosiaal verkeer,


© University of Pretoria

byvoorbeeld sosiale interaksie met kollegas, vriende en familie. My hoofdoel vir die gekose studie is om aan te dui dat identiteit, ongeag jou beroep, dinamies van aard is en ’n direkte invloed het op ’n persoon se professionele identiteit.

Met hierdie navorsing wil ek graag fokus plaas op elke individu se unieke identiteit, sowel die identiteitkonstruksieproses. In hierdie studie word die klem geplaas op professionele identiteit onder beginner-Afrikaansonderwysers. Die konsep *professionele identiteit* kan omskryf word as die selfpersepsie oor die rolle wat jy moontlik in jou beroep vervul (Arber et al., 2014). Professionele identiteit word deur verskeie faktore binne en buite die klaskamer beïnvloed. Faktore wat ons perspektiewe van identiteit binne die klaskamerkonteks beïnvloed, is onder andere sosio-ekonomiese status, geloof, waardes en oortuigings (Arber et al., 2014). Faktore wat ons identiteit van buite die klaskamer beïnvloed, is byvoorbeeld hoe suksesvol die individue dink hulle is, eienskappe waaroor suksesvolle onderwysers beskik en leerders se perspektief van die onderwysers.

My persoonlike reis tot beroepsidentiteitsontdekking het ’n enorme impak gehad op my besluit om my MEd-graad te voltooi. As beginner-Afrikaansonderwyser is beroepsidentiteitsontdekking ’n reis wat ek moes aanpak om my persoonlike en professionele identiteit langs die pad te ontdek en te ontwikkel. Met hierdie navorsing beoog ek om die beginner-Afrikaansonderwyser se belewenis van die identiteitkonstruksieproses te ondersoek en die faktore te bepaal wat ‘n bydrae tot hierdie proses lewer.

### 1.1.1 Agtergrond en konteks

Soos reeds genoem in die voorafgaande paragrawe word identiteit beskou as ’n komplekse, dinamiese proses wat in twee kategorieë verdeel kan word, naamlik professionele identiteit en/of persoonlike identiteit. Arber et al. (2014) noem ook dat die konsep *identiteit* dinamies van aard is en bevestig dat identiteitskepping – of identiteitkonstruksie – ’n komplekse proses is wat met


© University of Pretoria

veelvoudige rolle gevul is. Voorts is skrywers (Arber et al. 2014; Titu, 2019) van mening dat onderwysers se identiteitsvorming en die konstruksie hiervan, direk verband hou met die bou van verhoudings met leerders en kollegas tydens sosiale interaksies.

Volgens Titu (2019) is dit van kardinale belang om alle onderwysers in te lig oor die kompleksiteit van identiteit en hoe pedagogiese verskille en vorige ervarings bydra tot die konstruksie hiervan. Wanneer die proses deur die onderwyser begryp word, is dit veel makliker om uitdagings in die werksplek te trotseer (Titu, 2019). Ek glo dat ek deur hierdie studie ’n beter begrip van die identiteitkonstruksieproses sal hê en daardeur ’n beoogde waardevolle bydrae kan lewer tot belewenis van die beginneronderwyser se soektog na hul eie beroepsidentiteit.

Walker (2021) definieer identiteit as die selfpersepsie oor die rolle wat die individu daagliks behoort te behartig, soos byvoorbeeld dogter/seun, moeder/vader, oppasser, liefdesmaat en nog vele meer. Dit kan in ’n wye verskeidenheid kontekste plaasvind, byvoorbeeld by die huis, in die kar, in die inkopiesentrum en besoeke by vriende/vriendinne/familie.

Weran en Kuswandono (2022) onderskei tussen persoonlike identiteit en professionele identiteit. Volgens hulle is persoonlike en professionele identiteit interafhanklik. Vir die doel van hierdie studie val die klem op die professionele identiteit van die beginner-Afrikaansonderwyser. Foster en Foster (2023) lê klem daarop dat professionele identiteit – soos ook persoonlike identitiet – kompleks en dinamies is, maar dat die fokus eerder val op die onderwyser se bewustheid van die professionele self, hul doel as professionele opvoeder en fasiliteerder, en hul eie waardes, oortuigings en geloof in die professionele omgewing. Volgens Foster en Foster (2023) behels die professionele identiteit van die onderwyser ook hul waardes, oortuigings en perspektiewe met betrekking tot die onderrig van leerders en hoe om die proses van leer te laat geskied.


© University of Pretoria

Korth en Hall-Kenyon (2009) definieer ’n onderwyser as ’n professioneel opgeleide individu (manlik/vroulik) wat onderrig verskaf/behartig en vaardighede in die onderwyskonteks ontwikkel. Chauhan (2015) noem dat die beroep as onderwyser nie lukraak gekies behoort te word nie, aangesien hierdie beroep veeleisend is en meervoudige verantwoordelikheid behels. Vanuit my persoonlike ervaring is die werkslading van die beginneronderwyser enorm, asook die verwagtinge binne die nuwe werksomgewing as vakspesialis, fasiliteerder van kennis en die koördinering en deelname van buitemuurse aktiwiteite. Vir die doel van hierdie studie word daar klem geplaas op die beginneronderwyser wat Afrikaans as skoolvak in sekondêre skole onderrig.

Die beginneronderwyser word beskou as die onderwyser (manlik/vroulik) wat beskik oor werkservaring wat wissel tussen een tot vyf jaar (Reddy, 2018). Vervolgens is die beginneronderwyser ’n individu wat die onderwyssektor moontlik tussen die ouderdom van 22-27 jaar betree. Hierdie beginneronderwyser is minder ervare in praktiese ervaring, maar beskik oor verrykende vaardighede om groei te bewerkstellig. In hoofstuk 2, afdeling 2.3.1 word uitgebrei oor die beginneronderwyser.

Botha en Rens (2018) beklemtoon die volgende aangaande beginneronderwysers (Afrikaans) se ervaring in die onderwys:

- Beginneronderwysers betree die onderwys as voltydse werknemers.
- Daar word onder beginneronderwysers die verwagting geskep dat die beginneronderwyser reeds algeheel bevoeg en ontwikkel behoort te wees voordat die onderwys voltyds betree word.
- Beginneronderwysers vertrou dat hulle reeds voldoende kennis en ervaring opgedoen het tydens hul studies, hierdie illusie word dan afgebreek sodra die beginneronderwyser kennis maak met alle rolle en verwagtinge wat vir die voltydse onderwyser daargestel word.
- Beginneronderwysers besef deur die loop van hul loopbaan as onderwyser dat daar ’n enorme gaping is tussen die teorie en die praktyk


© University of Pretoria

van onderwys. Hierdie realistiese benadering tot die onderwys veroorsaak dat die onderwyser hulself dan isoleer en hul professionele en persoonlike identiteit bevraagteken.

- Die beginneronderwyser wat die identiteit bevraagteken, gaan moontlik een van twee aksies uitvoer: a) vanuit die onderwys bedank of b) verdere ondersoek instel om "die self" in die onderwyser se professionele hoedanigheid te ontdek (Botha & Rens, 2018).

Titu (2019) benadruk die belangrikheid daarvan om onderwysers bewus te maak van die kompleksiteit van identiteit en hoe pedagogiese verskille en vorige ervarings dit vorm. Deur hierdie begrip word dit makliker om werkplekuitdagings te hanteer. Hierdie studie sal my help om identiteitkonstruksie beter te verstaan en 'n verdere bydrae te maak tot beginneronderwysers se soeke na hul beroepsidentiteit.

'n Voorlopige literatuurondersoek toon dat breedvoerige navorsing beskikbaar is met betrekking tot identiteit, identiteitkonstruksie en professionele identiteit, maar dat daar min literatuur met betrekking tot die beginner-Afrikaansonderwyser in die besonder bestaan, soos breedvoerig in hoofstuk 2 bespreek sal word. Hierdie navorsing poog voorts om die leemte aan te vul deur spesifiek die beginner-Afrikaansonderwyser se identiteitskonstruksieproses onder die loep te neem.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Ten spyte van uitgebreide aanvanklike onderwyseropleidingsprogramme ondervind baie beginneronderwysers in Suid-Afrika beduidende uitdagings in die konstruksie van hul professionele identiteit. Hierdie uitdagings word dikwels vererger deur die oorgang van teoretiese opleiding na praktiese klaskameromgewings, waar beginneronderwysers komplekse sosio-ekonomiese en institusionele dinamika moet navigeer. Bestaande navorsing beklemtoon 'n gaping in die begrip van hoe hierdie vroeë loopbaanervarings


© University of Pretoria

die professionele identiteite van beginneronderwysers vorm en beïnvloed. Om hierdie gaping aan te spreek, is dit noodsaaklik om die faktore te bepaal wat bydra tot die professionele groei en behoud van nuwe Afrikaansonderwysers in die onderwysstelsel.

### 1.2.1 Rasionaal en motivering

Die rasionaal vir hierdie studie is om die uitdagings wat beginneronderwysers in Suid-Afrika ondervind in die konstruksie van hul professionele identiteit te ondersoek en bekend te stel. Die motivering vir hierdie studie spruit uit ’n persoonlike belangstelling in die professie van onderwys en ’n professionele doelwit om by te dra tot die verbetering en bevordering van onderwyserondersteuningstelsels. Deur hierdie navorsing poog ek verder om ’n positiewe impak te laat op die behoud en professionele groei van beginneronderwysers in Suid-Afrika.

#### 1.2.1.1 Akademies

Hierdie navorsingstudie poog om by te dra tot die Afrikaanse studieveld, asook die studieveld aangaande identiteit. Soos in Hoofstuk 2 sal blyk, is daar ’n gaping betreffende die identiteitkonstruksieproses van Afrikaansonderwysers en oor die beginneronderwyser se belewenis oor identiteitkonstruksie.

#### 1.2.1.2 Sosiaal

Hierdie navorsingstudie poog om die deelnemers toe te laat om te reflekteer in verband met hul professionele identiteit, hoe hierdie identiteit tot stand gebring is, die proses wat hiermee gepaard gaan en die effek op toekomstige professionele groei in die deelnemers se identiteit.


© University of Pretoria

#### 1.2.1.3 Persoonlik

Hierdie navorsingstudie sal vir my duidelikheid en perspektief bied aangaande my eie belewenis/se en ervaring as beginner-Afrikaansonderwyser.

## 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die hoofdoel van hierdie studie is om die uitdagings en ervarings van beginner-Afrikaansonderwysers met betrekking tot die konstruksie van hul professionele identiteit te ondersoek. Die studie poog om insigte te verkry oor die faktore wat die professionele identiteitsvorming positief of negatief beïnvloed.

## 1.4 NAVORSINGSVRAE

Navorsingsvrae is van belang, aangesien dit die studie se literatuurstudie, metodologie, metodologiese benadering, steekproef en populasie bepaal. Navorsingsvrae rig dus die navorsingsproses (Maree, 2019). Hierdie studie het ’n primêre en ’n sekondêre navorsingsvraag.

Die primêre navorsingsvraag is:

A. Hoe beleef die beginner-Afrikaansonderwyser die proses van identiteitkonstruksie?

Die sekondêre navorsingsvraag is:

B. Hoe beïnvloed jou belewenis van jou identiteitkonstruksie jou professionele identiteit?


© University of Pretoria

## 1.5 WERKSDEFINISIE VAN KERNKONSEPTE

Vir die doel van hierdie studie word sekere kernkonsepte soos volg gedefinieer om die grondslag te lê vir deursigtige, geloofwaardige en betekenisvolle navorsing:

### 1.5.1 Identiteit

Identiteit as sodanig word beskou as 'n kernfaktor van menslike sielkunde. Identiteit is die karaktereienskappe, selfpersepsie en oortuigings waaroor die individu beskik – persoonlik en/of professioneel (Walker, 2021). Daar word 'n onderskeid getref tussen professionele en/of persoonlike identiteit (Walker, 2021).

### 1.5.2 Persoonlike identiteit

Walker (2021) definieer persoonlike identiteit as die selfpersepsie oor die rolle wat die individu behoort te beklee op 'n daaglikse basis. Persoonlike identiteit kan verder omskryf word as die proses waardeur die individu identiteit volgens verskeie interaksies in sosiale situasies in sy/haar persoonlike roetine, soos gesprekke met familie, vriende en kinders, formuleer (Walker, 2021).

### 1.5.3 Professionele identiteit

Professionele identiteit word gevorm deur die individu se onderrig en verdere opleiding, die individu se professionele rolle en verpligtinge soos vereis deur die werknemer/beroep, die individu se mentors en rolmodelle, wat dan 'n uitwerking het op die individu se konstruksie en begrip van sy/haar professionele identiteit. Volgens Foster en Foster (2023) is professionele identiteit kompleks en dinamies, maar gefokus op die onderwyser se bewustheid van die self, hul doel as professionele opvoeder en fasiliteerder, sowel as hul eie waardes, oortuigings en geloof (Foster en Foster, 2023).


© University of Pretoria

### 1.5.4 In loco parentis

Een rol wat die onderwyser ten alle tye behoort te beklee, is bekend as "in die plek van die ouer" of *in loco parentis*. Mohammed et al. (2014) beklemtoon dat *in loco parentis* as regsbindend beskou word en staaf dat die onderwyser sekere rolle en verantwoordelikhede van die ouer aanneem tydens skoolure.

### 1.5.5 Beginneronderwyser

Die beginneronderwyser word beskou as enige onderwyser (manlik/vroulik) wat die onderwyssektor betree, met werkservaring wat wissel tussen een tot vyf jaar en/of tussen die ouderdom van 22 en 27 is (Reddy, 2018).

### 1.5.6 Identiteitkonstruksie

Volgens Titu (2019) is identiteitkonstruksie die proses waardeur die individu sy/haar identiteit konstrueer, ongeag of dit die individu se persoonlike of professionele identiteit is. Hierdie proses behels wel die ontleding van die individu se vaardighede, sterkpunte, swakpunte, geleenthede, bedreigings, geloof en waardes (Titu, 2019).

### 1.5.7 Selfrefleksie

Toole en Louis (2002) meen selfrefleksie is die sleutel tot deurlopende aanpasbaarheid van die onderwyser wat kan bydra tot 'n positiewe belewenis van die herontwikkeling van die identiteit, waar sterkpunte, swakpunte, geleenthede en moontlike bedreigings deur die individu geïdentifiseer word om groei te bewerkstellig.


© University of Pretoria

### 1.5.8 Individuasie

Ladkin et al. (2018) beskryf die individuasieproses as die proses wat plaasvind wanneer die individu smag om sy/haar volle potensiaal te bereik en nuwe maniere vind om "die bekende" en "onbekende" (die individu se nabye gemeenskap/samelewing) te ondersoek. Die individuasieproses behels ongemaklike soeke na "die self" (Ladkin et al., 2018).

### 1.5.9 Kollektiewe voordeel

Die kollektiewe verwys na die voordeel van die gemeenskap as geheel. Vir die doel van hierdie studie verteenwoordig die skoolgemeenskap die kollektief. Dit is belangrik dat die onderwyser hom-/haarself wil verbeter tot die kollektiewe ontwikkeling van die konteks waarin hy/sy hom-/haarself bevind. Die sfere ter sake vir die kollektiewe ontwikkeling van die onderwyser, sluit in professionele, sosiale, akademiese, kulturele en geestelike welstand (Ladkin et al., 2018).

## 1.6 BEPERKINGS/MOONTLIKE LEEMTES EN AFBAKENING

### 1.6.1 Aannames onderliggend aan die studie

Na aanleiding van die komplekse aard van identiteitstudies en studies wat handel oor die proses van identiteitkonstruksie is daar die volgende vooruitskatting met betrekking tot my bevindinge:

a) Dat die oorhoofse meerderheid van die deelnemers slegs positiewe ervarings van hul belewenis as beginner-Afrikaansonderwyser en hoe hulle die identiteitkonstruksieproses beleef, sou deel.
b) Dat die deelnemers elkeen beskik oor sterkpunte en swakpunte en hierdie punte eerlik sal staaf.


© University of Pretoria

c) Dat dit narratiewe kreatiewe weerspieëlings van die persoon se belewenis van die identiteitkonstruksieproses sal wees.
d) Dat die dapper gesprekke sal lei tot unieke en insiggewende data vanuit elke deelnemer se narratief, sowel as hul vraelys se antwoorde.
e) Dat die deelnemers deurlopend oor hul beroepsreis, professionele identiteit en hul professionele identiteitkonstruksieproses sal reflekteer.

### 1.6.2 Beperkings van die navorsing

In die beplanning en uitvoering van navorsing sal dit van belang wees om in ag te neem dat die navorser verskeie aspekte met betrekking tot die etiese implikasies van die navorsing in gedagte moet hou (Cresswell & Cresswell, 2014).

Die volgende beperkings kan ’n beduidende rol speel:

a) Respondente moet vrywillig instem en glad nie geforseer/verplig voel om aan die studie deel te neem nie (Maree, 2019).

b) Privaatheid en vertroulikheid (anonimiteit) is baie belangrik en respondente moet gevrywaar word van die onthulling van hul identiteit (Maree, 2019).

c) Die navorser moet in ag neem dat die gekose studie ’n positiewe of selfs negatiewe uitwerking op die lesers en/of respondente sal hê (Maree, 2019).

d) Die navorser moet die toegang tot respondente en die hoeveelheid respondente beskikbaar, in ag neem. In hierdie studie is ’n spesifieke demografie van onderwysers ter sake wat moontlik ’n invloed op die hoeveelheid en toegang tot respondente gehad het (Maree, 2019).

e) Aangesien die respondente hul sienings aan die navorser sal openbaar, impliseer subjektiewe data die respondente se persoonlike perspektiewe, opinies en/of houdings teenoor ’n sekere onderwerp, wat dan tematies aan die leser/s deurgegee word (Maree, 2019).


© University of Pretoria

f) Objektiwiteit is nie moontlik nie, weens die komplekse en subjektiewe aard van die fenomeen wat bestudeer/nagevors word (Maree, 2019).

g) Literatuur insake die Afrikaansonderwysers se belewenis van identiteitkonstruksie is beperk.

h) Die interpretivistiese aard van die studie beperk die sienswyse waarop data moontlik geanaliseer kan word (Schwartz-Shea & Yanow, 2012).

Die bostaande veronderstelde beperkings en leemstes word in meer besonderhede aangespreek deur die literatuurstudie (hoofstuk 2), die uiteensetting van die navorsingsmetodologie (hoofstuk 3) en die bespreking van die data en resultate (hoofstuk 4).

### 1.6.3 Afbakenings (omvang en grense)

Vir die doel van die studie is die kollig geplaas op die beginner-Afrikaansonderwyser in sekondêre skole in die omgewing van Pretoria (Tswhane-Noord). Die personeel waaroor daar ondersoek ingestel is met betrekking tot die belewenis van hul identiteitkonstruksie, is Afrikaansonderwysers – Huistaal of Eerste Addisionele Taal. Hierdie beginner-Afrikaansonderwyser moet voldoen aan die kriteria. Die kriteria aan hulle gestel om 'n geskikte kandidaat vir die studie te wees, sluit in:

- Die kandidaat moet 'n beginneronderwyser wees, met beroepservaring wat wissel tussen een en vyf jaar.
- Die kandidaat moet Afrikaans as skoolvak (HT of EAT) aanbied.

Plaaslike skole in 'n 20 kilometer radius van Pretoria is genader om die semi-gestruktureerde vraelys en dapper gesprek te voltooi. Die deelnemers is gevra om 'n semi-gestruktureerde vraelys (sien hoofstuk 3, afdeling 3.5.) te voltooi en daaropvolgend sal 'n dapper gesprek geskied om die vraelys se antwoorde vanaf deelnemers te bevestig, aan te vul en tot dieper insig te kom ten opsigte


© University of Pretoria

van die deelnemers se onderskeie belewenisse van hul identiteitkonstruksieprosesse as beginner- Afrikaansonderwysers. Daar word klem geplaas op die beginner- Afrikaansonderwyser, aangesien die navorser juis hierdie populasie se belewenisse onder die vergrootglas wil plaas in die hoop om deur hierdie studie die klaarblyklike gaping in die literatuur, soos in Hoofstuk 2 uiteengesit, aan te vul.

## 1.7 ORGANISASIE VAN DIE VERHANDELING

Hieronder volg ’n uiteensetting van die hoofstukke sodat hierdie navorsingsverslag, logies en georganiseerd benader word. Ek benadruk graag die belang daarvan dat die navorsingsfokus op die beginner-Afrikaansonderwyser val. Die hoofstukke word soos volg uiteengesit:

### 1.7.1 Hoofstuk 2: Die grondvoorbereiding

Hierdie hoofstuk sal hoofsaaklik fokus op die literatuur relevant tot die gekose studie. Die literatuuroorsig sal ook die geleentheid bied om die eersgenoemde kernkonsepte na aanleiding van die akademie verder te bespreek.

### 1.7.2 Hoofstuk 3: Plant die saad

In hierdie hoofstuk word daar hoofsaaklik klem geplaas op die navorsingsbenadering, metodologie en die navorsingsontwerp. Die leser sal in hierdie hoofstuk ’n volledige bespreking van die kwalitatiewe benadering, die metodologie en metodologiese benadering ter sake vind. Hierdie hoofstuk behels ook die bespreking van die navorsingsontwerp.


© University of Pretoria

### 1.7.3 Hoofstuk 4: Versorging van die saailing en die groei en ontwikkeling

In hierdie hoofstuk word die leser ingelig oor die bevindinge wat tydens die gekose studie daargestel kan word. Hierdie hoofstuk sluit hoofsaaklik aan by die navorsingsvrae en die fokus en doel van die studie. Die bevindinge en aanbevelings is nie in isolasie geplaas nie, maar wel in ag geneem saam met die navorsingsvraag.

### 1.7.4 Hoofstuk 5: Vertakking, uitdagings en vrugdra

In hierdie hoofstuk sal ek poog om die resultate bondig saam te vat vir die leser/s, sodat die navorsingsvraag beantwoord kan word. Hierdie hoofstuk sluit aan by Hoofstuk 1 en sal die literatuurstudie en die data óf bevestig óf afkeur.

## 1.8 SAMEVATTING

Die studie fokus op die belewenisse van die beginner-Afrikaansonderwyser se identiteitkonstruksieproses en hoe hierdie prosesse hul professionele identiteit en groei beïnvloed. Soos onderwys aanpas by die eise van ’n vinnig veranderende wêreld, is dit belangrik om gehoor te gee aan die onderwysers se belewenisse van die identiteitkonstruksieproses. Dit is ook noodsaaklik om die uitdagings en sterkpunte wat beginneronderwysers ervaar, te erken en te verstaan. Die veeleisende beroep as onderwyser/onderwyseres dra reeds by tot hoe die individu die identiteitkonstruksieproses benader in sy/haar professionele hoedanigheid. Deur klem te plaas op die beginner-Afrikaansonderwyser se belewenis van die identiteitkonstruksieproses, bewerkstellig ek die proses van selfrefleksie by elkeen van die deelnemers – wat uiters belangrik is vir professionele ontwikkeling en om areas vir verbetering uit te lig.


© University of Pretoria

Hierdie navorsing poog om die outentieke data wat verkry is vanuit die belewenisse van die beginner-Afrikaansonderwyser se identiteitkonstruksieproses te ondersoek en onder die vergrootglas te plaas. Die interpretavistiese benadering sal ’n stem gee aan die deelnemers en moontlik hul unieke belewenisse erken, wat hierdie studie betekenisvol maak vir die ondersteuning van beginneronderwysers en die bevordering van hul identiteit binne die beroep.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2

# GRONDVOORBEREIDING

Die voorbereiding van die grond verseker dat die saad die beste omgewing het om te groei. Net so verskaf ’n literatuuroorsig die agtergrond en konteks, wat verseker dat jou navorsing gegrond is in bestaande kennis en teorieë.

## 2.1 INLEIDING

Die literatuuroorsig behels die akademiese bronne en feitlike akademiese navorsing rakende ’n navorser se gekose fenomeen (Maree, 2016). ’n Literatuuroorsig bied die navorser en potensiële leser/s die geleentheid om met insiggewende akademiese bronne, betreffende die studie se fenomeen, kennis te maak. Die literatuur wat in die literatuuroorsig daargestel word, verskaf ’n omvattende akademiese narratief van die fenomeen en staaf die prominente fasette hiervan (Maree, 2019). Dit is van belang om ’n literatuuroorsig daar te stel, sodat die navorser ander navorsers se hipotese kan ondersteun of selfs daarvan kan verskil (Maree, 2019).

In hierdie literatuuroorsig beoog ek om beskikbare literatuur wat die fenomeen, *Die belewenis van identiteitkonstruksie deur die Afrikaansvaktaal beginneronderwyser*, ondersoek, te verteenwoordig sover as wat dit moontlik is met die bronne en hulpbronne tot my beskikking. Die fundamentele of prominente teorieë en konsepte sal aan die bod kom (Maree, 2016), waarna ander relevante studies ook tydens die navorsingsproses in ag geneem sal word. Daarvolgens sal die tekortkominge oor die fenomeen in die akademiese literatuur geïdentifiseer word sodat leemtes uitgewys en moontlik gevul kan word (Maree, 2016). Die gekose fenomeen se literatuurstudie volg ’n



© University of Pretoria

deduktiewe wyse. Vervolgens word die vooruitsigte van die studie se literatuuroorsig uiteengesit.

## 2.2 VOORUITSIGTE VAN DIE LITERATUUROORSIG

Hierdie literatuuroorsig word deur middel van ’n plantmetafoor voorgestel. Elke afdeling of te wel aspekte/komponente van die literatuurstudie met betrekking tot die fenomeen, word met die uitwendige bou van ’n plant vergelyk.

Waarom die uitwendige bou van ’n plant as hulpmiddel vir die literatuuroorsig?




***Figuur 2.1 Die uitwendige bou van ’n plant***

Vir my verteenwoordig die plant ’n stukkie hoop – daar waar daar wortels is, is waar die moontlikheid van lewe/groei nog bestaan. Die plant, net soos identiteit, pas aan as gevolg van weersomstandighede en seisoene (konteks,


© University of Pretoria

gemeenskap, rolle, verwagtinge, druk by die werk/huis, stres) en blom weer elke jaar tydens die seisoen waarvoor die plant geakklimatiseer is.

'n Plant word nie altyd groter nie, maar skiet wel saadjies/wortels. In 'n vetplant se geval, kan mens steggies gebruik om amper soveel vetplante te kweek dat die woestyn oorgeneem word deur die vetplant.

Plante het die vermoë om deur middel van hul wortels, sywortels en wortelhaarstreek vitamines, water en minerale te absorbeer. So is die mens ook vatbaar om hul identiteit aan te pas en te ontwikkel na aanleiding van hul omstandighede, geloof, waardes, oortuigings, belewenisse en so meer. Dit is egter belangrik om te onthou dat al is die blare/blomme van die plant vrot/dood, kan die wortels nog sorg dat die plant weer groei, omdat nutriënte, vitamines en proteïene deur die plant deur middel van water gelei word.

Die plant is volgens my, dus 'n gepaste metafoor om te gebruik vir die fenomeen se literatuurstudie.

Die chronologie van die literatuuroorsig is logies en gefokus. Die literatuuroorsig sal die volgende aspekte/komponente aanspreek om die gekose fenomeen beter te kan verstaan:

a. Die onderwyser – die wortelhaarstreek

b. Identiteit – die wortelmussie, groeistreek en wortelhare

c. Identiteitkonstruksie – die blaar en stingel

d. Die individuasieproses – die blombodem

e. Kollektiewe voordeel – die vrugbeginsel

Elk van die bogenoemde komponente/aspekte sal uit subafdelings bestaan om genoegsame literatuur oor die fenomeen, *Die belewenis van identiteitkonstruksie deur die Afrikaansvaktaal beginneronderwyser*, voor te lê.


© University of Pretoria

## 2.3 Die onderwyser as wortelhaarstreek

Die wortelhaarstreek is waar die wortels van die plant hulself posisioneer. Hierdie streek absorbeer die water en opgeloste mineraalsoute vanuit die grond. Die lewensduur van ’n wortelhaar is uiteraard kort aangesien nuwe wortels op ’n gereelde basis groei (Van Zyl et al., 1997). Die wortelhaarstreek is verteenwoordigend van die onderwyser aangesien die onderwyser ook belewenisse en ervarings absorbeer om hulself toe te laat om so ook nuwe wortels te vorm. Elke ervaring en/of belewenis is van korte duur, maar die gevolge hiervan laat toe dat die onderwyser voortaan verbeter en groei.

Volgens Korth en Hall-Kenyon (2009) word ’n onderwyser gedefinieer as die geskoolde individu (manlik/vroulik) wat pre-primêre, primêre en sekondêre onderrig uitvoer en vaardighede in die onderwyskonteks ontwikkel. Chauhan (2015) meld dat die onderwysberoep nie lukraak gekies behoort te word nie, aangesien hierdie beroep veeleisend is. Die onderwys verg nie net van die onderwyser om te dien as fasiliteerder van kennis nie, of selfs slegs toetse op te stel nie, maar ook om as moederlike/vaderlike figuur te dien en sy/haar persoonlike lewe op te offer vir die afrigting van leerders/ander buitemuurse aktiwiteite. Hier meld Chauhan (2015) ook dat die onderwyser gereeld probeer om kritiese denke te bevorder, maar ook leerders op die lang duur te inspireer om hul eie potensiaal raak te sien en ten volle te benut. Onderwysers beoog om insiggewende leerervarings in die klaskamer te bewerkstellig (Korth & Hall-Kenyon, 2009). In hierdie studie sal daar onderskeid getref word tussen die ervare en beginneronderwyser, maar vir die doeleindes van hierdie studie word daar klem geplaas op die beginneronderwyser van Afrikaans as vaktaal. Daar word nie gefokus op ’n spesifieke gender nie, dus kon enige beginner-Afrikaansonderwyser aan die navorsing deelneem.


© University of Pretoria

### 2.3.1 Die wortelhaarstreek van die beginneronderwyser

Die wortelhaarstreek is nie net ’n plek waar wortels groei nie, maar waar water, minerale en vitamines deur die wortels geabsorbeer word. Die belewenisse en ervarings is die onderwyser se water, minerale en vitamines en soos voorheen genoem in afdeling 2.3 is dit wat groei toelaat – maar nie net enige groei nie, groei en ontwikkeling van die identiteit van die onderwyser.

Walker (2021) beskou identiteit as ’n kernfaktor van menslike sielkunde. Soos reeds in afdeling 1.5.2 genoem, kan persoonlike identiteit omskryf word as die proses waardeur die individu identiteit volgens verskeie interaksies in sosiale situasies, soos gesprekke met familie, vriende en kinders, formuleer (Walker, 2021). Identiteit kan verdeel word in professionele en/of persoonlike identiteit. Persoonlike en professionele identiteit is interafhanklik, maar vir die gekose studie word daar klem geplaas op die professionele identiteit van die beginner-Afrikaansonderwyser.

Volgens Reddy (2018) kan die beginneronderwyser beskou word as enige onderwyser (manlik/vroulik) wat die onderwyssektor betree, met werkservaring wat wissel van een tot vyf jaar en/of tussen die ouderdom van 22 en 27 is. Vir ’n onderwyser om te kwalifiseer as ’n beginneronderwyser moet daardie spesifieke individu volgens Reddy (2018) oor die nodige kwalifikasies beskik, byvoorbeeld ’n onderwyssertifikaat en/of ’n diploma of graad in die onderwys vanaf ’n tersiêre instansie (kollege of universiteit). Hoewel eersgenoemde kwalifikasies daarop dui dat die onderwyser bevoeg is, word die beginneronderwyser se bevoegdheid steeds bevraagteken, nie net deur die samelewing nie, maar ook deur die onderwyser self (Reddy, 2018). Vir die doel van die beoogde studie sal Reddy (2018) se beskouing van die beginneronderwyser van toepassing wees.

Teenoor die beginneronderwyser staan die ervare onderwyser. Na aanleiding van Samsudin et al. (2021) se navorsing beskik die ervare onderwyser oor ’n groter aantal jare ervaring in die veld van die onderwys. ’n Onderwyser word beskou as ervare nadat die eerste vyf jaar van sy/haar loopbaan verstryk het.


© University of Pretoria

Verder is Samsudin et al. (2021) van mening dat ervare onderwysers oor ’n wyer pedagogiese raamwerk beskik en ’n magdom praktiese ervaring, sowel as inhoudskennis, met betrekking tot hul vakgebied opgedoen het. Ervare onderwysers word gevolglik beskou as kenners van die vak wat hul aanbied.

Hierteenoor stel Colliander (2018) dat die beginneronderwyser beskou word as die individu wat oor minimale ervaring en pedagogiese kennis beskik, maar wel verrykende vaardighede het om hulself toe te laat om te groei (lewenslange leerders te wees) en binne ’n kort tydperk, dieselfde kennis en ervaring op te doen as ervare onderwysers. Colliander (2018) sluit aan by Reddy (2018) se omskrywing van die beginneronderwyser en word dus gesien as relevante bron ter ondersteuning van die gekose studie.

Reddy (2018) beskou die beginneronderwyser as die onderwyser (manlik/vroulik) wat beskik oor werkservaring wat wissel tussen een tot vyf jaar. Reddy (2018) se definisie dui daarop dat die beginneronderwyser oor minimale werkservaring beskik. Die beginneronderwyser is bewus van die moontlikheid van groei en ontwikkeling en word deurlopend met vrae oor hul persoonlike en professionele identiteit gekonfronteer (Reddy, 2018). Voorts word die begrip identiteit in meer besonderhede uiteengesit, veral met betrekking tot persoonlike en professionele identiteit en wat dit onderskeidelik behels. Reddy (2018) bied ‘n samevattende begrip van die definisie van ‘n beginner onderwyser, sowel as wat professionele en persoonlike identiteit behels. Reddy (2018) se studie wat is relevant tot die gekose studie en bied, soos voorheen genoem, duidelike en omvattende literatuur aangaande die gekose fenomeen.

### 2.4 Die wortelmussie en groeistreek van die onderwyser

Volgens Werbinska (2017) is identiteit ’n komplekse en dinamiese konsep. Identiteit as sodanig is immers nie staties nie; dus sal die individu se identiteit deurlopend verander en aangepas word volgens die eise wat sosiale situasies en interaksies op individue plaas.


© University of Pretoria

Arber et al. (2014) bevestig dat die konsep identiteit dinamies van aard is en beskou identiteitskepping as ’n komplekse proses wat met veelvoudige rolle gevul is. Voorts is skrywers (Arber et al. 2014; Titu, 2019) van mening dat onderwysers se identiteitsvorming direk verband hou met die bou van verhoudings met leerders en kollegas tydens sosiale interaksie. Sosiale interaksie kan onder andere die volgende insluit: vrae wat deur kollegas en leerders aan die onderwyser gevra word, informele gesprekke met leerders oor wat hulle van ’n onderwyser verwag/dink, formele en informele gesprekke met kollegas oor watter rolle hulle in hul klaskamers vervul en die effek daarvan op hul identiteitsreis. Belewenisse en ervarings van identiteit word deur die wortelmussie verteenwoordig.

**Die werke van Beijaard et al (2004); Day et al (2006); Lave en Wenger (1991); Wenger (1998);** Clandinin en Connelly (1999); Kelchtermans (2009); Sachs (2001); Beauchamp en Thomas (2009) sowel as Flores & Day (2006) beklemtoon die volgende:

**identiteitkonstruksie lig die volgende uit:**

**a) Konseptuele grondslae van onderwysersidentiteit:**

Onderwysersidentiteit is ’n dinamiese en ontwikkelende idee wat deur persoonlike, sosiale en institusionele faktore gevorm en beïnvloed word (Beijaard et al., 2004). Die onderwyser se identiteit weerspieël hoe onderwysers hulself en hul rolle in die klaskamer en die samelewing beskou. Die vorming van professionele onderwysersidentiteit word beïnvloed deur ervarings, emosies en sosiale interaksies met leerders, kollegas en die breër onderwysstelsel (Day et al.,2006).

**b) Identiteit as ’n voortdurendeen veranderende proses:**


© University of Pretoria

Lave en Wenger (1991) se teorie van leer en gemeenskappe van praktyk is van kardinale belang vir die begrip van professionele onderwyser identiteit. Onderwysers ontwikkel hul professionele identiteit deur deur deel te vorm van professionele gemeenskappe, waar hulle betekenis onderhandel en hul selfpersepsie herstruktureer om voortdurend te ontwikkel. Wenger (1998) bou hierop voort in sy werke oor gemeenskappe van praktyk, waarin hy die belangrike rol en effek van sosiale interaksie in identiteitsvorming beklemtoon.

**c) Narratiewe en reflektiewe identiteitskonstruksie:**

Clandinin en Connelly (1999) beklemtoon die idee van ‘n narratiewe ondersoek as ’n metode om onderwysersidentiteit te bestudeer. Hulle voer aan dat onderwysers hul professionele identiteit deur persoonlike en professionele verhale konstrueer en daarna aanpas. Refleksie speel ’n kritieke rol in hierdie proses, aangesien dit onderwysers in staat stel om sin te maak van hul belewenisse, ervarings en professionele groei te bevorder (Kelchtermans, 2009).

**d) Emosionele en politieke dimensies:**

Day et al. (2006) beklemtoon dat professionele identiteit gekoppel is aan emosies, motivering en werkstevredenheid. Onderwysers se identiteit word gevorm deur eksterne druk soos beleidsveranderinge, verantwoordbaarheid en maatskaplike verwagtinge soos daargstel. Sachs (2001) onderskei tussen bestuursgerigte professionalisme, wat deur beleidsaanpassings opgelewer word, en demokratiese professionalisme, wat onderwysers se professionele outonomie bevorder.

**e) Identiteitskonflikte en spannings:**

Beauchamp en Thomas (2009) bespreek die spanning tussen persoonlike en institusionele verwagtinge in professionele identiteit. Onderwysers ondervind dikwels identiteitsdisonansie, veral wanneer hul persoonlike onderrigwaardes bots met sistemiese eise.


© University of Pretoria

### f) Die rol van onderwysersopleiding en die effek op identiteitsvorming

Onderwysersopleidingsprogramme en opleiding speel 'n deurslaggewende rol in professionele onderwyseridentiteitdeur geleenthede vir refleksie, mentorskap en praktiese ervaring te bied (Flores & Day, 2006). Nuut aangestelde – of beginneronderwysers - ervaar dikwels 'n verskuiwing in identiteit wanneer hulle oorgaan van beginneronderwysers na volwaardige professionele persone.

Die wortelmussie beskerm en bedek die groeistreek. Die groeistreek van 'n plant bestaan uit die selverlengingstreek en die meristematiese streek. Die meristematiese streek is waar die seldeling plaasvind, dus verteenwoordig hierdie streek die persoonlike identiteit. Die selverlengingstreek is waar nuwe selle in lengte toeneem en die geleentheid kry om te vergroot, dus verteenwoordig hierdie streek die individu se professionele identiteit. Uiteraard kan hierdie streke nie losstaande van mekaar gesien word nie, net soos wat persoonlike en professionele identiteit nie los van mekaar is nie (Van Zyl et al., 1997). Afdeling 2.4.1 verduidelik die konsepte en literatuur insake professionele en persoonlike identiteit.

Vervolgens is dit noemenswaardig dat identiteit inherent in die individu voorkom – in dié geval die beginneronderwyser. Identiteit is immers wat die individu van ander individue onderskei – met ander woorde dit wat die individu uniek maak (Weran & Kuswandono, 2022).

### 2.4.1 Die meristematiese streek van persoonlike identiteit

| |
|---|
| ***Scenario 2.1*** |
| *Scenario van die onderwyser se daaglikse persoonlike roetine:* |
| "Wees positief, vandag gaan 'n goeie dag wees!" |


© University of Pretoria

Ek beoog om vandag sommer heerlike aandete aanmekaar te sit – 'n hoenderpastei klink nou vir my uit die boonste rakke (en dit is my man se gunsteling). Ek moet tog net ook onthou om wasgoed te was, op te hang, die huis skoonmaak en bietjie tyd saam my wonderlike man spandeer op sy verjaarsdag.

Natuurlik kan ek nie vergeet van die 21-jarige seun wat ek geërf het, omdat sy ouers te donners sleg is om na hom ook te kyk nie. Ek is 'n ma, maar ek hoor gereeld: "Jy is nie my ma nie!" of nog beter, "Hoekom moet ek help, julle sukkel nie?" Iewers moet ek seker nog lief wees vir hom ook, al word ek stief behandel. Die Bybel sê ek moet almal liefhê en ek moet doen aan ander soos ek aan myself gedoen wil hê!

Dit is donners moeilik en uitputtend om elke dag te poog om 'n goeie en "perfekte" mens te wees. Hoekom is ek so? Hoekom MOET alles altyd perfek verloop? Wat is perfeksie dan nou eintlik?

My fok, die bed is alweer nie opgemaak nie. Hoe verwag die mense in hierdie huishouding ek moet by alles uitkom? "Doen dit net, dis sy verjaarsdag vandag" is wat ek toe maar in gedagte hou ... Dit moet ek maar los vir vanmiddag. Ek moet nou werk toe ry anders gaan ek nooit voor 06:40 daar wees nie.

Dit is 19:00 en die hoenderpastei is al in die oond en amper op die hond se stert. Ek vermoed ek gaan gou die wasgoed ophang wat ek begin het vanoggend voor ek werk toe is. Ek moet net nie vergeet om bietjie tyd saam my man te spandeer nie, dit is immers sy verjaarsdag. Wasgoed is afgehandel, maar die bed wag nog ...

"Dankie dat jy so baie tyd saam met my spandeer!" is my man se sarkastiese opmerking nadat ek 17:00 die middag eers by die huis gestop het na buitemuurse verpligtinge en teen 20:00 nog nie alleentyd vir ons opsy gesit het nie. Dit is bliksems onregverdig dat ek myself moet afsloof om vir almal


© University of Pretoria

die beste van myself te gee, maar die mense wat ek die liefste het, kou die klippe ...

Ek sit vir 10 minute op die bank en raak aan die slaap. My man is de moer in vir my, want ek is altyd moeg as ek by die huis aankom, maar ek is eintlik net ’n onderwyser wat nie voldag werk nie ... Hoe kan ek dan nou moeg wees? En dan nog op sy verjaarsdag ook.

Ek skrik wakker met ’n bekende stem wat woedend sê: “Ek gaan nou bed toe. Sit jy net als af as jy kom.” SKULDGEVOEL – dit vreet my op. Ek het nie eers tyd saam met my wonderlike man spandeer nie, maar ek kon tyd maak vir aan die kant maak, wasgoed was en ophang en kosmaak. Watse tipe vrou doen so iets? ’n Kak een as jy my vra!

’n Uiterse poespas van ’n dag, maar tog moet ek dankbaar wees vir dit wat ek daagliks, sonder om te vra, ontvang! Nou nie juis hoe ek voel nie, maar eerder wat ek myself vertel as ek na die oorlaaide onderwyser, ekskuus, “mens” in die bliksemse spieël kyk!

Die bostaande scenario is ’n voorbeeld van die daaglikse persoonlike roetine, soos deur hierdie navorser ervaar en weergegee. Hierdie scenario is nie noodwendig verteenwoordigend van alle onderwysers se roetine nie, en sal verskil van onderwyser tot onderwyser, maar dien as ’n greep uit die onderwysers se dag ter illustrasie van die verskeie rolle wat die onderwyser in sy/haar persoonlike hoedanigheid vervul. Uit dié scenario wat geskep is, blyk dit reeds dat die onderwyser meer as een rol in die loop van een dag speel, naamlik dié van ma, vrou, onderwyser, kollega, vriendin en dies meer.

Hierdie veelfasettige bestaan van die onderwyser speel volgens Walker (2021) ’n groot rol met betrekking tot die vorming van die onderwyser se persoonlike identiteit. Walker (2021) definieer persoonlike identiteit as die selfpersepsie oor die rolle wat die individu op ’n daaglikse basis behoort te behartig, soos byvoorbeeld dogter/seun, moeder/vader, oppasser, liefdesmaat en nog vele meer, wat in ’n wye verskeidenheid kontekste kan plaasvind soos by die huis,


© University of Pretoria

in die motor, in die inkopiesentrum en besoeke by vriende/vriendinne/familie (Walker, 2021).

Na aanleiding van Scenario 2.1, blyk dit asof die veelvoudige rolle wat die onderwyser behoort te beklee, bydra om ’n professionele identiteit te vorm. Dit is egter belangrik om te onthou dat die voorgestelde scenario nie verteenwoordigend is van alle onderwysers nie, maar slegs as voorbeeld dien om die veelvoudige take, administrasie en verantwoordelikhede van die onderwyser as “mens” te skets.

Volgens Walker (2021) kan identiteit as sodanig beskou word as ’n kernfaktor van menslike sielkunde. Menslike sielkunde behels baie meer as die oppervlakkige emosies en gevoelens, maar in hierdie afdeling word daar eerder klem geplaas op persoonlike sowel as professionele identiteit. Professionele identiteit is kompleks, asook dinamies, en word gevorm deur die individu se onderrig en verdere opleiding, maar is gefokus op die onderwyser se bewustheid van die self, hul doel as professionele opvoeder en fasiliteerder, sowel as hul eie waardes, oortuigings en geloof (Foster en Foster, 2023). Die professionele en persoonlike identiteit van die onderwyser word as interafhanklik beskou. Daar word egter vir die doel van hierdie studie klem geplaas op die professionele identiteit sodat insig bekom word rakende die belewenis betreffende identiteitkonstruksie van die beginner-Afrikaansonderwyser.

### 2.4.2 Die selverlengingstreek van professionele identiteit

| |
|---|
| ***Scenario 2.2*** |
| *Scenario van die onderwyser se daaglikse professionele roetine:* |



© University of Pretoria

"More, juffie!" Dit is die eerste woorde wat ek hoor as ek daagliks vroegoggend by die trappe opstap. Dit maak elke dag die moeite werd om werk toe te kom.

My kinders ... ek bedoel die kinders, het soveel emosionele sake wat mens tog moet behartig. 'n Onderwyser is soms die enigste voorbeeld van liefde en geduld wat hierdie kinders het. Die leerders word in die 21ste eeu gekonfronteer met afwesige ouers, wat weer lei tot hul kinderdae wat eintlik van hul ontneem word, want Sannie moet dan wasgoed was, stryk, kos maak, help boetie bad – basies die MA van die huis wees!

Ek is op die donker trappe besig om te dink aan elke taak wat ek nog moet voltooi. Die lysie is om 06:45 al die volgende:

- Klas skoonmaak.
- Klaslyste laat afrol.
- Vraestel opstel vir die leerders wat oor drie weke toets skryf.
- Afrolwerk druk en laat afrol.
- Konflik uitsorteer tussen my en 'n kollega.
- Die vraestel-opleiding se aanlyn sessie van 14:30-17:00 bywoon.

Ek moet onthou om vir IT te vra om na die projektor in my klas te kyk, anders gaan my kinders nie die notas waaraan ek gewerk en saamgestel het, kan afskryf nie.

Genade, ek moet nog onthou om daardie ses pakke transaksionele skryfwerk te merk en punte voor vanmiddag 14:30 in te lees. Ek sal dit sommer as deel van my "pouse-admin" doen. Vader alleen weet waar gaan ek tyd kry om te gaan piepie vandag!

Dit is 09:45, ongeveer periode 3 en ek en een van my gunsteling- (ek weet ek mag nie dit sê nie, maar ek het) kindertjies het bietjie van 'n meningsverskil gehad as gevolg van haar gedrag in my klas. Ek voel asof ek hulle vaal – ek


© University of Pretoria

moet mos nou die verskil wees in hul lewens, maar iemand moet hulle leer om onderskeid te tref tussen "reg" en "verkeerd".

Teen 14:05 is ek nou al goed bewus van alles waarby ek nog nie uitgekom het nie!

"Moenie vloek nie. Moenie huil nie. Wees net mens en aanvaar" – is wat ek vir myself sê wanneer ek oorweldig en gefrustreerd voel wanneer ek fokkol gedoen kry, soos op my lysie aangedui. Dalk nou nie NIKS nie – IT het darem my projektor kom herstel!

16:30 is atletiekafrigting verby en ek het sommer terwyl ek afgerig het, darem my opleiding bygewoon – anders sou ek nou weer aangespreek word daaroor ook!

Op pad huis toe besef ek ek gaan al my "pouse-admin" vanaand moet doen. My man gaan BESLIS nie baie gelukkig wees hieroor nie! Ek moet nog die hordes e-posse ook antwoord, anders hoor ek weer dat daar nie gereelde, effektiewe kommunikasie is vanaf die onderwyser nie.

Klippe kou suster – môre is die klippies dalk kleiner ...

Titu (2019) noem dat die term, professionele identiteit, verwag van enige individu om sekere rolle, soos deurgegee in Scenario 2.2, te vervul . Die eersgenoemde daargestelde scenario (Scenario 2.1) is 'n weerspieëling van die daaglikse persoonlike roetine, soos deur die navorser ervaar.

Die tweede scenario (Scenario 2.2) dui aan dat van die algemene rolle van die onderwyser die volgende is:

a) Die rol as *in loco parentis*
b) Behartig administratiewe take
c) Beplan en assesseer inhoud
d) Hanteer konflik en dien as bemiddelaar van vrede


© University of Pretoria

e) Inspireer en motiveer leerders wat hulself in moeilike omstandighede bevind

Identiteit as fenomeen is toenemend van belang in die veld van navorsing (Colliander, 2018). Titu (2019) meld dat identiteit as ’n fenomeen vanaf die twintigste eeu ernstig bestudeer word in navorsingsprojekte, aangesien daar ’n enorme toename is in sake die bewustheid van die individu se identiteit – persoonlik en/of professioneel (Titu, 2019). Die rede hiervoor is as gevolg van die komplekse rolle en verwagtinge wat die onderwyser behoort te vul, sodanig poog navorser om die fenomeen te verstaan deur middel van verskeie aspekte van identiteit te ondersoek (Titu. 2019).

Die individu – in hierdie geval die beginneronderwyser – se professionele identiteit kom nie inherent na vore nie, maar word ontwikkel soos ervaring en belewenisse opgedoen word. Die beginneronderwyser se kontekstuele en gemeenskaplike omgewings wat verander, byvoorbeeld die onderwyser se pedagogiese vaardighede en kennis, asook die manier van oordrag van kennis, het ’n invloed op die konstruksie van identiteit en hoe die identiteitkonstruksieproses beleef word.

Canrinus et al. (2011) ondersteun die idee van professionele identiteit as die professionele perspektief van die individu, in hierdie geval die onderwyser, oor watter rolle ’n onderwyser behoort te beklee, asook verantwoordelikhede, verwagtinge en wat hulle wil bereik as onderwysers. Die rolle waarna verwys is in Scenario 2.2 sluit in: die ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede, administratiewe take, die rol van *in loco parentis* en buitemuurse verpligtinge.

Titu (2019) wys daarop dat onderwysers gedrewe is om hul professionele identiteit te ontwikkel en daarom ontstaan ’n kritiese bewustheid oor hul werksomstandighede en die verbintenis tussen ervaring, roetine en gewoontes. Die onderwyser se kritiese bewustheid van sy/haar professionele identiteit, laat hom/haar toe om hulself te ontwikkel en die professionele identiteit aan te pas, soos wat nuwe belewenisse, ervarings en pedagogiese vaardighede/kennis opgedoen word. Professionele identiteit sluit ook die waarnemings en


© University of Pretoria

verwagtinge van ’n spesifieke beroep in, aldus Foster en Foster (2023). Die onderwys as beroep word deur ander individue, wat nie in die onderwysberoep staan nie, of selfs onervare beginners, beskou as ’n beroep met minimale uitdagings en met die bonus van vier betaalde vakansies per jaar. Die realiteit is egter dat daar veelvoudige wanindrukke en verwagtinge is wanneer die beroep oorweeg en betree word (Walker, 2021). Die onderwyser moet bewus gemaak word daarvan dat daar ’n magdom verwagtinge is waaraan hy/sy moet voldoen en daarmee gepaardgaande ’n verskeidenheid van rolle wat hy/sy moet vervul.

Fitzgerald (2020) maak dit duidelik dat professionalisme en die konsep van professionele identiteit oor dieselfde kam geskeer kan word. Fitzgerald (2020) beklemtoon dat die optrede, aktiwiteite en verwagtinge soos uiteengesit deur die professie, die professionele identiteit vorm. Colliander (2018) vestig die leser se aandag daarop dat ’n onderwyser se professionele identiteit ’n aparte veld van studie geword het en word op verskeie maniere deur die verskeie navorsers geïnterpreteer. Soos deur Colliander (2018) beklemtoon, word professionele identiteit beskou as ’n eienskap van die mens wat soos wat tyd verloop, aangepas word en kontekstueel verbind is. Hierdie individu se identiteit word deur die onderwyser se interaksie met ander en die gemeenskappe waaraan hul behoort, aangepas.

Beijaard et al. (2004) maak die aanname dat daar verskeie interpretasies is oor die rolle en die optrede van die onderwyser. Daar kan aannames gemaak word oor die verwagtinge vir die onderwyser, wat onder andere insluit:

A. die rolle binne en buite die klaskamer,
B. die rol as *in loco parentis* en
C. die rol as fasiliteerder van kennis en oordrag hiervan.

Mikelsone et al. (2014) wys ook daarop dat die individu, in hierdie geval die onderwyser, deurlopend die kwessie van professionele identiteit analiseer, soos ondersteun deur Beijaard et al. (2004) se aannames oor die verskillende rolle en verwagtinge wat die onderwyser behoort te beklee. Die professionele


© University of Pretoria

identiteit word geanaliseer gebaseer op professionele groei en ontwikkeling deur die verloop van die onderwyser se lewenstydperk.

Mikelsone et al. (2014) beklemtoon dat die individu se professionele en persoonlike identiteit saamsmelt, asook hul professionele en persoonlike selfkonsep. Selfkonsep staan bekend as die individu se belewenis en persepsie van hulself, wie hulle behoort te wees, en waar en hoe hulle hulself behoort te vestig op hierdie tydstip van hul lewe. In praktyk word die ware betekenis van die individu se professionele en persoonlike identiteit gevorm deur die vestiging van ’n selfkonsep (Elsheikh & Yahia, 2020).

Professionele identiteit in ’n spesifieke beroep word beïnvloed deur die samelewing se perspektief van wat die onderwysers se rol is, vir watter rolle die onderwyser verantwoordelikheid moet vat, maar ook waar onderwysers hulself bevind in hul persoonlike en professionele sfere (Beijaard et al., 2004). Daar word byvoorbeeld van onderwysers verwag om beplanning te kan doen, kennis oor te dra, kreatiewe denkers te skep, en leerders maniere en dissipline te leer, om maar net enkele van die vooropgestelde verwagtinge te noem.

Volgens Beijaard et al. (2004) is dit egter belangrik om in gedagte te hou dat enige onderwyser se professionele identiteit bydra tot die samelewing en hulle idee van hoe dit voel om deel te wees van hierdie demografie van onderwysers, waar die sisteem as geheel besig is om konstant en spoedig te verander. Een van die deurlopende veranderinge waarna Beijaard et al. (2004) verwys, is byvoorbeeld die voortdurende tegnologiese ontwikkelinge binne die onderwys, soos aanlyn platforms wat gebruik word om leer te ondersteun en te vergemaklik. Die onderwysers en die samelewing moet by hierdie dinamiese veranderinge aanpas soos wat nuwe ontwikkelinge in die onderwyssisteem ingefaseer word.

Werbinska (2017) onderskei drie faktore wat ’n beduidende invloed op die onderwyser se professionele selfbeeld het, naamlik:


© University of Pretoria

a) Hoe die onderwyser hom-/haarself sien, met ander woorde wie hy/sy behoort te wees, watter rolle hy/sy binne en buite die klaskamer behoort te vul en uiteindelik of hy/sy hom-/haarself goed van sy/haar taak kwyt.

b) Die onderwyser se professionele rolle wat hy/sy moet beklee as *in loco parentis*, kollega en onderwyser binne en buite die klaskamer.

c) Hoe verskeie rolle in die klaskamer geïntegreer kan word, byvoorbeeld om as fasiliteerders van leer te dien, maar ook die vaderlike/moederlike rol te beklee sonder om enige professionele grense te oorskry (Werbinska, 2017).

Volgens Martin (2019) dien die perspektief van onderwyseridentiteit as ‘n refleksie van die sosiale diskoerse en dominante verwagtinge wat in die samelewing heers oor wat dit beteken om ’n onderwyser te wees. Hierdie verwagtinge beïnvloed nie net hoe onderwysers hul rol en verantwoordelikhede verstaan nie, maar ook hoe hulle hulself binne die beroep en die breër sosiale konteks posisioneer. Dit dui daarop dat onderwyseridentiteit nie staties is nie, maar eerder gevorm word deur voortdurende interaksie met kulturele, institusionele en kollektiewe verwagtinge. Hierdie perspektief van Martin (2019) dui daarop dat ’n onderwyser se identiteit geproduseer en gereproduseer word as ’n uitvoering van ’n rol wat reeds bestaan het voor die aanname daarvan deur die individu. Onderwyseridentiteit is ’n konstruktiewe sin van self wat deur die interaksie van die individu herken word. Onderwysers se interaksie met hul professionele konteks en met ander (bv. studente, kollegas, skoolleiers, bestuur of enige ander personeel) beïnvloed onderwyseridentiteite (Martin, 2019).

Weran en Kuswandono (2022) beklemtoon die idee dat onderwyseridentiteit die fondasie vorm vir die onderwyser se pedagogiese kennis en vaardighede, benaderings in die klaskamer en die besluitnemingsproses. Nie net het die onderwyser se identiteit ’n impak op hoe daardie spesifieke onderwyser klas gee nie, maar ook hoe kollegas benader word, ouerkommunikasie asook wat onderwysers beskou as prioriteite. Die konsep van onderwyseridentiteit stel voor dat ’n onderwyser se professionele identiteit ook die volgende insluit:


© University of Pretoria

oortuigings, waardes en verpligtinge teenoor die skool en ander fasette (Weran & Kuswandono, 2022). Ander fasette wat moontlik ingesluit kan word sou die volgende behels:

- Afrigting en rol as afrigter
- Die rol as bemiddelaar van 21ste-eeuse vaardighede (kritiese denke, probleemoplossing, kreatiewe denke, tegnologiese vaardighede)
- Professionele ontwikkeling en verdere opleiding
- Posbeskrywing en werksverpligtinge
- Werksbevrediging

### 2.4.3 Die bykomende fyner wortelhare van identiteit

Die fyner wortelhare is verteenwoordigend van die aspekte waar die onderwyser moontlik die opgeloste water en vitamines (Van Zyl et al., 1997) inneem. Die fyner wortelhare dien met ander woorde as ’n metafoor vir die verskillende aspekte waaruit identiteit moontlik saamgestel word. Woest (2016) is van mening dat identiteit uit die volgende vier basiese aspekte bestaan:

a) Identiteit is afhanklik van verskeie kontekste en word ook so gevorm. Hierdie kontekste is die sosiale, die kulturele, die politieke asook historiese gebeurlikhede. Die sosiale gebeurlikhede verwys na sosiale situasies en gepaardgaande sosiale interaksies binne die konteks van die onderwysberoep. Voorbeelde hiervan sluit in gesprekke met kollegas, vriende, familie, werkgewers en selfs vreemdelinge. Die kulturele gebeurlikhede verwys na die kultuur en tradisies van die individu en so vorm en verander die individu se identiteit. Hierdie kultuur en tradisies kan moontlik ook van toepassing wees by die onderwyser, waar skole sekere tradisies het wat onderwysers ook dan moet toepas en uitleef. Die politieke en historiese gebeurlikhede dui op die individu se politieke voorkeure en die historiese gebeurlikhede, soos apartheid of selfs persoonlike historiese


© University of Pretoria

gebeurlikhede, soos egskeidings van ouers. Dit alles kan ’n invloed uitoefen op die vorming en aanpassing van die individu se identiteit.

b) Identiteit word gevorm deur verhoudings met ander en behels ’n element van emosie/gevoelens. Identiteit word gevorm deur verhoudings waar ’n individu/individue insae lewer in die individu se lewe en moontlik ’n identiteitsreis bewerkstellig. Hierdie individue wat insae lewer, staan bekend as rolmodelle en kan moontlik die individu se selfpersepsie, emosies en gevoelens oor hom-/haarself en ander beïnvloed.

c) Identiteit is dinamies van aard en vloeibaar. Die idee van identiteit is nie staties nie – die individu bekom nie identiteit en dan bly daardie identiteit onveranderd nie. Die dinamiese en vloeibare aard van identiteit , dui daarop dat identiteit konstant in ‘n staat van verandering  is. Byvoorbeeld, die vrou se identiteit word aangepas wanneer sy as moeder moet optree vir haar kind wanneer sy swanger raak.

d) Identiteit behels konstruksie en rekonstruksie van betekenis deur middel van narratiewe. Identiteit word saamgestel en heroorweeg soos wat die individu in aanraking kom met verskillende narratiewe, byvoorbeeld boeke en artikels betreffende die verskeie interessanthede waaroor die individu moontlik wonder, gesprekke met vriende, families, kollegas en/of vreemdelinge, wat dan aanpassing van identiteit bewerkstellig.

Weran en Kuswandono (2022) beklemtoon die belang daarvan dat die onderwyser krities bewus moet wees van sy/haar professionele identiteit om sodoende besluitneming, motivering, werksbevrediging en toewyding positief te beïnvloed. Voorts wys hulle (Weran & Kuswandono, 2022) daarop dat die professionele identiteit van die onderwyser die hoofdryfkrag is vir die onderwyser se motivering, produktiwiteit en retensie.

Vervolgens word die volwasse streek van die wortel bespreek. Dit neem die rolle wat die onderwyser hetsy in die klaskamer of tydens buitemuurse aktiwiteite beklee, onder die loep.



© University of Pretoria

### 2.4.4 Die volwasse streek van die wortel

Die volwasse streek is waar die wortel in dikte toeneem en sywortels ontwikkel. Hierdie streek anker en beskerm die volledige wortel, maar is ook verantwoordelik vir die stewigheid van die plant as geheel (Van Zyl et al., 1997).

Die volwasse streek verteenwoordig die rolle wat die onderwyser anker, rigting gee. Hierdie rolle versterk die konseptualisering van die loopbaan wat betree word. Die rolle en verantwoordelikhede van die onderwyser anker sy/haar gedrag en hou hom/haar verantwoordbaar vir sy/haar dade.

Volgens Zare-ee en Ghasedi (2014) is daar 'n toename in die ondersoek na die onderskeie rolle wat die onderwyser beklee. 'n Studie deur Toole en Louis (2002) impliseer dat die onderwyser se rol oor verskeie areas en sosio-kulturele aspekte strek. Toole en Louis (2002) sluit aan by Zare-ee en Ghasedi (2014) en beklemtoon dat vir die onderwyser om te groei en identiteit as konsep te begryp, behoort hulle konstant in selfondersoek en selfrefleksie te delf om te bepaal waar veranderinge moontlik plaasvind of kan plaasvind tot voordeel van die individu as onderwyser.

Alhoewel die onderskeie rolle van die onderwyser onder die vergrootglas geplaas is, moes ek die pedagogiese benadering in ag neem. Dit is een van die aspekte wat deurlopend deur die studie in ag geneem is, aangesien die rou data wat verkry is, ook volgens die pedagogiese benadering geanaliseer moes word (Cresswell & Cresswell, 2014).

Die individu en hul vorige ervarings, waardes, norme en oortuigings word in ag geneem, siende dat die eersgenoemde faktore bepaal watter pedagogiese benadering tot gevolg gebring sal word. Die pedagogiese benadering en opvoedkundige kennis dra dus ook by tot die vorming van die onderwyser se identiteit (Zare-ee & Ghasedi, 2014). Fitzgerald (2020) staaf dat die faktore wat bydrae tot die pedagogiese benadering die volgende is: waardes, oortuigings


© University of Pretoria

en etiese oorwegings van die beroep. Die pedagogiese benadering wat in hierdie studie ter sprake is, is die kritiese interpretivistiese benadering.

Een rol wat die onderwyser behoort te beklee en deurlopend in die literatuur beklemtoon word, is die rol van "die ouer" of *in loco parentis*. Dit is belangrik vir elke onderwyser om tot die besef te kom dat hy/sy die rol van die ouer(s) inneem. Hierdie rol plaas 'n groot verantwoordelikheid op die onderwyser en is 'n belangrike komponent van onderwyseridentiteit. Sodoende is die moontlikheid daar dat onderwysers die klaskamer gebruik om die idee van 'n "familie" te vestig, sodat elke leerder se persoonlike en akademiese potensiaal ontgin word aangesien die rol van die ouer 'n groot invloed het op die leerder se ontwikkeling (Weran & Kuswandono, 2022).

### 2.4.5 Die lit en blaarskede van die beginneronderwyser

Die lit en blaarskede vervoer verskeie minerale en vitamines na die res van die stingel en die vrugbeginsel van die plant (Van Zyl et al., 1997). Hierdie lit en blaarskede is van belang om die plant, of selfs blom, regop te hou. Die lit en die blaarskede kan ook wanneer skade berokken is, die herstelproses laat geskied en vorm 'n beskermingslaag oor die beskadigde area van die plant. So vervul die onderwyser ook die beskermingsrol en verseker, by wyse van spreke, voedsame onderrig, ondersteuning en begrip vir die leerder se omstandighede. Sodanig is die onderwyser ten alle tye *in loco parentis* waar die leerders betrokke is.

*In loco parentis* is 'n Latynse uitdrukking wat direk vertaal kan word as, "in die plek van die ouer" of selfs "in plaas/plek van die ouer" (Mohammed et al., 2014). Dit is 'n klinkklare aanduiding van die rol wat die onderwyser bewustelik en onbewustelik beklee. Mohammed et al. (2014) beklemtoon die rol van *in loco parentis* as regsbindend en dat die onderwyser sekere rolle en verantwoordelikhede van die ouer tydens skoolure aanneem.

Hierdie rolle en verantwoordelikhede sluit in:


© University of Pretoria

a) om in die beste belange van die kind/leerder op te tree.
b) die morele verantwoordelikheid om die kind/leerder se regte te beskerm asook jou eie pligte en verantwoordelikhede as onderwyser na te kom.

Edwards (1971) definieer die begrip *in loco parentis* as "in die plek van die ouer/voog en die pligte en verantwoordelikhede van die ouer/voog." Hierdie rol verg van die onderwyser om 'n emosionele en akademiese steun te bied en 'n persoonlike verbintenis met die leerders wat voor jou sit te vorm. Keiler (2018) se konseptualisering van loco parentis, sluit aan by hierdie definisie aan en beklemtoon dat die onderwyser se rol in die plek van die ouer – *in loco parentis* – onderskat word en dat die erns van die onderwyser se rol as ouer konstant oorweeg moet word in die klaskamer. *In loco parentis* is nie net binne skoolure van krag nie, maar ook tydens buitemuurse aktiwiteite (Keiler, 2018).

Volgens Mohammed et al. (2014) is daar spesifieke verantwoordelikhede wat deur die onderwyser vervul word wanneer hy/sy die rol van *in loco parentis* beklee:

a) Beplan skooluitstappies deeglik en in die belang van die leerder se veiligheid. Die skool en die onderwysers moet seker maak dat alle leerders veilig is, dat alle departementele riglyne gevolg word en daar genoegsame toesig van bekwame onderwysers teenwoordig is.
b) Indien die onderwyser bekommerd is oor die kind/leerder se veiligheid en welstand, is die onderwyser verplig om opnames hiervan te hou en moet die onderwyser die bekommernisse by die ouers/voogde en/of die skool se bestuur en ondersteuningsraamwerke aanmeld.
c) Enige kind/leerder wat nie deur ouers/voogde opgelaai is by die skool nie, moet verwys word na maatskaplike werkers om die veiligheid en welstand van die leerder te verseker.
d) Die onderwyser is nie verplig om vir leerders enige medikasie te gee nie, byvoorbeeld 'n hoofpynpil hoef nie aan 'n leerder gegee te word deur die onderwyser/skool nie en 'n leerder kan dit weier. Die onderwyser moet wel,


© University of Pretoria

indien leerders ernstige siektes/gesondheidsversteurings het, ’n lys in die klaskamer hê om sodoende daarna te verwys in tye van nood.

e) Lyfstraf is nie toelaatbaar nie en is onwettig. Indien ’n leerder hulself in gevaar stel, mag die onderwyser wel “reasonable force” gebruik om die leerder buite gevaar te stel.

f) Onderwysers moet ten alle tye professionele onderrig handhaaf en indien ’n onderwyser beskuldig word van nalatigheid, moet hy/sy regsadvies raadpleeg.

Hierdie rol in die plek van die ouer is vanselfsprekend ononderhandelbaar en kan beskou word as ’n vennootskap tussen onderwysers en ouers, asook onderwysers en leerders. Die vennootskap se dryfkrag sal dan onderrig en onderwys wees om die leerder se welstand in beide vennootskappe te bevorder (Oosthuizen & Van der Walt, 1998).

### 2.4.6 Die blaar en stingel as beginneronderwyser

Die blaar is die eerste teken van groei en ontwikkeling in die plant se lewensproses (Van Zyl et al., 1997). Die stingel en die blaar kan egter nie van mekaar geskei word nie, aangesien die stingel die kardinale rol vervul as vervoermiddel vir vitamines, minerale, water en enige ander voedingstowwe. Die konsep van identiteitkonstruksie is dus die stingel en die identiteitkonstruksieproses is die blaar wat eerste tekens van groei by die onderwyser aandui.

### 2.4.7 Die stingel van die beginneronderwyser

Die stingel van ’n plant is nog buigsaam, maar tog breekbaar. Daarom is die stingel verteenwoordigend van identiteitkonstruksie. Hierdie proses vereis dat die beginneronderwyser buigsaam moet wees, maar tog kan hierdie proses ’n


© University of Pretoria

enorme effek laat op die onderwyser se persepsie, belewenisse en uiteindelik, sy/haar identiteit (professioneel en persoonlik).

Identiteitkonstruksie is die proses waardeur die individu sy/haar identiteit konstrueer, ongeag of dit die individu se persoonlike of professionele identiteit is. Hierdie proses behels die ontleding van die individu se vaardighede, sterkpunte, swakpunte, geleenthede, bedreigings, geloof en waardes (Titu, 2019).

Titu (2019) beklemtoon dat daar enkele kernfaktore is wat bydra tot die onderwyser se professionele ontwikkeling, wat gevolglik ook ’n effek sal hê op die konstruksie van die professionele identiteit, naamlik:

a) administratiewe vaardighede en voorbereiding in die werksplek,
b) die ideale onderwyser se eienskappe,
c) die onderwyser se vermoë om aanpasbaar te wees,
d) die onderwyser wat die rol van die ouer vervul – *in loco parentis* en
e) mentors, rolmodelle en ander se invloed op die persoon se identiteit.

Titu (2019) is van mening dat die onderwyser se oortuigings en waardes die alfa en die omega vorm van hul professionele identiteit. Die eersgenoemde waardes en oortuigings word beïnvloed deur ervarings en hoe hierdie ervarings en/of uitdagings hanteer is. Hierdie ervarings en uitdagings tydens die identiteitkonstruksieproses stel die onderwyser in staat om nuwe, kreatiewe idees te genereer om deurlopend die onderwyseridentiteit te herbou, sodat nuwe ervarings in ag geneem kan word en uitdagings getrotseer kan word sonder om professionele groei te benadeel. Dit is egter belangrik om te onthou dat onderwysers aanpasbaar moet wees, sodat hulle hulself konstant kan ontwikkel en hul identiteit herontwikkel (Titu, 2019).

### 2.4.8 Die blaar as identiteitkonstruksieproses

Soos wat die lente aanbreek na die winter vernuwe die blare van ’n plant (Van Zyl et al., 1997). Die vorige seisoen se blare verlep, gaan dan dood en vind hulself in dieselfde proses, met uitdagings (soos bv. weersomstandighede,


© University of Pretoria

nuwe omgewings). So ook vernuwe die onderwyser se professionele identiteit soos wat die identiteitkonstruksieproses herhaaldelik plaasvind. Identiteitkonstruksie vind plaas soos wat die onderwyser hom-/haarself wil toelaat om te groei of selfs ’n nuwe uitdaging in die onderwys aanpak.

Uit die voorafgaande literatuuroorsig blyk dit dat die identiteitkonstruksieproses sonder twyfel kompleks en dinamies van aard is en deurlopende selfrefleksie vanaf die onderwyser verg (Titu, 2019). Vervolgens val die kollig op die rol wat selfrefleksie tydens die proses van identiteitsvorming speel.

#### 2.4.8.1. Die bloeisels van nuwe blare

Die bloeisels van enige plant behels ’n nuwe fase van groei. Dit is egter belangrik om in ag te neem dat wanneer ’n plant nie in die korrekte omstandighede en omgewing geplaas word nie, die plant geen bloeisels vir verdere groei sal uitstoot nie (Van Zyl et al., 1997). Vir die onderwyser behels die metaforiese bloeisels egter ’n nuwe fase in hul professionele beroep, aanpasbaarheid van identiteit en konteks. Soos die plant sal die onderwyser ook nie nuwe, kreatiewe wyses van onderrig vind of aanpasbaar kan wees indien sy/hy hulself nie in die korrekte omstandighede en omgewing bevind nie.

Selfrefleksie is die sleutel tot deurlopende aanpasbaarheid van die onderwyser en kan bydra tot ’n positiewe belewenis van die herontwikkeling van die identiteit (Toole & Louis, 2002). Byvoorbeeld, wanneer die onderwyser reflekteer, kan ’n moontlike SSGB-analise (swakpunte, sterkpunte, geleenthede en bedreigings) gedoen word wat dan die gehalte onderrig in sy/haar klas kan verbeter (Toole & Louis, 2002). Die SSGB-analise is waar die swakpunte, sterkpunte, geleenthede en bedreigings by die betrokke onderwyser geïdentifiseer word. Na hierdie analise afgehandel is, kan die onderrig en die onderwyser self ook verbeter. Onderwysers moet professionele ontwikkeling ernstig opneem om aanpasbaar en relevant te bly. As onderwysers nie oor die nodige vaardighede, byvoorbeeld administrasie en


© University of Pretoria

ander een-en-twintigste-eeu vaardighede soos probleemoplossing, beskik om leerders van vandag op te voed nie, gaan die onderwyser vir leerders en kollegas wys dat sy/haar fondasie van pedagogiese kennis nie op datum is nie. Wanneer die pedagogiese fondasie nie vasgelê is nie, lei leerders se opvoeding daaronder (Titu, 2019).

Onderwysers en navorsers behoort in ag te neem dat rolmodelle, vriende en familie ’n enorme rol speel ter voorbereiding van die onderwyser se manier van klasgee, hoe om uitdagings te trotseer en hoe om kreatiewe denkwyses aan te neem wanneer onderrigprobleme ervaar word (Adu & Adu, 2017). Mentors en rolmodelle is dus ’n noodsaaklikheid vir onderwysers om te groei en aanpasbaar te wees (Olsen, 2008).

Volgens Adu en Adu (2017) speel mentoronderwysers ’n enorme rol ter voorbereiding van die onderwyser se klaskamerdinamika en die moontlike opvoedkundige uitdagings wat hulle in hul onderwysloopbaan kan ervaar. Mentors word belangrik geag as gevolg van hul rolle as leiers en die vaardighede wat hulle by beginneronderwysers help ontwikkel, asook hul praktiese pedagogiese kennis wat die teoretiese kennis komplimenteer.

Volgens Titu (2019) kan nuwe onderwysers ongemotiveerd wees om professioneel te ontwikkel wanneer hul welstand nie in ag geneem word nie. Hierdie nuwelinge sukkel nog om hul voete in die klaskamer te vind en ewe skielik het hulle sekere rolle wat hulle moet vervul, al is hulle nog onseker oor wat presies hierdie rolle behels (Titu, 2019). Beauchamp en Thomas (2006) is van mening dat die beginneronderwysers ongelooflike spanning en druk tydens uitdagings in die klaskamer trotseer, omdat “die ideale karaktereienskappe” by hul kele af geforseer word. “Ideale karaktereienskappe” sluit byvoorbeeld in om te dien as *in loco parentis*, emosionele ondersteuning te bied aan ouers, leerders en kollegas, optimale tydbestuur te beoefen, gereelde deelname aan buitemuurse aktiwiteite en nog vele meer. Hierdie uitdagings, soos genoem, in en om die klaskamer sluit onder andere die volgende in:

a) die dinamiese aard van behoeftes van leerders en kollegas,


© University of Pretoria

b) die tegnologiese veranderinge, en

c) die sosiale, ekonomiese en finansiële faktore wat in ag geneem moet word in die klaskamer om topgehalte onderrig te lewer (Beauchamp & Thomas, 2006).

### 2.4.9. Die blombodem van die beginneronderwyser

Dit is tot dusver duidelik dat verskeie faktore, soos genoem in afdelings 2.4.8 en 2.4.8.1, 'n bydrae kan lewer tot die onderwyser se identiteitkonstruksie. Ek verneem dat dit egter ook moontlik is om Jung se individuasieproses deel te maak van die identiteitkonstruksieproses. Die individuasieproses kan moontlik ook gelyk gestel word aan die identiteitkonstruksieproses. Jung se individuasieproses word gebruik om die kompleksiteit van identiteitkonstruksie te verklaar (Tricarico, 2016) en behels dat die individu tot besef moet kom dat identiteit 'n dinamiese konsep is – ongeag professionele of persoonlike identiteit – om sodanig "totaal mens" te word (Tricarico, 2016).

Tricarico (2016) is van mening dat Jung se dinamiese individuasieproses beskou kan word as die onderhandeling tussen alle fasette van "die self" en die individu. Die onderhandeling tussen "die self" en die individu behels egter selfondersoek, bewuswording en analise van "die self". Deur die onderhandeling te laat plaasvind, word die individu bewus van sy/haar persoonlike en professionele identiteit en laat die onderhandeling toe dat die identiteitkonstruksieproses van voor af begin. Verder word daar ondersoek ingestel oor hoekom sekere aspekte (bv. 'n konstante fokus oor die opinie van ander oor die individu self) 'n verskyning in daardie spesifieke individue se lewe maak (Ladkin et al., 2018).

Die individuasieproses kan beskryf word as die strewe van 'n individu om sy/haar volle potensiaal te bereik, terwyl hy/sy voortdurend maniere ondersoek om die bekende en die onbekende in sy/haar gemeenskap te verken (Ladkin et al., 2018). Hierdie proses, wat soms 'n ongemaklike soektog na die "self"


© University of Pretoria

behels, is kompleks omdat die individu, in hierdie geval die onderwyser, dieper delf na die eienskappe en vaardighede wat nodig is om as beginner-Afrikaansonderwyser kwaliteit en produktiewe onderrig te kan lewer.

Stein (2005) meen die individuasieproses is psigoanalities van aard, waar die individu konstant dit wat aan almal bekend is en dit wat nie so bekend is vir ander nie, bedink en analiseer. Soreide (2006) sluit aan by Stein (2005) en verwys hier na Jung se "die skadu" en "die onbekende". Gevolglik verwys "die bekende" na die faktore en/of karaktereienskappe wat vir die individu en ander bekend is, maar "die onbekende" is die faktore en/of karaktereienskappe wat nie vir die individu nie, maar wel vir ander bekend is. Die idee van "die bekende" en "die onbekende" sluit aan by die onderwyser se identiteitkonstruksieproses omdat "die onbekende" ook eers bekend moet word om die onderwyser te bevorder in sy/haar beroepsidentiteit en om professionele ontwikkeling te bewerkstellig. Psigoanalise fokus op die gebeure en ervarings van die verlede en beklemtoon die behoefte om tekortkominge uit die individu se verlede aan te spreek (Soreide, 2006). Deur hierdie benadering word oplossings gesoek vir probleme wat vanuit die verlede ontstaan en wat 'n invloed op die individu se persoonlike en/of professionele identiteit kan hê. Psigoanalise is bekend as hoe die mens verstandelik funksioneer – dit sluit in positiewe en/of negatiewe gedagtes – wat die individu se verstandelike welstand en identiteit kan beïnvloed (Stefana et al., 2022). In Stefana et al. (2022) se studie word die konsep van psigoanalise beklemtoon as 'n subjektiewe ervaring, wat daarop dui dat die begrip van hierdie konsep van individu tot individu kan verskil.

McLeod (2023) wys daarop dat Carl Jung se individuasieteorie op die interaksie tussen die bekende en onbekende in die individu berus. Jung beklemtoon die integrasie van alle aspekte van die individu se persoonlikheid om selfverwesenliking te bevorder (McLeod, 2023). McLeod (2023) is ook van mening dat 'n verskeidenheid van aspekte van "die self" 'n enorme rol speel in die individu se interaksie met "die bekende" (aspekte oor die onderwyser/individu waaroor alle individue ingelig is) sowel as "die onbekende" (aspekte oor die onderwyser/individu waaroor alle individue nie noodwendig


© University of Pretoria

kennis dra nie). Hier word “die onbekende” beskou as “die komplekse”. Hierdie “komplekse” waarna verwys word, is die versameling van gedagtes, gevoelens, perspektiewe, ingesteldhede asook herinneringe verbonde aan ’n spesifieke aspek van die mens se lewe – soos identiteit (McLeod, 2023). Hoe meer elemente ter sake in die versameling, hoe meer kompleks sal die aanpassing daarvan wees.

Volgens McLeod (2023) is individuasie die proses van bewusmaking, waar die individu die psigologiese en sielkundige ontwikkeling aanspreek of self wil ontwikkel. Vervolgens kan die individuasieproses beskou word as die proses waar die individu bewus raak van sy/haar persoonlikheid en potensiaal en sodanig poog om hierdie aspekte te ontwikkel. Die individuasieproses is kompleks van aard en behels die volgende:

a) selfrefleksie en ontleding van “die bekende” en “die onbekende”,

b) die bewustelike deelname aan aspekte van die persoonlikheid en “onbekende” wat deur die individu onderdruk word, en

c) die ondermyning van perfeksionisme deur middel van waarneming van die self, erkenning van aspekte waar tekortkominge moontlik ter sprake is en die integrasie van tekortkominge om “die self” ten volle te ontwikkel.

McLeod (2023) benadruk dat wanneer die bogenoemde proses herhaaldelik geïmplementeer word, die individu sy/haar volle potensiaal sal bereik en die voordeel van die kollektiewe bied. Die individuasieproses laat die individu deurlopend toe om bewus te wees van die self, die bekende, die onbekende en die *anima/animus*. Hierdie bewustheid forseer die individu om elke argetipe van die self te ontwikkel, insluitend die onderwyser se persoonlike en die belangrikste, professionele identiteit. Wanneer die individu die self ontwikkel, verander die individu se benadering tot sy/haar beroep en nuwe, kreatiewe pedagogiek word in en buite die klaskamer verwesenlik. Vervolgens word die vier argetipes kortliks verduidelik.


© University of Pretoria

Ladkin et al. (2018) verduidelik die argetipes waarin die mens se psige verdeel word soos volg:

a) Die ego – dit wat ons van onsself dink en wat ons van onsself weet.

b) Die skadu – wat ons van onsself weet, maar eerder wegsteek vir die res van ons gemeenskap/samelewing omdat sekere eienskappe of gedagtes beskou word as onwelvoeglik.

c) Die *persona* – die sogenaamde masker wat ons as mens/werknemer byvoeg om onsself aanvaarbaar en as "goed genoeg" te laat voorkom.

d) Die *anima* en die *animus* – die *anima* het te make met die vroulike eienskappe waaroor elke individu beskik, sowel as ons optrede hierop gebaseer. Die *animus* is die manlike eienskappe waaroor elke individu beskik, sowel as ons optrede hierop gebaseer.

Vir die individu – onderwyser – om sy/haar volle potensiaal te bereik, behoort die individu ’n punt daarvan te maak om "die skadu" ook in die alledaagse lewe te inkorporeer en "die skadu" te gebruik tot voordeel van die kollektiewe. Ladkin et al. (2018) is van mening dat ons as mens die kollektiewe behoort te verbeter, soos deur Jung beklemtoon is. Die kollektiewe verwys wel na die voordeel van die gemeenskap as geheel – in hierdie geval verteenwoordig die skoolgemeenskap die kollektief. Dit is belangrik dat die onderwyser hom-/haarself wil verbeter tot die kollektiewe ontwikkeling van die konteks waarin hy/sy hom-/haarself bevind. Die sfere ter sake vir die kollektiewe ontwikkeling van die onderwyser sluit in professionele, sosiale, akademiese, kulturele en geestelike welstand (Ladkin et al., 2018).

Ten einde meld Melin (1998) dat identiteit as sodanig nie as ’n eenvoudige konsep beskou kan word nie, maar eerder as veelvoudig en dinamies. Daarom beskou Melin (1998) identiteitkonstruksie as ’n proses waar universele denke, begrip en konseptuele primitiewe idees verbuig word om die individuasieproses met betrekking tot identiteit te bewerkstellig. Die komplekse aard van identiteit behoort in ag geneem te word en die komplekse proses van


© University of Pretoria

identiteitkonstruksie behoort te lei tot die kollektiewe voordeel. In afdeling 2.4.10 word die konsep van kollektiewe voordeel onder die vergrootglas geplaas.

### 2.4.10 Die vrugbeginsel van die beginneronderwyser

Die vrugbeginsel is waaruit nuwe blomme of blare ontwikkel. Wanneer die vrugbeginsel in kontak kom met stuifmeel – aangedra deur bye, vlinders en ander insekte – vorm die plant se blaar/blom. Hierdie proses kan vergelyk word met die herhaaldelike identiteitkonstruksieproses van die onderwyser wat suksesvol voltooi is as gevolg van metaforiese bestuiwing. Die stuifmeel verteenwoordig die ontwikkeling van die self, selfrefleksie, individuasie, die ontwikkeling van persoonlike identiteit, die ontwikkeling van die professionele identiteit en selfs die bewustheid van die verwagte rolle van die beroep. Die vrugbeginsel is dus kollektief. Byvoorbeeld, die bye dra stuifmeel aan en ruil dan weer stuifmeel vanuit hierdie blom/blaar na ander om hierdie blomme/blare te bevrug. Dus ontstaan kollektiewe voordeel.

Volgens Ladkin et al. (2018) word kollektiewe voordeel omskryf as dit wat tot voordeel is vir die omgewing/konteks waarin jy jouself bevind, byvoorbeeld enige aksie waarby jy self nie alleenlik baat nie, maar waar die uitvoerbare aksie lei tot voordeel vir die omgewing of die individue wat hulself in daardie omgewing bevind.

Wanneer die individu – in hierdie geval die onderwyser – dit sy/haar plig maak om die kollektiewe te verbeter, is die identiteitkonstruksieproses voordelig. Alhoewel die proses voordelig is, is dit uiteraard tog kompleks vir die individu, maar die organisasie – in hierdie geval die skool – waarin sy hom-/haarself bevind, sal meer daarby baat vind. Die organisasie vind baat by die individu se identiteitkonstruksieproses aangesien hierdie proses juis toelaat vir kreatiewe denke, kreatiewe probleemoplossing en soveel meer, wat dus die skool se


© University of Pretoria

daaglikse bedrywighede organisatories en glad sal laat verloop (Ladkin et al., 2018).

## 2.5 SAMEVATTING

Hierdie literatuuroorsig bied omvattende perspektiewe na gelang van die bestaande literatuur binne die veld van persoonlike identiteit, professionele identiteit, identiteitkonstruksie en die individuasieproses wat gepaard gaan met identiteitkonstruksie. Laastens bied die literatuuroorsig 'n blik op die konsep van die onderwyser en die rolle wat die onderwyser binne sowel as buite die klaskamer speel.

Na aanleiding van die literatuuroorsig kan daar afgelei word dat onder andere die volgende faktore moontlik kan bydra tot die onderwyser (beginner of ervare) se identiteitkonstruksie:

a) Die rolmodel en die rol wat hy/sy in die onderwyser se lewe gespeel het.
b) Die ideale karaktereienskappe van die onderwyser.
c) Die onderwyser se vermoë om aanpasbaar en kreatief te wees.
d) Die rol van die onderwyser as *in loco parentis*.

Deur die verloop van die literatuurstudie is die relevante literatuur aan die leser daargestel en is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n leemte is wat hierdie navorsing probeer aanspreek. Die leemte is duidelik – minimale navorsing en literatuur wat spreek tot die belewenisse van die beginner-Afrikaansonderwyser en hoe hierdie teikengroep hul professionele identiteit konstrueer.

Die literatuur se perspektiewe en belewenisse word in hierdie hoofstuk daargestel, maar in hoofstuk 4 sal die ingesamelde data, die onderwyser se persoonlike en professionele belewenisse daarstel.

Persoonlike identiteit kan gedefinieer word as die proses waardeur die individu identiteit formuleer volgens verskeie interaksies in sosiale situasies (Walker,


© University of Pretoria

2021). Identiteit kan geskei word volgens professionele en persoonlike identiteit. Persoonlike en professionele identiteit is egter interafhanklik, maar vir die gekose studie word daar klem geplaas op die professionele identiteit van die beginner-Afrikaansonderwyser.

Professionele identiteit is ’n komplekse konsep wat sentreer rondom die onderwyser se bewussyn van hul eie selfbeeld, sy/haar doel as ’n professionele opvoeder en sy/haar rol as fasiliteerder van kennis. Dit sluit ook die onderwyser se eie waardes, oortuigings en geloof in, wat saam ’n invloed het op hoe hulle hul rol en verantwoordelikhede in die onderwys benader (Foster & Foster, 2023).

Vervolgens sal die navorsingsproses beskryf word deur na die metodologie, metodologiese benadering, epistemologie en die konseptuele raamwerk van hierdie studie te verwys.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3

# PLANT DIE SAAD

Die plant van ’n saad vereis sorgvuldige beplanning en sorg, wat direk vergelyk kan word met die metodologiehoofstuk van ’n navorsingsprojek. Hierdie hoofstuk lê die grondslag vir die studie en beskryf die navorsingsontwerp, data-insameling en ontledingsmetodes. Die proses van data-insameling en analise kan vergelyk word met die plant van die saad. Dit vereis presisie en aandag aan detail om te verseker dat die data akkuraat en relevant is. Net soos die boer die saad op die regte diepte en afstand plant, moet die navorser die data op ’n sistematiese en georganiseerde wyse insamel. Sodra die saad geplant is, moet die boer dit versorg deur dit genoeg water te gee en te beskerm teen plae. Net so moet die navorser die versamelde data noukeurig ontleed en interpreteer. Die ontledingsmetodes wat in die metodologiehoofstuk beskryf word, dien as die gereedskap om die data te verstaan en betekenisvolle insigte te verkry.

## 3.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is die relevante literatuur insake die gekose fenomeen aan die leser daargestel. Wanneer die literatuuroorsig in ag geneem word, ontstaan die moontlikheid dat die data-insamelingsproses en die data wat verwerk gaan word, ryk en insiggewende inligting sal oplewer. Voordat die data ingesamel en verwerk kan word, behoort ek, as die navorser, die metodologiese aspekte daar te stel. Die navorsingsmetodologie is die oorkoepelende term vir die metodologiese aspekte wat in hierdie hoofstuk aangebied word. Die metodologiese benadering staaf die metode waarvolgens data ingesamel word


© University of Pretoria

en die verskeie stadia van die navorsing, insluitend die seleksie van die respondente. Dié benadering bevestig verder die data-insamelingsproses, asook hoe hierdie rou data deur die navorser verwerk en geanaliseer sal word (Schilling & König, 2020).

Voorts val die fokus op die metodologie van die studie en die verloop van die data-insameling. Dit is egter van belang om kennis te dra van die metodologiese benadering, aangesien die benadering my, as navorser, lei en die proses van data-insameling vergemaklik om uiteraard ryk en insiggewende data in te samel (Goundar, 2012). Vervolgens word die metodologiese benadering daargestel, sowel as die konseptuele raamwerk, epistemologie, die navorsingsbenadering, navorsingsontwerp, navorsingsmetode en uiteindelik die oorwegende aspekte betreffende die geldigheid en betroubaarheid van die gekose studie. Hierdie hoofstuk het ten doel om die navorser se metodologie duidelik uiteen te sit.

## 3.2 METODOLOGIESE BENADERING

Volgens Goundar (2012) is navorsing ’n logiese en sistematiese soeke na nuwe en bruikbare inligting rakende ’n spesifieke fenomeen. Hierdie soeke na insiggewende inligting laat my toe om oplossings te vind vir die sosiale vraagstukke, soos wat die geval is met die belewenis van die Afrikaansonderwyser se identiteitkonstruksieproses. In hoofstukke 4 en 5 word inligting deur middel van vraelyste en data uit eerlike en insiggewende gesprekke ingesamel. Hierdie data verskaf ’n dieper begrip van die navorsingsonderwerp deur verskillende perspektiewe en ervarings te belig. Deur gebruik te maak van semi-gestruktureerde vrae en oop gesprekke, kan die navorsing waardevolle insigte verkry wat diepte en akkuraatheid aan die bevindinge toevoeg. Hierdie metode help om ’n omvattende oorsig te bied en dra by tot die geloofwaardigheid van die studie se gevolgtrekkings (Maree, 2016).


© University of Pretoria

Die metodologiese benadering kan beskryf word as die benadering tot die navorsingsproses (Goundar, 2012; Maree, 2016). Maree (2016) spesifiseer dat die metodologiese benadering ’n spesifieke styl is wat benut word deur die verloop van ’n navorsingsprojek. ’n Metodologiese benadering bepaal of die navorsing kwalitatief, kwantitatief of moontlik ’n kombinasie van beide behoort te wees. Die metodologiese benadering word deur die navorser bepaal, om sodanig akkurate en insiggewende data oor die onderwerp te bekom (Goundar, 2012). ‘n Kwalitatiewe, kritiese interpretavistiese benadering is van toepassing in die gekose studie, waar semi-gestruktureerde vraelyste en ‘n dapper gesprek, tematies geanaliseer en verwerk is.

In hierdie afdeling word die volgende bespreek:

a) Die konseptuele raamwerk
b) Die epistemologie van die studie
c) Die navorsingsbenadering
d) Die navorsingsontwerp
e) Die navorsingsmetode
f) Die geldigheid en betroubaarheid van die studie
g) Die etiese oorwegings wat voortspruit uit die gekose studie.

Vir die doel van hierdie navorsing is data versamel (soos uiteengesit in afdeling 2.4) met ’n fokus op gestruktureerde en sistematiese insamelingstegnieke. Hierdie benadering skep geleenthede om kontekstuele en unieke gevalle as uitskieters te identifiseer, wat ’n waardevolle dimensie tot die navorsing toevoeg wanneer primêre met sekondêre data uit aanvullende bronne geanaliseer en saamgevoeg word. Deur hierdie kombinasie van primêre en sekondêre data, kan daar ’n omvattender en meer genuanseerde prentjie van die navorsingsonderwerp ontwikkel word, wat die akkuraatheid en relevansie van die bevindinge versterk.


© University of Pretoria

### 3.2.1 Die konseptuele raamwerk van die studie

Volgens Imenda (2014) kan ’n konseptuele raamwerk beskou word as die sintese van onderlinge verwante komponente en veranderlikes wat daartoe sal bydra om ’n werklike problematiese kwessie op te los. Die konseptuele raamwerk is die finale lens wat gebruik word om die navorsingsvraag betreffende die fenomeen wat ondersoek word, te antwoord (Imenda, 2014). Adam et al. (2018) beskou ’n konseptuele raamwerk as die struktuur waarvolgens die progressie van die fenomeen uitgebeeld word. ’n Konseptuele navorsingsraamwerk is dus ’n gestruktureerde benadering wat gebruik word om komplekse idees, teorieë of konsepte binne ’n navorsingstudie te organiseer en te verstaan. Dit dien as ’n kaart wat die sleutelkonsepte en hul verhoudings uiteensit, en die navorsingsproses van begin tot einde lei.

In hierdie studie is die konseptuele raamwerk my (die navorser) wyse waarop daar aangedui word hoe die fenomeen ontleed sal word en hoe die proses by die beduidende terminologie van die studie aansluit. Die konseptuele raamwerk (sien figuur 3.1) is ’n samevatting van verskeie faktore, soos veranderlikes, karaktereienskappe, menings en vele meer. Die konseptuele raamwerk laat navorsers toe om hul eie gevolgtrekkings oor die studie te maak – wat egter soms nadelig kan wees vir beide die leser en die navorser, aangesien gevolgtrekkings ‘n subjektiewe interpretasie bied. Die gevolg is dat sal beide, die leser en navorser, se interpretasies kan verskil (Maree, 2016).


In hierdie studie is ’n tematiese analise van die respondente se data ter sake. Hierdie raamwerk is nuttig om die leser in te lig oor die kwessies wat moontlik in die studie na vore kom (Maree, 2016). Die konseptuele raamwerk sal die raamwerk daarstel om die studie te lei en nie om die studie se paradigma en/of metodologie te bepaal nie – ook om te dien as die strategie vir data-insameling (Maree, 2016). Chinyere en Eze Val (2023) dui ook aan dat ’n konseptuele raamwerk van belang is om die proses van navorsing deeglik te behartig.

’n Inhoudsanalise behels dat ek ’n groot hoeveelheid data/tekste kwalitatief sorteer (Maree, 2016). Tydens ’n inhoudsanalise word die perspektief van die


© University of Pretoria

deelnemer insake die gekose fenomeen vasgevang – in hierdie studie die identiteitkonstruksie van die beginner-Afrikaansonderwyser. Volgens Maree (2016) kan die perspektiewe van die respondente in ’n groep of individueel weergegee word, maar vir hierdie studie sal dit eerder deur semi-gestruktureerde vraelyste geskied. Die tematiese analise van die inhoud van die versamelde data is gefokus om die deelnemer se refleksie oor die vrae wat in die vraelyste voorkom, sistematiese en objektief te kategoriseer en tematies aan die leser aan te bied. Die tematiese analise van die inhoud sal fokus op die belewenisse van die respondente en die perspektiewe wat elkeen deurgee. Waar daar ooreenstemming is, word bevindinge bevestig en waar daar afwykings is, word sekere perspektiewe van ander respondente afgekeur. Die vrae gestel aan respondente sowel as die bevindinge en die abstrakte aard van data sal moontlik in perspektief verskil (Maree, 2016). Die analise moet tematies gerangskik word, wat unieke data sal oplewer en ek die geleentheid gebied word om primêre en sekondêre data te vergelyk en te bespreek (Chinyere & Eze Val, 2023).

Hierdie studie se veranderlikes word aan die hand van Beauchamp en Thomas (2006) se konseptuele raamwerk geïllustreer (sien figuur 3.1).





© University of Pretoria

***Figuur 3.1.* Die konseptuele raamwerk** (Gebaseer en aangepas vanaf Beauchamp en Thomas (2006) se konseptualisering oor die onderwyser se identiteit.)

Beauchamp en Thomas (2006) se konseptuele raamwerk dryf die navorser tot die ontginning van die proses van identiteitkonstruksie en watter faktore ’n bydrae lewer om onderskeid te tref tussen die beginner-Afrikaansonderwyser en die ervare beginner-Afrikaansonderwyser. Beauchamp en Thomas (2006) beklemtoon dat die identiteitkonstruksieproses dinamies van aard is en dat daar verskeie waarnemings is van hoe die beginner-Afrikaansonderwysers hul identiteit konstrueer – en dat hierdie onderwysers se “herkonstruksie” van identiteit moontlik deurlopend van mekaar kan verskil.

Elke onderwyser se waardes en oortuigings, praktyk en identiteitkonstruksie is dus ’n dinamiese proses wat voortdurend behoort te verander. Die dinamiese aard van die identiteitkonstruksieproses bevorder die realiteit van onderwysers wat aanpasbaar, dinamies en lewenslange leerders is – dit bevoordeel nie net die onderwysers nie, maar ook die leerders (Titu, 2019).

### 3.3 DIE EPISTEMOLOGIE VAN DIE STUDIE

Die epistemologie van ’n studie vorm die teoretiese raamwerk wat die navorser rig om die beoogde resultate te ondersoek soos die studie vorder (Maree, 2016). Dit dien nie slegs as die agtergrond waarteen die navorser werk nie, maar bepaal ook hoe die metodologiese benadering en navorsingsontwerp uiteindelik gevorm word (Maree, 2016). In hierdie studie is die epistemologiese benadering van groot belang, aangesien die data van respondente op ’n spesifieke manier ingesamel is. Hierdie data-insameling behels vraelyste en diepgaande - of eerder dapper gesprekke - waarin respondente die geleentheid kry om te reflekteer op hul ervarings en perspektiewe oor die gekose sosiale fenomeen. Deur hierdie benadering word die sosiale konteks en individuele persepsies op ’n genuanseerde wyse onder die loep geneem.


© University of Pretoria

### 3.3.1 Kritiese interpretivistiese benadering

Vir die doel van hierdie studie sal die kritiese interpretivistiese benadering toegepas word. Hierdie benadering word gedefinieer as 'n reflektiewe proses wat die respondente se interpretasie van realiteit as die basis gebruik (Howcroft & Trauth, 2005). Volgens Howcroft en Trauth (2005) word die antwoorde van respondente – die rou data – krities ontleed en tematies georden. Ek, as navorser, volg hierdie benadering om die resultate op 'n gestruktureerde, georganiseerde en chronologiese wyse aan te bied, en die belewenisse van die respondente met behulp van die vraelyste en diepgaande gesprekke vas te stel.

In hierdie navorsing word kritiese interpretivistiese bewustheid as epistemologiese benadering gebruik. Mingers (2000) beklemtoon dat kritiese bewustheid die psigologiese aspekte van die individu behels, wat 'n impak het op hoe die individu hom-/haarself sien en hom-/haarself in staat stel om te ontwikkel.

Kritiese interpretivistiese bewustheid as benadering moedig die individu – in hierdie geval, die beginneronderwyser – aan om hom-/haarself en toekomstige navorsers bewus te maak van hul eie vaardighede, karaktereienskappe, pedagogiese kennis en belewenisse (Maree, 2016). Hierdie benadering maak die onderwyser bewus daarvan dat hierdie vaardighede, karaktereienskappe en pedagogiese kennis geanaliseer, geëvalueer en verbeter moet word waar nodig, om sodoende die individuasieproses in die identiteitkonstruksie soveel moontlik te bevorder. Kritiese bewustheid poog ook om enige sosiologiese perspektiewe aan die lig te bring en/of foutiewe gevolgtrekkings uit te skakel (Mingers, 2000).

Die kritiese interpretivistiese benadering is vir my van groot waarde om rou data om te skakel na tematiese inligting, aangesien die respondent se perspektief van realiteit vergelyk sal word met dié van ander respondente wat aan die


© University of Pretoria

studie deelgeneem het (Howcroft & Trauth, 2005). Dit is ook van belang om die faktore wat die belewenis van die identiteitkonstruksieproses vir elke respondent sal beïnvloed, in ag te neem. Volgens Zare-ee en Ghasedi (2014) word professionele identiteit beïnvloed deur ’n verskeidenheid faktore, soos sosiale status, sosio-ekonomiese status, gesinsdinamika, vriendskappe, rolmodelle, verantwoordelikhede tuis en in die werksplek, sowel as die leerders se prestasies en vaardighede.

### 3.4 DIE NAVORSINGSBENADERING

’n Navorsingsbenadering is van belang in enige navorsingstudie, aangesien die benadering die wyse beïnvloed waarop data versamel word (Goundar, 2012). In hierdie studie word daar spesifiek gefokus op die kwalitatiewe navorsingsbenadering, aangesien die respondente se belewenisse die meerderheid gewig dra om insiggewende inligting daar te stel.

Volgens Engelbrecht (2015) stel die navorser ’n navorsingsvraag in kwalitatiewe navorsing en geen doelwit of hipotese word daargestel nie. In hierdie studie is ’n primêre navorsingsvraag gestel, saam met ’n subvraag om die studie verder te lei, wat die doel het om dieper insig in die gekose fenomeen te verkry. Hierdie benadering help ook om die kompleksiteit van die ondersoekte fenomeen te omskryf (Engelbrecht, 2015). Daarom fokus die kwalitatiewe navorsing op die ondersoekende aard van die navorsingsprojek, die interaksies asook die persoonlike ervarings van die respondente wat dan moontlik die uniekheid en die kultuurgebondenheid van die ingesamelde data beklemtoon (Engelbrecht, 2015).

Volgens Chinyere en Eze Val (2023) is die doel van kwalitatiewe navorsing om tekstuele en konteksgebonde data in te samel en sodoende ’n in-diepte-analise (tematies) te laat geskied. ’n Kwalitatiewe benadering tot die navorsing sal die navorser toelaat om unieke, kontekstuele data aan te bied deur middel van deelnemers/respondente se perspektiewe – of soos in hierdie studie


© University of Pretoria

belewenisse – in ag te neem en te ontleed (Chinyere & Eze Val, 2023). ’n Voordeel van kwalitatiewe navorsing wat Chinyere en Eze Val (2023) herhaaldelik beklemtoon, is dié van unieke data. Die begrip van “unieke data” verwys na die idee dat daar moontlik ooreenkomste in data van deelnemers/respondente sal verskyn, maar dat data gewoonlik baie persoonlike en professionele belewenisse daar kan stel, wat sal lei tot nuwe insigte en kennis rakende ’n spesifieke fenomeen.

Kwalitatiewe navorsing is die sistematiese versameling van subjektiewe data (verwys na afdeling 2.4.1. – 2.4.10.) van respondente wat volgens temas herrangskik word (Maree, 2016). Die respondente sal in die gemak van hul natuurlike omgewing die vraelys (Addendum A ) beantwoord en dapper gesprekke voer. Die rede vir die gekose metodologiese benadering is weens die subjektiewe kompleksiteit van die fenomeen wat ondersoek word en die persoonlike belang van die studie vir myself en ander onderwysers – jonk of oud. Kwalitatiewe data-insameling poog om die respondente/lesers, sowel as myself, in te lig oor die belewenis van identiteitkonstruksie van die beginner-Afrikaansonderwyser en hoe dit ’n spesifieke demografie, die beginner-Afrikaansonderwyser, affekteer.

## 3.5 NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp plaas die insameling van data onder die vergrootglas, aangesien die navorsingsontwerp die tegnieke behels waarop data ingesamel word (Goundar, 2012). Ek het gebruik gemaak van vraelyste en dapper gesprekke tydens die data-insamelingsproses. Die kwalitatiewe metodologiese benadering word ingespan om die belewenisse van elke respondent vas te vang.

Ek het kwalitatiewe vraelyste (Addendum A ) gebruik om sodanig ’n geheelbeeld van die fenomeen te skep (Given, 2008). Die gebruik van semi-gestruktureerde vraelyste via GoogleForms skep die geleentheid vir


© University of Pretoria

insiggewende data betreffende die respondente en skep ’n geleentheid vir verdere navorsing oor die fenomeen in die toekoms.

Verder steun ek op die dapper gesprekke, soos gedefinieer en bespreek in afdeling 3.5, wat plaasgevind het. Die dapper gesprekke laat die respondente toe om weereens te reflekteer oor hul identiteitkonstruksieproses, hul vak, sowel as die respondente se verstandhouding van hul professionele identiteit en hoe hierdie identiteit tot stand gebring word (De Villiers & De Jager, 2021).

Die kwalitatiewe benadering tot die fenomeen en die impak van die beoogde studie, laat my sowel as die leser toe om hul kennis oor die belewenisse van identiteitkonstruksie in beginner-Afrikaansonderwysers te verbreed. Nie net laat dit die navorser toe om insig tot die fenomeen te verkry nie, maar in hierdie geval ook dat elke onderwyser hul eie perspektief van die fenomeen het.

Given (2008) is van mening dat kwalitatiewe navorsing steun op die idee dat vergelykings gemaak word tussen die respondente se data in terme van die prominente tendense, verbintenisse en/of temas. Wanneer die prominente tendense, verbintenisse en/of temas bespreek word in terme van onderwyseridentiteit, laat dit nie net myself toe om ingelig te word oor die fenomeen nie, maar ook die potensiële leser (Given, 2008). Sodanig sal hierdie studie ook moontlik ’n bydra maak tot toekomstige studies van ander navorsers aangesien daar tot op hede beperkte studies insake die gekose fenomeen is. Hierdie studie word dus vanuit verskeie perspektiewe – of eerder belewenisse – aan die leser oorgedra, naamlik deur middel van kwalitatiewe data, wat vrywillig deur respondente verskaf word, vraelyste en diepgaande gesprekke oor die proses van identiteitkonstruksie en die individuasieproses wat hiermee verband hou.

Die data wat deur vraelyste en dapper gesprekke ingesamel word, sal ook gebruik maak van doelgerigte data-insameling, om sodanig elke deelnemer se perspektief weer te gee en ’n kollektiewe “prentjie” daar te stel. Daar is egter die moontlikheid dat navorsing – soos hierdie – ander resultate kan oplewer as


© University of Pretoria

wat daar aanvanklik verwag word, wat ook insiggewend sal wees vir beide die navorser en die leser/s (Creswell & Creswell, 2014).

Creswell en Creswell (2014) dui aan dat die kwalitatiewe metodologiese benadering tot enige studie gemik is op die insameling van ryk data oor die gekose onderwerp. In hierdie studie is gepoog om ryk data oor die identiteitkonstruksieproses van die beginner-Afrikaansonderwyser in te samel.

Goundar (2012) ondersteun dat kwalitatiewe data ryk en insiggewende data insake ’n gekose fenomeen sal oplewer. Die beginneronderwyser (met 1-5 jaar ervaring) vorm deel van die voorgestelde studie. Hierdie data word dan gebruik om insiggewende analises, gevolgtrekkings en resultate op te lewer om sodoende die leser in te lig oor die posisie in die skool en hoe die belewenis van identiteitkonstruksie van ander s’n verskil. Alhoewel die data en die analise daarvan uniek is, sal daar ook moontlike ongewenste data verskyn wat die navorser, sowel as die respondente/deelnemers se data, ongeldig/nie bruikbaar maak (Chinyere & Eze Val, 2023). Die terugvoer vanaf die respondente stem nie noodwendig ooreen met die data wat deurgegee is deur ander deelnemers nie (Ellis et al., 2011).

Indien die navorsingsproses deeglik gevolg word, sal die gewenste data bekom word en die leser/s kan daarna insiggewende resultate gebruik om hulself, hul professionele identiteit en die proses daaraan verbonde noukeurig te ondersoek. Die proses van individuasie kan by elk van die respondente bepaal word en hoe dit bydra tot die professionele identiteitkonstruksieproses.

### 3.6 NAVORSINGSMETODE

’n Geriefsteekproef is in hierdie studie van toepassing. ’n Semi-gestruktureerde vraelys is aan vyf tot tien respondente gestuur en daarna is ’n dapper gesprek gevoer met die deelnemende respondente wat vrywilliglik aan die gekose studie deelgeneem het (Lavrakas, 2008). Hierdie data verkry deur bogenoemde metodes, vertolk dan die professionele verhaal van die


© University of Pretoria

deelnemende beginner-Afrikaansonderwyser. Met toestemming vanaf die betrokke partye is die vraelyste aan drie tot ses hoërskole in die Gauteng-provinsie gestuur. Skuilname is aan elke gekose skool geallokeer, sodat geen individu of beeld van die instelling benadeel/bevoordeel word nie. Die geriefsteeksproef is beskou as die geskikte metode vir die doel van hierdie navorsing, aangesien hierdie metode nie so tydrowend is nie en steeds die navorser toelaat om insiggewende resultate daar te stel.

Om die data se geldigheid en betroubaarheid in die gekose studie te verhoog, is die rou data se inhoud geanaliseer en bruikbare algemene temas of tendense is uitgelig om die daargestelde primêre navorsingsvraag en subvraag te kan beantwoord (Chinyere & Eze Val, 2023). Die tendense is aan die leser deur ’n tematiese analise en daarna die professionele storie van elke respondent uitgelig, wat weereens beoog om die algemene tendense te identifiseer (Werbinska, 2017). Die studie is dus gefokus op die ontbloting van sosiale realiteit, wat die studie empiries van aard laat (Maree, 2016).

Volgens Maree (2019) is kwalitatiewe navorsing ’n herhalende drierigtingproses wat die volgende behels:

1) Neem kennis van die fenomeen.
2) Versamel die rou-data vanaf respondente.
3) Dink na oor die data verkry uit die steekproef.

Maree (2016) se drierigtingproses vind plaas terwyl die fenomeen bestudeer word, aangesien ’n tematiese analise van die respondente se vraelyste en dapper gesprekke toegepas word om bevindinge daar te stel. ’n Tematiese analise word in verskeie navorsingsprojekte gedefinieer as die proses van die organisering van data in sinvolle tematiese afdelings (Smith et al., 2015). Hierdie benadering behels die identifikasie, herkenning en interpretasie van temas en tendense wat na die insameling van data – deur middel van vraelyste en diepgaande gesprekke – aan die lig kom (Chinyere & Eze Val, 2023).


© University of Pretoria

Die data is as volg verwerk:

a) ’n semi-gestruktureerde vraelys is aan die deelnemer gerig.
b) ’n Dapper gesprek is met die beginner-Afrikaansonderwyser rakende die oop-einde vrae gevoer.
c) Die vraag se antwoord is gekombineer met die dapper gesprek en uiteindelik is die deelnemer se professionele storie oopgevlek en geanaliseer.
d) Tendense en patrone rakende die bogenoemde is dan bepaal.

Soos reeds genoem word ’n dapper gesprek omskryf as die semi-gestruktureerde gesprek waar daar verdere ondersoek ingestel word insake ’n spesifieke fenomeen (De Villiers & De Jager, 2021). In hierdie studie is die dapper gesprekke gekies tot verdere insig aangaande die gekose fenomeen. Die dapper gesprekke bied ’n geleentheid vir respondente om hul belewenisse daar te stel, sonder oordeel. Dapper gesprekke kan positiewe en negatiewe belewenisse skep, maar laat my toe om óf die norm daar te stel óf die norm af te keur (De Villiers & De Jager, 2021). Hierdie dapper gesprekke lei tot outentieke data wat opgelewer word deur elk van die deelnemers (De Villiers & De Jager, 2021). Hierdie outentieke data lewer emosionele en persoonlike onmeetbare perspektiewe van elke deelnemer, in hierdie geval die beginner-Afrikaansonderwyser, se belewenisse.

In my hoedanigheid as navorser, het ek met dapper gesprekke ten doel om ongemaklike besonderhede wat respondente nie noodwendig op ’n vraelys deel nie, te ontbloot. Hierdie dapper gesprekke laat respondente toe om te reflekteer en na te dink oor hul professionele identiteit, sowel as hul identiteitkonstruksieproses (De Villiers, & De Jager, 2021). Só lewer respondente ryk en insiggewende data met betrekking tot die fenomeen – die belewenis van die beginner-Afrikaansonderwyser se identiteitkonstruksieproses.

Volgens Smith et al. (2015) is tematiese analise die sistematiese en indiepte-analise van sosiale fenomene, waar data in hanteerbare dele gegroepeer word


© University of Pretoria

om sodanig prominente ervarings, gebeurtenisse en kommentaar met die leser te deel. Daar is insake die fenomeen – die beginner-Afrikaansonderwyser se identiteitkonstruksie – gebruik gemaak van ’n tematiese analise om duidelikheid oor die identiteitkonstruksieproses aan die leser en navorser te verskaf. Engelbrecht (2015) is ook van mening dat die tematiese analise van data, siklies van aard is. Dus is daar gereeld na data verwys in verbintenis met die literatuur, teorieë en tendense verkry vanaf respondente se ervarings, waarnemings en observasies oor hul reis deur die identiteitkonstruksieproses as beginner-Afrikaansonderwyser by ’n hoërskool.

## 3.7 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID

Geldigheid en betroubaarheid verwys na die vertroulikheid en werklikheidsgetrouheid van die bevindinge (Anney, 2014). Die studie sou slegs akkuraat en betroubaar wees indien die ontledings ooreenstem met die navorsingsvraag. Die daargestelde vraelys is dus sistematies saamgestel en geanaliseer om sodanig die geldigheid en die betroubaarheid van die studie te verhoog (Maree, 2016).

Chinyere en Eze Val (2023) is van die oortuiging dat die gebruik van vraelyste en dapper gesprekke navorsers in staat stel om primêre data met sekondêre data te vergelyk, wat die betroubaarheid en geldigheid van die navorsing versterk. Verder bied kwalitatiewe navorsing die geleentheid om individue se belewenisse en perspektiewe noukeurig vas te vang, wat die akkuraatheid van die studie verhoog (Chinyere & Eze Val, 2023). Hoewel hierdie benadering die akkuraatheid in terme van deelnemers se persoonlike ervarings verbeter, kan dit die geldigheid van die bevindings beïnvloed weens die beperkte en doelgerigte aard van die steekproef.

Die data wat deur die vraelyste ingesamel word, sowel as die data van die dapper gesprekke, sal kwalifiseer as volledig en outentiek, mits die navorsingsvraag aangespreek word.


© University of Pretoria

### 3.7.1 Analise van die steekproef se data

Die gekose metode gedurende hierdie navorsing is daargestel om die kwalitatiewe navorsingsmetode uit te lig en sodanig hiervolgens data tematies te analiseer.

## 3.8 MOONTLIKE PROBLEME EN BEPERKINGS

In die beplanning en uitvoering van navorsing is dit van belang om in ag te neem dat ek, as die navorser, verskeie aspekte met betrekking tot die etiese implikasies van die navorsing in gedagte moet hou (Cresswell & Cresswell, 2014).

Volgens Maree (2019) kan die volgende beperkings ’n beduidende rol speel:

a) Respondente moet vrywillig instem en glad nie geforseer/verplig voel om aan die studie deel te neem nie. Daar is dan ook die moontlikheid dat respondente deelname aan die studie as tydsaam sal beskou en dus nie daaraan sal wil deelneem nie.

b) Privaatheid en vertroulikheid (anonimiteit) is baie belangrik en respondente moet gevrywaar word van die onthulling van hul identiteit, indien respondente enigsins voel hul privaatheid asook die vertroulikheid van die navorsingsprojek word nie as belangrik geag nie, sal hulle nie aan die navorsingsprojek wil deelneem nie.

c) Die navorser moet in ag neem dat die gekose studie ’n positiewe of selfs negatiewe uitwerking op die lesers en/of respondente sal hê. Dus moet ek gereed wees om respondente en lesers se kommentaar te aanvaar en in ag te neem.

d) Ek moet die toegang tot respondente in ag neem, sowel as die hoeveelheid respondente beskikbaar. In hierdie studie is ’n spesifieke demografie van onderwysers/onderwyseresse ter sake wat moontlik ’n invloed op die


© University of Pretoria

hoeveelheid en toegang tot respondente gehad het. ’n Beperkte hoeveelheid respondente sal beskikbaar wees, aangesien die studie spesifieke aspekte en kriterium het waaraan respondente behoort te voldoen. As gevolg van die aard van die studie/navorsing sal die respondente se data moontlik ook nie verteenwoordigend vir alle onderwysers wees nie.

e) Aangesien die respondente hul sienings aan my sal openbaar, impliseer subjektiewe data die respondente se persoonlike perspektiewe, opinies en/of houdings teenoor ’n sekere onderwerp, wat dan tematies aan die leser/s deurgegee word.

f) Objektiwiteit is nie moontlik nie, weens die komplekse en subjektiewe aard van die fenomeen wat bestudeer/nagevors word.

g) Literatuur insake Afrikaansonderwysers se belewenis van identiteitkonstruksie is beperk, daarom laat die literatuur ’n leemte wat hierdie navorsingsprojek sal poog om te vul. Die studie kan nie beskou word as verteenwoordigend vir alle beginner-Afrikaansonderwysers nie.

## 3.9 ETIESE OORWEGINGS

Maree (2019) is van mening dat drie etiese beginsels van toepassing is wanneer die navorser enige respondent/deelnemer nader: a) wederkerige voordeel, b) respek vir respondente se outonomie en c) regverdigheid. Wanneer die drie etiese beginsels in ag geneem word, behoort die navorser dus ingeligte toestemming van respondente aan te vra, aan die respondente alle voordele en nadele van die studie noem en nie net die effek op die respondent nie (Maree, 2019). Hieronder volg die etiese oorwegings.

Die volgende etiese oorwegings behoort te alle tye tydens die data-insameling in ag geneem te word en die studie het hieraan voldoen:


© University of Pretoria

1. Etiese goedkeuring vanaf die instansie: ek moet alle relevante dokumentasie, sowel as relevante vrae betreffende die etiese oorwegings aan die instansie voorlê om sodoende goedkeuring vanaf die instansie te verkry. Ek het alle dokumentasie ingedien en alle vrae beantwoord, soos vereis deur die instansie. Goedkeuring is verwerf nadat die etiese komitee ’n indiepte-analise van die navorser se vraelys, dapper gesprek, titel en ander etiese aspekte oorweeg het (Maree, 2019).
2. Ingeligte toestemming van respondente: alle respondente, ouer as 18, moet ingeligte toestemming aan my bevestig. Ek het ’n inligtingsbrief en ’n vrywaringsvorm saamgestel wat verduidelik waaroor die studie handel, wat die vraelys behels en dat ’n dapper gesprek sal geskied nadat die vraelys voltooi is (Maree, 2019).
3. Anonimiteit en konfidensialiteit: respondente behoort verseker te word dat hul identiteit/reputasie geen skade sal lei nie, ongeag hul antwoorde op die vraelys en/of dapper gesprek. Alle data ingesamel, insluitend name, e-pos-adresse en antwoorde op vrae moet beskou word as uiters konfidensieel en mag onder geen omstandighede geopenbaar word nie (Maree, 2019). Maree (2019) beklemtoon ook dat geen respondente se name ontbloot mag word tydens enige fase van die navorsing nie. Tydens hierdie studie is skuilname aan respondente toegeken om hul identiteit, professionaliteit, sowel as reputasie te beskerm.
4. Die reg om te onttrek (respondente): alle respondente het die reg om tydens enige stadium van die studie te onttrek (Maree, 2019). Geen respondent is tydens hierdie studie geforseer om deel te neem nie en dit is duidelik gestaaf, dat sou hul wou onttrek, is dit hul keuse. Hierdie respondente sou op geen manier benadeel word vir hul keuse nie.
5. Invloed van die navorser op die respondente: ek moet waak daarteen om respondente te beïnvloed met betrekking tot hul outonomie, gesag, antwoorde en so meer (Maree, 2019). Die navorser moet die belange en die welstand van die respondente as eerste prioriteit ag en mag geensins negatiewe invloed bewerkstellig nie (Maree, 2019).


© University of Pretoria

6. Respek en integriteit: die navorser behoort op ’n professionele wyse data te werf. Geen data mag verwerf word sonder dat die respondente daarvan weet nie. Respondente behoort ook in kennis gestel te word van watter data in hoofstukke 4 en 5 gebruik word (Maree, 2019).
7. Sosiale waarde van die navorsing: navorsing behoort sosiale welstand te bevorder (Maree, 2019). Sodanig moet die navorser daartoe streef om die welstand van die gemeenskap/teikengroep te bevorder (Maree, 2019). In hierdie studie poog die navorser om die welstand van die beginner-Afrikaansonderwyser te bevorder om ’n blywende impak te laat.

## 3.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die verskeie elemente van die navorsingsproses wat die metodologie, metodologiese benadering, navorsingsontwerp, etiese oorwegings, en faktore wat die geldigheid en betroubaarheid van die studie beïnvloed, aanspreek. Die metodologiese benadering speel ’n sleutelrol in die wyse waarop data deur die navorser ingesamel word (Maree, 2016). ’n Grondige benadering tot die navorsingsproses verhoog die akkuraatheid, geldigheid en betroubaarheid van die studie.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 4

# VERSORGING VAN DIE SAAILING EN DIE GROEI EN ONTWIKKELING

Die versameling van navorsingsdata en die versorging van 'n plant deel verskeie ooreenkomste in terme van aandag, geduld en 'n sistematiese benadering. Net soos 'n saailing gereeld water, sonlig en voedingstowwe benodig om te floreer, vereis die versameling van navorsingsdata konsekwente inspanning, noukeurige waarneming en die regte gereedskap om akkurate inligting in te samel. Beide prosesse behels die monitering van vordering en aanpassings soos nodig. Vir 'n saailing kan dit beteken dat sy ligging verander moet word of die aanpassing van sy waterskedule, terwyl dit in navorsing kan beteken om data-insamelingsmetodes te verfyn of om onverwagte veranderlikes aan te spreek. Uiteindelik vereis beide aktiwiteite toewyding en bevoegdheid om suksesvolle uitkomste te behaal.

## 4.1 INLEIDING

Die insameling en ontleding van data word met die groeiproses vergelyk. Hierdie hoofstuk beskryf die data, interpreteer die data, en identifiseer patrone en insigte wat bydra tot die ontwikkeling van navorsingsbevindinge om te bepaal watter faktore 'n rol speel by die beginner-Afrikaansonderwyser se belewenis van sy/haar identiteitkonstruksieproses.

Vervolgens word die data-analise en bevindinge uiteengesit. Eerstens sal die prominente temas wat na vore gekom het tydens die data-analiseproses bespreek word. Die data verkry deur die deelnemers se vraelyste en dapper gesprekke is stelselmatig, sistematies en tematies geanaliseer. Daar is ook 'n plant aan elkeen van die deelnemers toegeken, wat gebaseer word op die simboliese betekenis van daardie plant vir die navorser. Daaropvolgend sal die analise van die data uiteengesit word met die gepaardgaande bevindinge.


© University of Pretoria

## 4.2 DATA-ANALISE, BEVINDINGE EN INTERPRETASIE VAN DATA

In hoofstuk 3 is die voorgestelde metodes vir data-insameling en -analise bespreek. Volgens Goundar (2012) lei die metodologiese benadering die navorser om die proses van data-insameling te vereenvoudig. ’n Tematiese analise deur middel van ’n tematiese analise van die data is gevolg, om die perspektiewe van die deelnemers vas te lê en die fenomeen – die belewenis van die identiteitkonstruksieproses van die beginner-Afrikaansonderwyser – te ondersoek. Maree (2016) is van mening dat ’n tematiese analise veral geskik is om die vergrootglas op die belewenisse van elke deelnemer te plaas en veranderlikes te identifiseer, soos uitgewys in figuur 3.1 (Maree, 2019).

Die kritiese interpretivistiese benadering is ter sake omdat die deelnemers ’n reflektiewe proses gebruik om die bepalende belewenisse van hul identiteitkonstruksieproses te beskryf. Die kritiese interpretivistiese benadering is van besonderse belang vir hierdie studie omdat hierdie benadering die psigologiese aspekte (vaardighede, karaktereienskappe, kennis, belewenisse) staaf wat ’n impak sal laat op hoe die deelnemers hulself sien (Mingers, 2000). Die deelnemers se data-insamelingsproses is behartig deur middel van ’n geriefsteekproef. Die populasie van hierdie steekproef was gefokus op en beperk tot die beginner-Afrikaansonderwyser van die senior en VOO-fase. Elke deelnemer se vraelys en dapper gesprek is sistematies geanaliseer – vraag vir vraag – om die geldigheid, akkuraatheid en betroubaarheid van die data te verseker. Die deelnemers se respons op die vraelys, sowel as die dapper gesprekke, word vervolgens in besonderhede bespreek.

### 4.2.1 Vraelysanalise

Die vraelyste aan die deelnemers het verskeie afdelings gehad. Hierdie afdelings sluit in:

- Biografiese inligting


© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Onderwyser/Professionele inligting
- Oopeinde vrae met betrekking tot identiteitkonstruksie en watter narratief die deelnemer sou gebruik om sy/haar identiteitkonstruksieproses en belewenis hiervan uit te beeld
- Reflekterende vrae
- Goedkeuring en toestemming vir dapper gesprek

Elke deelnemer het sy/haar eie interpretasie van die vrae aangebied en hierdie data is tematies geanaliseer.

#### 4.2.1.1 Die biografiese data van deelnemers

Hieronder volg ’n opsomming van die biografiese inligting van die deelnemers. Alle deelnemers het vrywilliglik deelgeneem, waarvan drie uit die vyf deelnemers manlike beginner-Afrikaansonderwysers is. Dit het opgeval dat die ouderdomme van die deelnemers nie dieselfde was nie. Een uit vyf van die deelnemers is tussen die ouderdom van 20-25 jaar en die ander vier deelnemers is tussen die ouderdom van 26-30 jaar.





***Figuur 4.1 Biografiese data***


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

#### 4.2.1.2 Die professionele inligting van deelnemers

Die deelnemers is gevra vir watter fase hulle skoolhou, of hulle EAT en/of HT aanbied en die jare se ervaring in hul beroep as beginner-Afrikaansonderwyser. Twee uit die vyf onderwysers het aangedui dat hulle Afrikaans in die VOO-fase aanbied en die ander drie bied Afrikaans Eerste Addisionele Taal aan. Alle deelnemers word beskou as beginneronderwysers, want nie een van hulle beskik oor meer as vyf jaar se werkservaring nie.




***Figuur 4.2 Vakverwante en professionele ervaring***

### 4.2.2 Die analise en bevindinge van die semi-gestruktueerde vraelyste

In hierdie studie is die deelnemers versoek om ’n vraelys te voltooi wat handel oor die belewenis van die beginner-Afrikaansonderwyser se identiteitkonstruksieproses. Hieronder volg die analise van die vraelys. Alle deelnemers is versoek om die vraelys anoniem te voltooi om die identiteit van elke deelnemer te beskerm.


© University of Pretoria

#### 4.2.2.1 Die definisie van professionele identiteitkonstruksieproses volgens deelnemers

Die deelnemers is gevra om die moontlike aspekte wat 'n rol speel in die professionele identiteitkonstruksieproses neer te pen en twee uit vyf deelnemers dui aan dat die ruimte/omgewing/milieu 'n rol speel in die onderwyser se identiteitkonstruksieproses. Een uit vyf deelnemers meld dat identiteitkonstruksie beskou kan word as 'n "liggaam" wat leeg is en wat deur nuwe ervarings, idees, inspirasies en ontwikkelingsforums gevul word. Hierdie deelnemer beklemtoon ook dat praktiese elemente (bv. praktiese ervaring in die opstel van assesseringstake) die stene tot identiteitkonstruksie vorm. Drie uit vyf onderwysers meld dat dit die beeld is wat jy wil uitstraal na buite, wat hierdie proses bepaal.

Een van die vyf onderwysers het ook gemeld dat karaktereienskappe, prosesse soos administrasie, hantering van buitemuurse aktiwiteite en oortuigings rakende die onderwysberoep ook 'n rol speel.

#### 4.2.2.2 Die rol en invloed van mentors/rolmodelle/ouers/vriende/familie

Mentors en rolmodelle speel 'n belangrike rol in die vorming van identiteit, soos bespreek in afdeling 2.4.8. Een uit vyf van die deelnemers het aangedui dat hulle geen rolmodelle gehad het nie, terwyl vier uit vyf bevestig het dat hulle wel rolmodelle gehad het wat 'n invloed gehad het op hul identiteitkonstruksie. Hierdie rolmodelle, wat dikwels vorige onderwysers is, het die proses van identiteitkonstruksie vergemaklik. Elke rolmodel het 'n spesifieke rol gespeel en kon dus 'n betekenisvolle impak gehad het op die professionele identiteit van die deelnemers.

Elke deelnemer het aangedui watter rolle die rolmodelle in hul professionele identiteitkonstruksieproses vervul het. Drie uit vyf deelnemers het gemeld dat hul rolmodelle ondersteunend was deur raad, advies en leiding te bied. Een deelnemer het benadruk dat haar vorige onderwysers 'n voorbeeld gestel het


© University of Pretoria

in terme van pedagogiese kennis en die manier waarop hulle met ander mense werk. ’n Ander deelnemer het opgemerk dat die onderwysers by wie hy geproef het, hom geleer het wat effektief in die klaskamer is en wat nie, insluitend klaskamerdissipline, die hantering van opdragte en klaswerk, die voltooiing van assesseringstake en die bestuur van administratiewe verantwoordelikhede. Laastens het een deelnemer genoem dat die departementshoof en ander onderwysers saam met wie hy werk, leiding en ondersteuning bied rakende assesserings, prosedures by die skool en vakkennis wat hy by hulle kon leer.

#### 4.2.2.3 Die definisie van identiteitkonstruksie as proses

Die deelnemers is gevra om die proses van identiteitkonstruksie in hul eie woorde te definieer. Twee uit vyf deelnemers het opgemerk dat die fisiese ruimte of omgewing ’n belangrike rol speel in ’n onderwyser se identiteitkonstruksie. Drie uit vyf onderwysers het aangedui dat die beeld wat ’n persoon wil uitstraal, bepalend is vir hierdie proses. Een deelnemer het gemeld dat vooropgestelde idees oor die karaktereienskappe van die onderwysers, die waardes, oortuigings, pedagogiese kennis en die identiteitkonstruksie beïnvloed. Hierdie deelnemer verwys vermoedelik na die vermoë om dissipline te handhaaf, klaskamerbestuurmetodes daar te stel, sterk administratiewe en tydsbestuurvaardighede te hê, asook ’n positiewe gesindheid.

Vervolgens is daar ook gevra dat die deelnemers die noodsaaklike karaktereienskappe deurgee waaroor ’n beginneronderwyser behoort te beskik om sin te maak van die identiteitkonstruksieproses.

#### 4.2.2.4 Die eienskappe waaroor deelnemers beskik om die proses van identiteitkonstruksie te benader

Die deelnemers aan die studie het verskillende unieke eienskappe uitgelig wat volgens hulle sentraal staan tot die vorming van identiteit. Twee van die vyf


© University of Pretoria

deelnemers het die belang van aanpasbaarheid en buigsaamheid beklemtoon as noodsaaklike vaardighede om daaglikse uitdagings effektief te hanteer. ‘n Ander deelnemer het gefokus op waardes, oortuigings, goeie tydbestuur en die strewe na aanpasbaarheid om tred te hou met die dinamiese aard van leerders en die skoolomgewing. Een deelnemer het genoem dat uiterlike voorkoms, soos kleredrag, slegs ’n geringe rol speel in identiteit, terwyl pedagogiese en praktiese kennis, tesame met effektiewe kommunikasie, baie groter gewig dra. Nog ’n deelnemer het die rol van die onderwyser as ’n “akteur” beklemtoon en die belangrikheid van emosionele selfbeheer in die werksomgewing uitgelig as sleutelelemente vir sinvolle identiteitsvorming.

#### 4.2.2.5 Die positiewe belewenisse van die deelnemers tydens die identiteitkonstruksieproses

Die studie het ook gefokus op die positiewe ervarings wat deelnemers beleef het gedurende hul identiteitkonstruksieproses, asook die uitwerking van hierdie ervarings op hul welstand. Twee van die vyf deelnemers het aangedui dat die sukses van leerders in die vak hulle positief stem. Drie deelnemers het verder genoem dat komplimente oor hul pedagogiese vaardighede en vakkennis vanaf kollegas en leerders hul selfvertroue verhoog. Van hierdie drie het een deelnemer spesifiek genoem dat positiewe terugvoer vanaf die departementshoof en ouers ook ’n groot rol speel in hul positiewe ingesteldheid, asook die verhoudings wat met leerders opgebou word. Dieselfde deelnemer het bygevoeg dat die leerders hul teenwoordigheid mis wanneer hulle nie in die klaskamer is nie, wat vir hulle bevestiging gee van hul waarde in die klaskamer.

#### 4.2.2.6 Die negatiewe belewenisse van die deelnemers tydens die identiteitkonstruksieproses

Die studie het ook die negatiewe ervarings van beginner-Afrikaansonderwysers in die identiteitkonstruksieproses ondersoek om insig te kry in die uitdagings


© University of Pretoria

wat hulle ervaar. Een van die vyf deelnemers het aangedui dat kollegas hom/haar te na gekom het, wat die deelnemer se motivering geknou het en aanleiding gegee het tot ’n soeke na ander werksgeleenthede. ’n Ander deelnemer het negatiewe kritiek van kollegas as ongeskik en onnodig ervaar, wat tot ’n negatiewe ingesteldheid bygedra het. ’n Verdere deelnemer erken dat hy/sy probeer het om ander onderwysers se identiteite en metodes na te boots, wat tot onsekerheid oor sy/haar eie professionele identiteit gelei het. Een deelnemer het gevoel dat sy/haar universiteitsopleiding onvoldoende praktiese voorbereiding, tydbestuursvaardighede en realiteitskennis vir die onderwys gebied het, wat tot oorweldiging en uitbranding gelei het. Laastens het een deelnemer gemeld dat leerders se gebrek aan motivering en swak akademiese vordering ’n negatiewe invloed het, omdat hy/sy dit as ’n weerspieëling van sy/haar onderrigvermoë ervaar, wat ’n gevoel van ontoereikendheid skep.

#### 4.2.2.7 Die swakpunte van die deelnemers

Al vyf die deelnemers het swakpunte in hul identiteitkonstruksieproses geïdentifiseer, wat hulle kon help om areas vir verbetering raak te sien. Een van die vyf deelnemers het wantroue in kollegas en kommunikasie as ’n uitdaging beskou, terwyl ’n ander deelnemer taktvolle kommunikasie, veral wanneer kritiek gegee word, as ’n swakpunt uitgelig het. Een deelnemer het erken dat hy/sy geneig is om ander onderwysers se identiteit te probeer naboots, wat tot onsekerheid oor hul eie professionele identiteit lei. ’n Verdere deelnemer het ’n gebrek aan vertroue in sy/haar eie vaardighede, verhoogde sensitiwiteit en uitdagings met klaskamerbestuur as areas vir groei geïdentifiseer. Hierdie refleksieproses bied waardevolle insigte vir die deelnemers om hulself in hul onderwysrol te versterk.


© University of Pretoria

#### 4.2.2.8 Die sterkpunte van die deelnemers

Benewens hul swakpunte het alle deelnemers sterkpunte geïdentifiseer wat die proses van identiteitkonstruksie vergemaklik. Twee van die vyf deelnemers het hul emosionele en psigiese sterkte, sowel as trots op hul werk, as kernsterkpunte uitgelig. Een van hierdie deelnemers het verder beklemtoon dat passie vir die beroep en vak, tesame met ’n empatiese benadering in die klaskamer, hul rol as onderwyser versterk. Twee ander deelnemers het hulle sterk pedagogiese kennis as ’n belangrike aspek uitgewys, en een van hierdie deelnemers het ook genoem dat die sterk band wat hy/sy met leerders vorm, ’n groot positiewe bydrae lewer. Laastens het een deelnemer deeglikheid en deursettingsvermoë as sterkpunte geïdentifiseer, wat die uitdagings van die beroep verlig.

#### 4.2.2.9 Uitdagings tydens die identiteitkonstruksieproses

Deelnemers het verskeie uitdagings in die identiteitkonstruksieproses geïdentifiseer wat hul professionele groei en welstand beïnvloed. Twee van die vyf deelnemers het aangedui dat buitemuurse aktiwiteite besonder tydrowend is, en ’n struikelblok vorm. Een van hierdie twee het verder verduidelik dat die gebrek aan persoonlike tyd tot uitbranding en negatiewe gevoelens lei, aangesien ’n gesonde werk-lewe-balans nie gehandhaaf word nie. Nog ’n deelnemer het daarop gewys dat hy/sy nie net as onderwyser optree nie, maar ook talle ander rolle vervul, wat verdere druk plaas. ’n Ander deelnemer het die frustrasie genoem dat die moeite wat hy/sy insit, nie altyd in leerderresultate weerspieël word nie, en het bygevoeg dat sy/haar voorkoms soms as ’n bedreiging gesien word. Ten slotte het een deelnemer aangedui dat administratiewe take vereis dat hy/sy persoonlike verantwoordelikhede afskeep, wat ’n negatiewe uitwerking op sy/haar welstand het. Hierdie uitdagings beklemtoon die kompleksiteit van identiteitkonstruksie vir beginneronderwysers en die behoefte aan ondersteuning in hierdie proses.


© University of Pretoria

#### 4.2.2.10 Die addisionele rolle vervul deur die deelnemers

Die vraelys het ook gefokus op die addisionele rolle wat beginner-Afrikaansonderwysers moet vervul, soos vereis deur hul werkgewers en leerders. Drie van die vyf deelnemers het genoem dat buitemuurse aktiwiteite ’n belangrike addisionele verantwoordelikheid is wat van hulle verwag word om aan te neem. Een deelnemer het die akademiese vordering van leerders as ’n addisionele verantwoordelikheid beskou, wat ekstra aandag verg buite die standaard onderrigvereistes. Nog ’n deelnemer het aangedui dat administratiewe take ’n aansienlike deel van sy/haar ekstra verantwoordelikhede uitmaak. Hierdie addisionele rolle vereis dat beginneronderwysers hul tyd en energie oor verskeie areas versprei, wat dikwels tot uitdagings in werk-lewe-balans en rol-identiteit lei.

Na afloop van die vraelys is daar aan alle deelnemers versoek om deel te wees van ’n dapper gesprek, om sodanig die vraelys se data te verifieer en vyf uit vyf deelnemers het ingestem om vrywilliglik aan die dapper gesprek deel te neem. In afdeling 4.2.3 word die bespreking en analise van die dapper gesprekke voorgehou.

### 4.2.3 Dapper gesprek

Volgens De Villiers & De Jager (2021) word ’n dapper gesprek omskryf as die semi-gestruktureerde gesprek waar verdere ondersoek ingestel word deur middel van ’n aangesig tot aangesig gesprek met betrekking tot ’n spesifieke fenomeen – in hierdie studie die belewenis van die identiteitkonstruksieproses van die beginner-Afrikaansonderwyser. Deur hierdie data-insamelingsmetodes kon deelnemers hul belewenisse met my deel en die outentieke data wat deur die vraelyste gegenereer is, verifieer (De Villiers & De Jager, 2021) .


© University of Pretoria


Hieronder volg die data-analise van die dapper gesprekke, waar elke deelnemer simbolies as ’n plant of blom voorgestel word, met ’n kort verduideliking hoekom hierdie spesifieke vergelyking gemaak is. Hierdie vergelyking is gebaseer op die unieke karaktereienskappe van elke deelnemer, wat treffend deur die kenmerke van die plant of blom uitgebeeld word. Die analise self word verder geïllustreer deur middel van ’n visuele voorstelling, wat die simboliek van elke karakter en hul bydrae tot die gesprek duidelik uitbeeld.

**Deelnemer A: Die wilde blom (Vygie)**

Deelnemer A word deur my beskou as die wilde blom. Die wilde blom simboliseer, volgens my, ’n blom wat voortspruit en groei ten spyte van moeilike omstandighede. Hierdie vygie is kleurvol, maar is verdraagsaam teenoor droogte. Vygies is kleurvolle, wilde blomme wat hul blomme oopmaak met sonop en toemaak soos wat die nag en/of koue temperature ’n verskyning maak. Net soos die vygie, maak hierdie deelnemer ’n kleurvolle verskyning (haar positiewe uitkyk op die lewe), maar kan haarself beskerm teen swaar omstandighede.

Hierdie deelnemer se dapper gesprek word in Figuur 4.3 uitgebeeld.


© University of Pretoria




***Figuur 4.3 Deelnemer A: opsommende data vanuit dapper gesprek***

Deelnemer A se belewenis van haar identiteitkonstruksieproses as ’n beginner-Afrikaansonderwyser bied waardevolle insigte. Sy identifiseer swakhede soos mismoedigheid en ooreising, wat dikwels met uitbranding gepaard gaan. Sy erken dat haar onvermoë om “nee” te sê tot hierdie ooreising bydra, aangesien sy haarself wil bewys vir toekomstige bevorderingsgeleenthede, soos ’n departementele aanstelling of ’n rol as departementshoof. Die reflektiewe vraelys en die dapper gesprek bied vir Deelnemer A ’n ruimte om oor hierdie kwessies te reflekteer, hoewel sy dit as ’n deurlopende, dikwels onbewuste proses sien. Sy beklemtoon dat ’n refleksieprogram aan die begin van die jaar vir beginneronderwysers waardevol kan wees om hul potensiaal en karakter te evalueer en beter te ontwikkel. Volgens haar is die identiteitkonstruksieproses lewenslank, omdat dit voortdurend bou op ’n raamwerk van waardes, oortuigings en karaktereienskappe wat met elke nuwe identiteitsiklus gevestig word.

Deelnemer A beskryf haar identiteitkonstruksie as ’n proses wat aanhoudend groei en verander, wat volgens haar noodsaaklik is, want die wêreld is self deurlopend besig om te verander. Sy voel dat ’n onderwyser se identiteit


© University of Pretoria


aanpasbaar moet wees om aan nuwe uitdagings te voldoen. Die struikelblokke wat sy as beginner-Afrikaansonderwyser ervaar, sluit in die hantering van vooropgestelde idees en die uitdaging om haar eie unieke bydrae te maak binne die bestaande onderwysmilieu. Verder wys sy daarop dat Afrikaans dikwels onder moeilike omstandighede aangebied word, omdat leerders en ouers soms nie die waarde daarvan insien nie. Sy voel egter dat die vak belangrike vaardighede aan leerders bied wat hulle in ander lewensfere kan toepas.

In haar narratief gebruik Deelnemer A die beeld van wilde blomme om haar ervaring van die identiteitkonstruksieproses te beskryf. Soos wilde blomme wat onverstoord blom in omstandighede waarin hulle nie doelbewus geplant is nie, so poog sy om te floreer in die omgewing waarin sy haar bevind. Die idee om "te blom waar jy geplant is" dien as ’n metafoor vir haar vasberadenheid om ten spyte van uitdagings steeds te groei en aan te pas in haar huidige milieu. Deelnemer A se beskrywing van haar identiteitkonstruksieproses as ’n voortdurende aanpassing en groei, illustreer haar weerbaarheid en aanpasbaarheid as onderwyser, terwyl sy steeds streef om haar unieke identiteit binne hierdie uitdagende beroep te behou.


© University of Pretoria

### Deelnemer B: Die skaduplant (Boslelie)

Deelnemer B word deur my beskou as die skaduplant. Die skaduplant simboliseer, volgens my, ’n plant wat voortspruit en groei sou dit in die geskikte hoeveelheid skaduwee geplant word. So ook is die deelnemer besig om te groei en te ontwikkel, mits hy homself in die korrekte omstandighede en milieu bevind. Die boslelie is gewoonlik ’n helderoranje kleur en trek beslis die aandag in enige tuin. Behalwe dat hierdie blomme floreer in die skaduwee, blom hulle in die vroegsomer en laatwinter. Dus bied hierdie blomplant kleur in tye wat die seisoene dor en vaal is. Deelnemer B is net soos die boslelie en kan maklik op sy eie floreer; soos boslelies ook op hulle eie in potte groei en nie volson nodig het om ’n tuin of ’n stoep met helder blomme te verfraai nie. Hierdie deelnemer se dapper gesprek se data word in Figuur 4.4 uitgebeeld.




*Figuur 4.4 Deelnemer B: opsommende data vanuit dapper gesprek*

Deelnemer B se belewenis van die identiteitkonstruksieproses, soos uiteengesit deur die vraelys en dapper gesprek, illustreer ’n diep refleksie oor sy rol as onderwyser en die uitdagings wat daarmee gepaard gaan. Hy besef dat hy nie net verantwoordelik is vir die akademiese resultate van sy leerders nie, maar dat sy primêre doelwit is om hulle te help om te groei en hul volle potensiaal te bereik. Deelnemer B se fokus tydens selfrefleksie sluit die konsep


© University of Pretoria

van “professionaliteit” in, wat nie net akademiese prestasies behels nie, maar ook die konteks en lewensomstandighede waarin hy en sy leerders funksioneer. Hy besef dat die identiteitkonstruksieproses herhaaldelik plaasvind, afhangende van die fase waarin hy hom as professionele individu bevind.

’n Belangrike aspek van Deelnemer B se belewenis is sy bewustheid van die stereotipes rondom Afrikaansonderwysers, wat dikwels as vroulik, streng en kwaai beskou word. As ’n manlike onderwyser voel hy dat hy nie aan hierdie vooropgestelde idees kan voldoen nie, en hy poog om ’n meer ontspanne atmosfeer in sy klaskamer te skep. Vir hom is kwaliteitonderrig baie belangriker as voorkoms, en hy beskou die stereotipes rondom manlike Afrikaansonderwysers as ’n uitdaging. Hy voel dat die identiteitsvormingsproses dikwels deur voorkoms beïnvloed word, maar hy beklemtoon dat dit eerder om goeie lesse en akademiese resultate moet gaan, terwyl die belange van die kinders ten alle tye vooropgestel moet word.

Tog is daar groot uitdagings wat Deelnemer B in sy rol as beginner-Afrikaansonderwyser ervaar. Hy ondervind vooroordele oor sy professionaliteit gebaseer op sy kleredrag en voorkoms, wat volgens die samelewing se standaarde dikwels as ’n refleksie van sy bekwaamheid gesien word. Hierdie verwagtinge maak dit vir hom moeilik om aan die stereotipiese beeld van die Afrikaansonderwyser te voldoen. Hy is nie net passievol oor sy beroep en vak nie, maar ook oor buitemuurse aktiwiteite en sy rol in die lewens van sy leerders. Hy beklemtoon dat daar slegs negatiewe aspekte aan die titel van ’n beginner-Afrikaansonderwyser verbonde is en dat hy dikwels gedemotiveerd voel weens die druk om akademiese resultate te lewer.

In sy narratief oor sy professionele reis, wat hy aanbied as ’n opstel, lig deelnemer B sy vorige aanstellings en ervarings uit. Hy was tussen 2019 en 2022 ’n student en het in Maart 2022 as onderwyser by ’n gesogte skool begin, maar is tydens die COVID-19-pandemie afgedank weens die gebruik van aanlyn onderrig. In 2023 het hy ’n pos aan ’n minderbevoorregte skool aanvaar,



© University of Pretoria

waar hy ondersteuning en liefde vir die vak van die departementshoof ontvang het. Hy noem dat die leerders se ingesteldheid nie altyd doelgerig was nie, wat sy werklike passie vir onderwys getoets het. Teen die einde van 2023 het hy ’n pos aan ’n middelklasskool gekry, waar hy die vak geniet, maar die akademiese druk van leerders en ouers plaas hom steeds onder druk. Deelnemer B se belewenisse illustreer die kompleksiteit van identiteitkonstruksie in die onderwys, waar hy voortdurend poog om sy professionele identiteit te balanseer te midde van uitdagings en verwagtinge.

**Deelnemer C: Die risoom (Gemmer)**

Deelnemer C word deur die my beskou as ’n risoom – ’n wortelagtige gewas wat bly groei, al word die wortels afgebreek. Die risoom simboliseer, volgens my, ’n gewas wat voortspruit en groei ten spyte van moeilike omstandighede en wat kan groei ten spyte van wortels wat breek. So ook is hierdie deelnemer ’n individu wat ten spyte van moeilike omstandighede en wortels wat ontbreek, besig is om sy beroep as onderwyser uit te leef en te oorleef. Hierdie deelnemer se dapper gesprek se data word in Figuur 4.5 uitgebeeld.


© University of Pretoria




***Figuur 4.5 Deelnemer C: opsommende data vanuit dapper gesprek***

Deelnemer C se belewenis van die identiteitkonstruksieproses onthul ’n kompleksiteit van uitdagings en insigte wat verband hou met sy rol as beginner-Afrikaansonderwyser. Hy ervaar ’n negatiewe belewenis met betrekking tot sy professionele identiteit, wat in ’n groot mate beïnvloed word deur die vak wat hy aanbied. Deelnemer C voel dat die keuse om Afrikaans EAT te onderrig, nie die regte een was nie, aangesien die leerders die vak as onnodig beskou en nie na wense vorder nie. Die gebrek aan ondersteuning van die vakhoof en departementshoof lei tot ’n gevoel van frustrasie en demotivering, wat uiteindelik gelei het tot sy besluit om uit die onderwys te bedank. Hy bevind


© University of Pretoria

hom tans in Sjina, waar hy op soek is na nuwe geleenthede en ’n ander werksomgewing.

Die deelnemer se gevoel van mismoedigheid en onsekerheid het ook daartoe gelei dat hy sy persoonlikheid begin verander het in sy interaksies met ander. Hierdie verandering in houding het hom oorwerk en oorlaai laat voel, en hy het dikwels die neiging om homself te isoleer as gevolg van die gebrek aan ondersteuning. Hy beskou die identiteitkonstruksieproses as ’n deurlopende dinamiese proses, waar beide sy professionele en persoonlike identiteit voortdurend verander. Deelnemer C besef dat universiteit nie genoegsame voorbereiding bied om ’n professionele identiteit te ontwikkel nie. Hy wil graag spog met sy kennis, maar die praktiese vereistes van die onderwys vereis dat hy baie ander rolle moet vervul, soos administrateur, sportafrigter en kultuurorganiseerder.

Volgens deelnemer C bied die teorie wat hy in sy opleiding geleer het ’n sterk fondament, maar dit bied beperkte praktiese kennis. Die teorie is makliker om toe te pas namate hy meer ervaring opdoen. Hy het ook die uitdagings van aanlyn onderrig tydens die COVID-19-pandemie ervaar, wat gelei het tot ’n afname in sy mag oor klaskamerbestuur en dissipline.

Ten opsigte van pedagogiek maak deelnemer C seker dat sy leerders nuwe kennis kan huis toe neem en aan ander kan oordra. Hy skep leersame en opbouende EAT-klasse waarin leerders nuwe vaardighede aanleer. Sy belewenis van die vak is ’n mengsel van negatiewe en positiewe ervarings. Aan die positiewe kant waardeer hy die outonomie, vryheid en die kans om vaardighede aan te leer. Negatief is egter die vooropgestelde idees rondom die vak; leerders en ouers verstaan nie die nut daarvan nie, wat lei tot ’n gebrek aan belangstelling in EAT, soos bespreek in 4.2.5.5.1.

’n Noemenswaardige opmerking deur deelnemer C is sy oomblik van “enlightenment”, waar hy die parallel trek tussen sy rol as onderwyser en die pogings van ’n rugbyspeler om die beste te wees. Hy erken die belangrikheid van selfrefleksie in sy professionele groei. Hy bevraagteken wat die onderwyser


© University of Pretoria


se identiteit behels en die verskillende rolle wat hy moet vervul. Hy besef dat die omgewing waarin hy werk ’n groot rol speel in sy ervarings. In een skool is hy die enigste manlike Afrikaansonderwyser en ervaar hy geen ondersteuning nie, terwyl in ’n ander skool hy met oorvol klasse en uitdagende dissipline te doen het.

Deelnemer C noem dat buitemuurse verpligtinge min waarde toevoeg aan sy professie en slegs tydrowend is. Hierdie verpligtinge neem tyd weg van die waardevolle akademiese werk wat as die kernrol in sy professie beskou word. Hy voel dat ander verantwoordelikhede en buitemuurse aktiwiteite sy vermoë om ten volle aan die professie toegewyd te wees, in die wiele ry. In die geheel illustreer deelnemer C se ervarings die uitdagings van identiteitkonstruksie in die onderwys en die kompleksiteit van die rolle wat onderwysers moet vervul om hul professionele identiteit te vestig en te behou.

**Deelnemer X: Die rankplant (Bougainvillea)**

Deelnemer X word deur my beskou as ’n rankplant. Die rankplant simboliseer, volgens my, ’n plant wat voortspruit ten spyte van moeilike omstandighede en deurlopend hoër hoogtes probeer bereik. Hierdie deelnemer se dapper gesprek se data word in Figuur 4.6 uitgebeeld.


© University of Pretoria




***Figuur 4.6 Deelnemer X: opsommende data vanuit dapper gesprek***

Deelnemer X se belewenis van die identiteitkonstruksieproses as ’n beginner-Afrikaansonderwyser is gekenmerk deur ’n wipwaentjie van emosies en uitdagings. Hy ervaar ’n spanning tussen sy professionele en persoonlike identiteit, omdat die professie vereis dat hy homself in ’n “ander self” moet verander wanneer hy die klas binnegaan, terwyl hy tog nie sy ware self moet verloor nie. Deelnemer X beskryf hoe hy ’n masker moet opsit om dissipline te handhaaf en die klaskamer te bestuur. Hy erken dat die identiteitkonstruksieproses herhaal word, aangesien elke omgewing unieke verwagtinge stel wat ’n veranderende aard van professionele identiteit impliseer.

Gedurende sy selfrefleksie het deelnemer X beskryf dat hy aanpasbaar, buigsaam en veerkragtig moet wees in die omgewing waarin hy hom bevind. Hy bevestig dat hierdie insigte verkry is deur die vraelys en die dapper gesprek. Sy eerste jaar in die onderwys was aanvanklik negatief, omdat hy nie voldoende voorbereid was vir die werklike uitdagings van die professie nie. Met verloop van tyd het sy belewenis as vaktaalonderwyser egter verbeter, maar die pad was nie sonder hindernisse nie.


© University of Pretoria

Een van die grootste uitdagings wat deelnemer X ervaar, is die druk om as ’n intimiderende figuur op te tree, wat noodsaaklik is vir klaskamerbestuur en dissipline. Hy sukkel om sy persoonlike emosies te skei van sy professionele gedrag, wat die skep van ’n gesonde klaskameromgewing bemoeilik. Hierdie druk lei tot selfverwyte oor sy besluit om die professie te kies. Deelnemer X voel dat universiteit hom nie voorberei het vir die realiteite van die onderwys nie. Hoewel hy kennis van teorie opgedoen het, was die praktiese en realistiese verwagtinge nie duidelik genoeg nie, en dit lei tot toenemende frustrasie omdat hy voel hy is nie bevoeg vir die beroep nie.


Deelnemer X se ervaring beklemtoon die impak van ’n disfunksionele werksomgewing op die ontwikkeling van ’n professionele identiteit, veral in ’n beroep soos die onderwys. ’n Disfunksionele werksomgewing word gekenmerk deur ’n gebrek aan samewerking, respek en gesonde werksverhoudings; dit lei dikwels tot frustrasie, konflik en ’n afname in werksmoraal (Bergman, 2013). Jy moet voortdurend omgaan met waardeverskille en houdings wat nie met sy eie oortuigings strook nie, wat die proses van identiteitkonstruksie bemoeilik. Die gebrek aan morele waardes en respek, asook die weerstand van kollegas teenoor gesag, maak dit moeilik vir hom om ’n positiewe en vervullende professionele identiteit te vestig. Hierdie uitdagings ondermyn sy werksbevrediging en maak emosionele veerkragtigheid en aanpassingsvermoë noodsaaklik. Deelnemer X se situasie illustreer die spanning tussen persoonlike en professionele waardes in ’n uitdagende omgewing, wat ’n negatiewe invloed het op sy emosionele welstand en werksgeluk, soos bespreek in afdeling 2.4.

**Deelnemer Y: Die roos**

Deelnemer Y word deur my beskou as die roos. Die roos simboliseer, volgens die my, ’n blom wat delikaat en sag is en estetiese waarde het. Hierdie roos het ook veiligheidsmeganismes, naamlik dorings, om hulself van indringers te


© University of Pretoria

beskerm om hulself toe te laat om te groei. Hierdie deelnemer se dapper gesprek word in Figuur 4.7 uitgebeeld.




***Figuur 4.7 Deelnemer Y: opsommende data vanuit dapper gesprek***

Deelnemer Y se ervaring van die identiteitkonstruksieproses as ’n beginneronderwyser is ’n dinamiese en komplekse reis wat gekenmerk word deur groei, uitdagings en die vervulling van addisionele rolle. Sy ontdek dat sy nie net die rol van fasiliteerder van kennis vervul nie, maar ook ’n moederfiguur moet wees wat emosionele en fisiese ondersteuning aan haar leerders bied. Hierdie rol lei daartoe dat leerders haar as meer toeganklik beskou, wat hulle motivering vir haar vak verhoog. Hierteenoor ervaar sy ook dat sommige leerders haar empatie misbruik, wat haar voor verskeie uitdagings plaas, soos om grense te stel wanneer dit kom by dissipline.

Die ondersteuningsraamwerk by haar skool, insluitend haar departementshoof en kollegas, het haar in staat gestel om te groei en haar stem te laat geld. Deelnemer Y erken dat sy aansienlike vooruitgang gemaak het van kwartaal 1


© University of Pretoria

tot kwartaal 3 in terme van vakkennis, pedagogiese vaardighede/kennis en klaskamerbestuur. Sy het ook geleer om ’n balans te vind tussen haar persoonlike en professionele lewe. Tog vind sy haarself in ’n moeilike posisie wanneer ouers haar gesag bevraagteken, veral weens haar ouderdom en ervaring, soos uiteengesit in afdeling 4.2.5.2. Hierdie ervarings lei tot selftwyfel oor haar pedagogiese vaardighede/kennis en haar vermoë as onderwyser, hoewel sy besef dat sy nie alleen verantwoordelik is vir haar leerders se akademiese resultate nie.

Tydens haar selfrefleksie besef deelnemer Y dat haar sterkste punt die band is wat sy met haar leerders het, en dat die moederlike rol wat sy in hul lewens vervul, ’n kernrol speel. Sy identifiseer haar daaglikse roetines, sowel as haar pedagogiese benadering, as belangrike fokusareas vir haar groei. Sy erken dat sy soms sukkel om dissipline te handhaaf, met ’n neiging om óf te streng óf te empaties te wees, wat haar klaskamerbestuur bemoeilik.

Deelnemer Y erken ook dat die identiteitkonstruksieproses aanvanklik negatief was, omdat sy nie die nodige vaardighede gehad het om die werkslading met haar persoonlike lewe te balanseer nie. Hierdie frustrasies is vererger deur die realiteit van administratiewe take en buitemuurse aktiwiteite. Ten spyte van die uitdagings, het sy positiewe ervarings gehad waar sy haar vakkennis verbeter het, haar menseverhoudinge versterk het en geleer het hoe om die werkslading meer hanteerbaar te maak. Sy geniet die vak, veral omdat sy kreatiewe metodes kan gebruik om lesse aan te bied, wat haar opgewonde maak oor haar rol as onderwyser.

Deelnemer Y se reis illustreer die kompleksiteit van identiteitkonstruksie in die onderwys, waar die behoefte aan ondersteuning, die stryd om gesag en die vervulling van verskeie rolle saamvloei om ’n unieke professionele identiteit te vorm. Haar ervarings toon aan dat groei nie net in akademiese terme kom nie, maar ook in haar vermoë om aanpassings te maak en ’n omgewing te skep waar leerders floreer.


© University of Pretoria

### 4.2.4 Prominente temas vanuit die vraelys en dapper gesprekke

In hoofstuk 2 is prominente temas van hierdie navorsing onder die vergrootglas geplaas, en deur die dapper gesprekke met deelnemers is hierdie temas aangespreek. Sien figuur 4.8 vir 'n opsomming van die temas.




***Figuur 4.8 Temas uit die dapper gesprekke***

Volgens die illustrasie is identiteit die prominentste tema. Hierdie navorsingstudie se fokuspunt is professionele identiteit en daarom word hierdie tema tweede geplaas. Vervolgens word professionele identiteit onlosmaakbaar van professionaliteit gesien. Verder is daar streng gefokus op die beginner-Afrikaansonderwyser se belewenis van die professionele identiteitkonstruksieproses, want dit spreek tot die navorsingsvraag.


© University of Pretoria

Die beginner-Afrikaansonderwysers bespreek die verskillende rolle binne die professie, veral die rol van die vakspesialis teenoor dié van die koördineerder van buitemuurse aktiwiteite en ander verpligtinge, en hoe dit die beginneronderwyser beïnvloed. Die vereistes van beide die akademiese rol en die koördinering van buitemuurse aktiwiteite (soos deur deelnemer C genoem) en ander verpligtinge, is so intens dat beginneronderwysers dikwels nie die werkslading kan hanteer nie, wat lei tot uitbranding (soos aangedui deur deelnemers A, B en C).

Die veelvoudige rolle wat ’n onderwyser moet vervul, lei tot bepaalde persepsies en vooropgestelde idees, wat nie net deur kollegas nie, maar ook deur beginneronderwysers self ervaar word. Hierdie persepsies sluit byvoorbeeld in die idee dat beginneronderwysers nie oor die nodige vaardighede beskik om assesseringstake noukeurig en akkuraat op te stel nie, of dat hulle nie voldoende by buitemuurse aktiwiteite betrokke is nie. Sodanige negatiewe persepsies het ’n diepgaande impak op die konstruksie van hul professionele identiteit. Vir beginneronderwysers kan hierdie verwagtinge en persepsies uitdagende druk veroorsaak, wat hul selfvertroue en persoonlike groei in hul loopbaan belemmer. Hierdie kwessies word verder bespreek in die onderafdelings hieronder, waar die spesifieke invloede op identiteitkonstruksie en professionele ontwikkeling uiteengesit word.

Wanneer die beginneronderwyser bewus is van die persepsies/vooropgestelde idees, formuleer die onderwyser en die kollegas sekere karaktereienskappe (streng, ferm, georganiseerd, goeie tydsbestuur) waaroor hy/sy behoort te beskik om kollektiewe voordeel te bewerkstellig. Kollektiewe voordeel is eers moontlik wanneer selfrefleksie bewerkstellig word, siende dat die proses van selfrefleksie dit vir die beginneronderwyser moontlik maak om areas van verbetering en areas waar hy/sy sterker is, te identifiseer.

Die rolle wat mentors/ouers/vriende tydens die beginneronderwyser se identiteitskonstruksiereis speel, moedig die proses van selfrefleksie aan en


© University of Pretoria

help die onderwyser ook om sy/haar swakpunte en sterkpunte te bevestig. Nadat selfrefleksie plaasvind, kom die onderwyser tot die besef dat daar verskeie addisionele verantwoordelikhede op sy/haar skouers rus. ’n Bespreking van die temas, soos uiteengesit in figuur 4.8, volg.

#### 4.2.4.1 Die wortelhaarstreek van die deelnemers

In hoofstuk 2 is die wortelhaarstreek beskryf as die posisie waar die wortels van die plant hulself posisioneer. Hierdie streek absorbeer die water en opgeloste mineraalsoute vanuit die grond. Die lewensduur van ’n wortelhaar is gewoonlik van korte duur, omdat nuwe wortels op ’n gereelde basis uitgroei (Van Zyl et al., 1997). Die wortelhaarstreek is verteenwoordigend van die beroep as onderwyser, aangesien die onderwyser ook professionele en/of persoonlike belewenisse en ervarings absorbeer om hulle toe te laat om so ook nuwe wortels – of identiteit – te vorm. ’n Voorbeeld van een van die deelnemers se belewenis as beginner-Afrikaansonderwyser is dat hy die leerders beskou het as ontsettend negatief teenoor Afrikaans as skoolvak. Dit het verder gelei tot die deelnemer se negatiewe belewenis van die vak, omdat hy voel dat hy sy tyd en energie mors op ’n vak wat beskou word as nutteloos. Elke ervaring en/of belewenis van die onderwyser is in die breedvoerige konteks van korte duur soos die ontwikkeling van die wortelhare, maar dit skep die geleentheid vir die onderwyser om deurlopend te verbeter en in pedagogiese kennis en praktiese vaardighede te groei.

Daar is gevind dat al vyf onderwysers wat deelgeneem het, geklassifiseer is as beginneronderwysers. Soos gestaaf in die literatuurstudie, afdeling 2.3.1, word die beginneronderwyser beskou as enige onderwyser (manlik of vroulik) wat die onderwyssektor betree, met werkservaring wat wissel tussen een en vyf jaar en/of tussen die ouderdom van 22 en 27 is. Alle deelnemers in hierdie studie is tussen die ouderdom van 22 en 27. Een is tussen 21 en 25 jaar oud en die ander is tussen 26 en 30 jaar oud. Al die deelnemers in die steekproef het aangedui dat hulle vyf jaar of minder werkservaring het. Twee van die


© University of Pretoria

deelnemers het aangedui hulle is vroulik en drie van die deelnemers het aangedui hulle is manlik. Elk van die deelnemers in die geriefsteekproef bied Afrikaans as vaktaal aan – twee deelnemers bied dit as Huistaal aan en drie deelnemers bied dit as Eerste Addisionele Taal aan. Van die vyf deelnemers, bied twee deelnemers Afrikaans vir die Senior fase aan en die oorblywende drie bied Afrikaans vir die Verdere Onderrig en Opleiding-fase aan.

Deelnemer C dui aan dat gesprekke met kollegas, wat dieselfde uitdagings ervaar maar ’n ander perspektief kan bied, ’n belangrike rol speel in die vorming van sy identiteit. Hoofstuk 2, afdeling 2.3, kan verbind word met die terugvoer vanaf deelnemer C oor sy professionele identiteit en die konstruksie daarvan deur sosiale interaksie in verskillende sosiale situasies. Hierdie insig sluit aan by die werk van Walker (2021) wat van mening is dat sosiale interaksies in sosiale situasies die individu se identiteit – beide persoonlik en professioneel – vorm. Dit ondersteun deelnemer C se siening dat die kommunikasie met kollegas en kinders ’n beduidende invloed het op die vorming van sy identiteit.

Moet et al. (2021) beklemtoon dat ervare onderwysers oor praktiese ervaring, asook uitgebreide vakkennis, beskik maar dat beginneronderwysers daarteenoor oor minimale pedagogiese en praktiese kennis met betrekking tot die beroep beskik. Deelnemer C bevestig hierdie siening van Moet et al. (2021) en wys daarop dat die beginneronderwyser as’t ware nie oor ’n magdom praktiese ervaring beskik nie, en hy homself daarom as ’n beginner beskou. Deelnemer C maak dit duidelik dat hy voel dat sy universiteitsopleiding hom slegs toegelaat het om teoretiese kennis op te doen, maar nie noodwendig die nodige praktiese ervaring om die teorie en pedagogiek effektief te kon toepas in sy eerste paar jare van skoolhou nie.

Colliander (2018) noem dat beginneronderwysers wel oor die vaardighede beskik om ’n verrykende leeromgewing te skep en hulself toe te laat om lewenslange leerders te wees. Voorts beklemtoon Colliander (2018) dat beginneronderwysers, as gevolg van hul innoverende vaardighede, geleenthede vir hulself skep om binne ’n kort tydperk, dieselfde kennis en


© University of Pretoria

ervaring op te doen as meer ervare onderwysers. Deelnemer A en Y bevestig Colliander (2018) se aanname en dui aan dat hulle nie noodwendig die nodige ervaring gehad het om, byvoorbeeld assesseringstake op te stel of selfs om klaskamerbestuur en dissipline effektief toe te pas nie. Hulle het egter in hul eerste jaar touwys geraak oor watter metodes vir klaskamerbestuur en dissipline die beste resultate binne die klaskamer bewerkstellig.

#### 4.2.4.2 Die wortelmussie en groeistreek van die deelnemers

Soos verwys in die literatuurstudie, in afdeling 2.4, beskerm en bedek die wortelmussie die groeistreek. Die groeistreek van ’n plant bestaan uit die selverlengingstreek en die meristematiese streek. Die meristematiese streek (sien hoofstuk 2, afdeling 2.4.1) verteenwoordig die individu se persoonlike identiteit. Hierteenoor verteenwoordig die selverlengingstreek die professionele identiteit van die betrokke individu. Die bevindinge vanuit die data-insamelingsproses, asook die data-analise, word vervolgens in meer detail bespreek.

Werbinska (2017) beskou identiteit as ’n komplekse en dinamiese konsep. Deelnemers C en Y meld dat die mens, as sodanig, dinamies is en nie onveranderd deur die lewe beweeg nie, wat Werbinska (2017) se beskouing ondersteun. Deelnemer Y meld dat sy die mens sien as ’n wese wat deurlopend moet verander om by die veranderende wêreld aan te pas. Dit is relevant, juis omdat die kontemporêre klaskamersituasie deurlopend veranderbaar is. Daar is byvoorbeeld voortdurend nuwe tegnologie wat ingespan word, en nuwe en kreatiewe maniere wat benut kan word om letterkunde en taalkunde aan te bied.

Soos bespreek in hoofstuk 2, afdeling 2.4, met betrekking tot hoe identiteitsvorming vir die onderwyser plaasvind, noem deelnemer C dat sy identiteitsvorming wel deur kollegas en leerders beïnvloed is. Die leerders waarvoor hy skoolgehou het, het geen belangstelling in sy vak, Afrikaans EAT,


© University of Pretoria

getoon nie en dit het hom mismoedig gelaat; dit het ook die vorming van sy identiteit as beginner-Afrikaansonderwyser skade berokken. Deelnemer C meld dat hy geïsoleerd gevoel het in die milieu waarin hy homself bevind het, omdat hy die enigste manspersoneellid was – ook die enigste Afrikaans-onderwyser vir die graad 6-7's in daardie milieu. Dit het, volgens deelnemer C, hom nie die vryheid gebied om hulp of ondersteuning te vra nie. Kollegas was kortaf en het nie insiggewende en opbouende kritiek gelewer vir/oor hom om homself in sy beroep te verbeter nie.

Deelnemers A, B en C voel dit is noemenswaardig dat elke onderwyser se identiteit uniek is. Volgens deelnemer A is daar waardes en oortuigings wat die onderwyser tydens die identiteitkonstruksieproses behou, maar die pedagogiek, klaskamerbestuur en metode van dissipline is veranderend en dinamies. Volgens deelnemer B onderskei die kleredrag van die onderwyser hom/haar se uniekheid. Soos genoem deur deelnemer B is die stereotipiese perspektief oor die Afrikaansonderwyser dat hy/sy "kerkklere" moet dra om as professioneel beskou te word, maar dat hy voel dit is uiteraard in die huidige eeu nie wat onderwysers se professionaliteit en professionalisme bepaal nie. Deelnemer C meld dat hy byvoorbeeld probeer verseker het dat leerders iets het om vir hul ouers/maats te vertel in terme van wat hulle op daardie tydstip in die vak, Afrikaans, geleer het.

#### 4.2.4.3 Meristematiese en selverlengingstreek van die deelnemers

Die meristematiese streek is waar die seldeling plaasvind, dus verteenwoordig hierdie streek die persoonlike identiteit. Die selverlengingstreek, wat in afdeling 2.4.2 bespreek is, is die streek waar nuwe selle in lengte toeneem en die geleentheid kry om te vergroot, dus verteenwoordig hierdie streek die individu se professionele identiteit. Uiteraard kan hierdie streke nie losstaande van mekaar gesien word nie (Van Zyl et al., 1997). Professionele en persoonlike identiteit kan ook as interafhanklik en onlosmaaklik beskou word. Dié konsepte en literatuur oor professionele en persoonlike identiteit is reeds in hoofstuk 2,


© University of Pretoria

afdeling 2.4, in die kollig geplaas. Vervolgens word die meristematiese streek en selverlengingstreek afsonderlik bespreek.

#### 4.2.5.1 Die meristematiese streek van die deelnemers

Die meristematiese streek van die deelnemers, soos uiteengesit in afdeling 2.4.1. van die literatuurstudie, verteenwoordig die persoonlike identiteit van die deelnemers.

Foster en Foster (2023) is van mening dat die persoonlike identiteit as kompleks en dinamies beskou word, maar dat dit meer gefokus is op die onderwyser se bewustheid van die self, hul doel in en buite die klaskamer as professionele opvoeder, hul rol in die fasilitering van kennis, geloof, waardes, en hul professionele en persoonlike oortuigings.

Volgens Foster en Foster (2023) behels die professionele identiteit van die onderwyser - hul waardes, oortuigings en perspektiewe in verband met onderrig en die proses van leer. Dit is egter noemenswaardig dat deelnemer A aangedui het dat onderwysers se identiteit, te midde van die identiteitkonstruksieproses, sekere waardes, oortuigings en perspektiewe behou ongeag die veranderende aard van die beroep en die wêreld waarin ons, as mens, onsself bevind. Deelnemer C maak dit duidelik dat hy voel sy rol as vakspesialis word ondermyn, omdat hy sy professionele identiteit nie net as dié van ’n onderwyser beskou nie, maar ook as sportafrigter, merker, administrateur en afrigter op kultuurgroepe. Sy opsommende belewenis van sy persoonlike identiteit dui daarop dat hy ’n optimale vorm van selfbewustheid bereik het, wat sy doel binne en buite die klaskamer bevestig. Deelnemer C wys ook daarop dat daar buitensporige druk op hom as onderwyser geplaas is, om veelvoudige rolle te vul en daarom het hy ook erken dat hy vroeg in 2024 uit die beroep as Afrikaansonderwyser bedank het.


© University of Pretoria

#### 4.2.5.2. Die selverlengingstreek

Soos deur Titu (2019) in die literatuurstudie, afdeling 2.4.2, genoem, is daar ’n toenemende belangstelling in die fenomeen van identiteit in die navorsingsveld. Die eersgenoemde opmerking met betrekking tot die toenemende belangstelling in die fenomeen van identiteit, bevestig dus ook die belangrikheid van hierdie studie, siende dat alle deelnemers ook in hul dapper gesprek of in hul vraelys aangedui het hoe waardevol hierdie studie vir die beginner-Afrikaansonderwysers is. Hierdie studie het elkeen van die deelnemers weer bewus gemaak van hul persoonlike en professionele identiteit.

Volgens Titu (2019) kom ’n onderwyser se professionele identiteit nie inherent na vore nie, maar ontwikkel soos die individu ervaring en belewenisse opdoen. Hierdie individu – die onderwyser – skep ook sy/haar identiteit soos wat sy/haar kontekstuele en gemeenskaplike omgewings verander. Deelnemer C en X meld dat hulle opgelet het dat die milieu waarin hulle hulself bevind het ’n deurslaggewende rol in hul belewenis van hul professionele identiteit speel. Deelnemer C het gevoel sy vak is deur leerders, kollegas en ouers/voogde as nutteloos beskou en noem dat hy in die milieu waarin hy homself bevind het, geïsoleerd gevoel het. Dit het hom ’n negatiewe ervaring van sy identiteitkonstruksieproses as beginner-Afrikaansonderwyser gegee.

Deelnemer X beklemtoon hierteenoor die positiewe en die negatiewe belewenis. Deelnemer X voel dit is noemenswaardig om aan te dui dat sy departement waarin hy funksioneer alledaagse take en die gevoel van oorweldiging tydens die identiteitkonstruksieproses verlig het. Die negatiewe belewenis wat hy wel noem, wat hierdie proses soms uitdagend maak, is dat sommige kollegas se negatiewe kommentaar in die werksomgewing en/of ander se belewenisse hul gedrag negatief beïnvloed.

Soos genoem in Hoofstuk 2, afdeling 2.4.2, is die beginneronderwysers daarop ingestel om hulself professioneel te ontwikkel, ’n verhoogde kritiese bewustheid oor hul werksomstandighede en die verbintenis tussen ervaring te bied, en bewus te wees van roetine en gewoontes, om so ook hulself te ontwikkel en


© University of Pretoria

hul professionele identiteit aan te pas (Titu, 2019). Deelnemer A, B, C en Y bevestig Titu (2019) se stelling.

Deelnemer A noem dat sy besef sy is ’n beginneronderwyser en dat sy heelwat ervaring nog moet opbou, maar dat sy op verskeie gebiede betrokke is by die skool om bevordering moontlik te maak. Deelnemer B noem dat hy daagliks bewus is van sy kollegas se klaskamerbestuur en hoe hulle dissipline handhaaf en dat hy so ook nuwe metodes van klaskamerbestuur en dissipline kan toepas. Dit lei tot ’n nuwe toevoeging in die ontwikkeling van deelnemer B se professionele identiteit. Deelnemer C noem dat hy krities bewus is van die reuse verantwoordelikheid wat hy het in terme van rolle wat hy moet vervul. Deelnemer C beklemtoon dat hy homself professionele outonomie toegestaan het om byvoorbeeld tekste te ontleed en hierdie verskeidenheid tekste deel gemaak het van die leerders se lewens, sodat hy hulle kan toerus met die nodige vaardighede. Deelnemer Y maak dit duidelik dat sy bewus is van haar tekortkominge en dit haar daaglikse taak maak om professioneel te ontwikkel deur steun van haar kollegas en hoe hulle met hul alledaagse werkslading omgaan. Soos verduidelik in afdeling 4.2.5.5.2.

Volgens deelnemer X word sy identiteit aangepas soos wat hy homself in verskillende kontekstuele omgewings bevind. Deelnemer X noem dat hy glad nie net sy “koel kan verloor” nie en dat hy homself in toom moet hou, al skreeu die kinders lukraak uit in die klas of kollegas gedra hulself onprofessioneel in die werksplek. Deelnemer X meld wel dat wanneer hy in sy departement in sosiale interaksie behartig, hy sy identiteit op ’n manier aanpas, omdat hy dikwels daar gemakliker en veiliger voel. Deelnemer X se belewenis word deur Colliander (2018) ondersteun, waar Colliander (2018) beklemtoon dat die professionele identiteit van die mens beskou word as ’n eienskap wat aangepas word soos wat tyd verloop en kontekstueel verbind is.

Deelnemer Y dui daarop dat sy in kwartaal 1 en 2 ’n negatiewe belewenis van haar identiteitkonstruksieproses gehad het, want sy voel dat universiteit nie die onderwyser voorberei vir alle addisionele rolle en verantwoordelikhede as


© University of Pretoria

onderwyser nie. Deelnemer Y staaf baie passievol dat kwartaal 3 vir haar wel ’n ander belewenis van die identiteitkonstruksieproses gebied het, aangesien daar heelwat groei plaasgevind het. Mikelsone et al. (2014) beklemtoon dat die individu se professionele identiteit wel geanaliseer behoort te word na aanleiding van die groei en ontwikkeling deur die verloop van die individu se lewenstydperk. Alhoewel deelnemer Y ’n beginner-Afrikaansonderwyser is, is dit duidelik dat sy in ’n kort tydperk haarself blootgestel het aan groei en ontwikkeling. Die groei en ontwikkeling van deelnemer Y is ook duidelik wanneer sy noem dat sy tans situasies in die klas, soos woedeuitbarstings, op ’n beter manier hanteer. Sy noem ook dat sy administratiewe take produktief behartig, alhoewel sy daarmee gesukkel het aan die begin van haar loopbaan as onderwyser. Die groei en ontwikkeling wat die onderwyser ervaar, beïnvloed ook sy/haar selfkonsep.

Die idee van selfkonsep is waar die individu sy/haar belewenis en persepsie van hulself, wie hulle behoort te wees en waar hulle hulself behoort te vestig op hierdie tydstip van hul lewe, duidelik stel (Elsheikh & Yahia, 2020). Alle deelnemers het ’n duidelike selfkonsep, maar deelnemer A se selfkonsep het vir die doel van hierdie studie gedien as ’n uitskieter. Deelnemer A het in haar vraelys en dapper gesprek bevestig dat sy haarself as ’n wilde blom beskou – die blom wat van nature ’n verskyning maak, ’n blywende indruk laat en groei ten spyte van moeilike of onaangename omstandighede. Alhoewel deelnemer A nie eksplisiet verklaar watter moeilike omstandighede sy haarself mee vereenselwig nie, is dit moontlik om af te lei dat sy stereotipiese perspektiewe in die werksplek beleef en hierdie perspektiewe beskou kan word as die moeilike omstandighede. Deelnemer A het genoem dat sy voel daar word ’n “prentjie” van die beginner-Afrikaansonderwyser geskep en wanneer jy nie noodwendig in hierdie “prentjie” inpas nie, word jy as die uitgeworpene in die werksplek beskou. Selfkonsep het die geneigdheid om die individu se selfbeeld ook te beïnvloed.

Deelnemer B en C noem dat hul interaksie met hul professionele konteks en met ander onderwysers/kollegas ’n invloed op hul professionele identiteit het.


© University of Pretoria

Martin (2019) dui aan dat kollegas die onderwyser se professionele identiteit beïnvloed. Deelnemer B en C bevestig dat hul kollegas hulle nuwe vaardighede en waardevolle eienskappe leer, byvoorbeeld effektiewe klaskamerbestuurstegnieke. Deelnemer C meld ook dat hy die negatiewe belewenis ervaar het dat sy kollegas nie werklik ondersteunend was of hom toegelaat het om te groei nie omdat hulle hom geen insigte of nuwe vakkennis kon bied nie.

### 4.2.5.3 Die wortelhare van die deelnemers

Die fyner wortelhare, soos in hoofstuk 2, afdeling 2.4.3 bespreek, is verteenwoordigend van die aspekte waar die onderwyser die opgeloste water en vitamines soos die wortelhare absorbeer (Van Zyl et al., 1997). Die fyner wortelhare dien met ander woorde as ’n metafoor vir die verskillende aspekte waaruit identiteit saamgestel word.

Na aanleiding van die data-analise van die antwoorde op die deelnemers se vraelys en die dapper gesprekke, kom die volgende aspekte, as deel van die aspekte waaruit identiteit bestaan, duidelik na vore. Woest (2016) se aspekte waaruit identiteit bestaan, word vervolgens met betrekking tot die inligting wat uit die vraelyste en dapper gesprekke na vore kom, bespreek:

a) Identiteit word kontekstueel gevorm. Deelnemers A, C en X meld dat afhangend van die milieu/konteks waarin hulle hulself bevind, ontwikkel hul professionele identiteit. Byvoorbeeld, deelnemer C het sy professionele rolle ontwikkel omdat hy moes dien as afrigter, organiseerder van kultuuraktiwiteite en dan ook sy rol as administrateur van punte moes behartig. Deelnemer A moes haar rolle ontwikkel omdat sy deurlopend haarself probeer bewys vir bevordering. Deelnemer X het egter sy rolle ontwikkel na aanleiding van sy werksverdeling en dit wat sy kollegas voorgestel het waar hy kon verbeter.



© University of Pretoria

b) Identiteitkonstruksie behels sosiale interaksie met ander. Deelnemer X bevestig dat sosiale interaksie van belang is, aangesien hy sy professionele identiteit kon aanpas na aanleiding van terugvoer van kollegas, sy departementshoof, die leerders en ouers. Byvoorbeeld, deelnemer X se selfbeeld het verbeter toe ’n leerder vir hom noem dat ’n leerder sy teenwoordigheid gemis het op ’n dag wat hy siek was. Dit laat ’n gevoel van waardering – wat te make het met die emosies van die individu.

c) Identiteit is dinamies en vloeibaar. Deelnemer A, C en X meld dat die mens dinamies is en deurlopend moet verander. Deelnemer A se belewenis en insig hieroor was dat die wêreld veranderend is en indien die onderwyser nie dinamies is nie, sal hy/sy stagneer. Die idee van stagneer, laat nie groei toe nie, volgens deelnemer A.

d) Identiteitkonstruksie en die rekonstruksie hiervan vind plaas deur middel van narratiewe. Alle deelnemers het ’n narratief deur die verloop van hierdie studie aangebied, dus ondersteun alle deelnemers Woest (2016) se idee dat identiteitkonstruksie en rekonstruksie deur middel van narratiewe plaasvind. Deelnemer A het ’n foto van wilde blomme opgelaai en haarself as ’n wilde blom beskryf, wat groei en ontwikkel onder enige omstandighede.

Deelnemer B het ’n reflektiewe opstel geskryf waarin hy sy loopbaanreis beskryf, wat insig gee in sy ervarings, uitdagings en persoonlike groei as onderwyser. Deelnemer C, aan die ander kant, het ’n foto van die Griekse mitologiese figuur Sisyphus (sien figuur 4.10) opgelaai om sy gevoelens en ervarings as beginneronderwyser te verwoord. Sisyphus, wat in die onderwêreld gestraf is om ’n rots teen ’n berg op te stoot, net om te sien hoe dit telkens terugrol wanneer hy die bopunt bereik, verteenwoordig vir Deelnemer C sy eie aanhoudende stryd.

Deelnemer C ervaar sy rol as Afrikaans- (Eerste Addisionele Taal) onderwyser op ’n soortgelyke wyse, met min belangstelling of ondersteuning van die leerders, ouers of die departement. Hierdie gebrek aan toewyding aan sy vak, wat hy van ander sou hoop, laat hom voel asof sy pogings telkens ongedaan


© University of Pretoria

gemaak word. Hierdie weerspieëling van die mitologiese figuur beklemtoon die uitdagings wat beginneronderwysers kan ervaar, veral wanneer hulle ’n vak onderrig wat nie altyd dieselfde aandag of respek ontvang nie.



***Figuur 4.9 Deelnemer C se narratief – Sisyphus***

Deelnemer X het ’n kopie van ’n CD-omslag (sien figuur 4.10) aangebied en genoem dat elke dag ’n ander liedjie verteenwoordig – soms is die note sterk, hoog en perfek en soms is die note diep en donker.




***Figuur 4.10 Deelnemer X se narratief – CD-omslag***

Deelnemer Y het ’n narratiewe opstel aangebied, waarin sy vertel het hoe opgewonde sy was om haar beroepsreis te begin, maar dat die belewenis en


© University of Pretoria

die reis nie noodwendig plaasgevind het soos wat sy verwag het nie. Sien figuur 4.11 vir ’n aanhaling uit deelnemer Y se narratief.

| |
|---|
| Die aand voor die eerste dag van skool was ek so opgewonde ek kom omtrent nie slaap nie. My klaskamer het ek gaan mooi maak al die dag toe ek my klaskamer se sleutel gekry het. Hier is alles waaroor ek nog altyd van gedroom het. Min het ek geweet wat alles vir my sou voorlê. |

***Figuur 4.11 Deelnemer Y – ’n uittreksel [sic] uit haar narratief***

#### 4.2.5.4 Die volwasse streek, insluitend die lit en blaarskede van die deelnemers

Die volwasse streek is waar die wortel in dikte toeneem en sywortels ontwikkel. Hierdie streek anker en beskerm die volledige wortel, maar is ook verantwoordelik vir die stewigheid van die plant as geheel (Van Zyl et al., 1997). Die volwasse streek, soos reeds bespreek in die literatuuroorsig, verteenwoordig die rolle wat die onderwyser anker, rigting gee en versterk in die loopbaan wat hy/sy betree. Die rolle en verantwoordelikhede van die onderwyser anker sy/haar gedrag en hou hom/haar verantwoordbaar vir sy/haar dade.

Vanuit die data blyk dit dat die onderwyser se rol oor verskeie sosiokulturele aspekte strek, byvoorbeeld emosionele ondersteuning, sportafrigters, en met tye die rol van die ouer inneem waar nodig. Toole en Louis (2002) ondersteun hierdie idee en noem dat die onderwyser se rol oor verskeie sosiokulturele aspekte strek en dat groei slegs kan plaasvind indien die individu selfondersoek en selfrefleksie behartig om verandering en groei moontlik te maak. Deelnemers A, B, C, X en Y bevestig elkeen die idee dat ’n onderwyser hom/haar oor verskeie gebiede moet versprei en stem ooreen dat hulle selfondersoek moes instel en reflekteer oor hul sterkpunte, swakpunte en



© University of Pretoria

bedreigings in hul professionele identiteit om sodanige groei/ontwikkeling en verandering te laat geskied.

Vanuit deelnemer Y se dapper gesprek is dit duidelik gemaak dat sy die rol van *in loco parentis* ernstig opneem binne en buite die klaskamer. Volgens Weran en Kuswandono (2022) is dit ’n kernrol wat elke onderwyser behoort te beklee. *In loco parentis* kan beskryf word as om “in die plek van die ouer” op te tree (Mohammed et al., 2014). Deelnemer Y noem dat dit vir haar van kardinale belang is om ’n band te vorm met die leerders wat voor haar sit, sodat alle belewenisse, gevoelens en omstandighede waarin leerders hulself kan bevind, behartig kan word. Byvoorbeeld, sy voel verantwoordelik om ’n leerder te help om navorsing vir ’n letterkundetaak in die hande te kry omdat die leerder nie oor die nodige hulpbronne beskik om sy taak te kan voltooi nie – soos toegang tot die internet of ’n rekenaar nie. Deelnemer Y se leerders bied vir haar ’n diverse kultuur in terme van finansiële status, omdat dit blyk dat daar sekere leerders is wat ’n sosio-ekonomiese krisis (armoede) ervaar en sommige leerders is wat uit ’n hoë-inkomstehuishouding kom. Die leerders wat uit ’n hoë-inkomstehuishoudings kom, het toegang tot die internet en elektroniese toestelle om navorsing te behartig, waar leerders wat minder bevoorreg is nie noodwendig toegang het tot elektroniese toestelle en die internet nie.

In die literatuurstudie, afdeling 2.4.5, is dit duidelik uiteengesit dat die lit en blaarskede, verskeie minerale en vitamines na die res van die stingel en die vrugbeginsel van die plant vervoer (Van Zyl et al., 1997). Die lit en blaarskede van die plant is van belang om die plant of selfs blom regop te hou. Die lit en die blaarskede kan ook wanneer die plant seergekry het, die herstelproses laat geskied (selverdeling en die generering van nuwe plantselle) deur ’n beskermingslaag oor die beskadigde area van die plant te vorm. So ook vervul die onderwyser die beskermingsrol en verseker, by wyse van spreke, voedsame onderrig, ondersteuning en begrip vir die leerder se omstandighede. Sodanig tree die onderwyser ten alle tye *in loco parentis* op vir die leerders binne die klaskamer, op die skoolterrein en selfs by buitemuurse aktiwiteite.


© University of Pretoria

Mohammed et al. (2014) beklemtoon een rol van die onderwyser wat van kardinale belang is. Dit is die rol om in die beste belang van die leerder op te tree en te dien in die plek van die ouer, naamlik *in loco parentis*. Deelnemer B bevestig dat hy hierdie rol ook as een van die belangrikste rolle beskou en dat hy voel elke onderwyser behoort in die beste belang van die leerder op te tree. ’n Voorbeeld wat deelnemer B genoem het, was dat hy met die biologiese ouers kontak maak en probleme met betrekking tot dissipline in die klaskamer aanmeld, om sodoende die leerder se gedrag positief te verander en die leerder die geleentheid te bied om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel.

Keiler (2018) noem dat die onderwyser se rol as *in loco parentis* verg dat hulle die leerders akademies moet ondersteun, ’n emosionele ondersteuner moet wees en ook ’n emosionele band moet vorm, sodat die onderwyser beskou kan word as ’n volwaardige plekhouer van die ouers/voogde tydens skoolure. Deelnemer A en Y meld dat hulle vir die leerders wat in hul klasse sit, emosionele ondersteuning en akademiese ondersteuning bied, asook ’n band met die kinders vorm om die leerproses te vergemaklik.

#### 4.2.5.5 Die blaar, stingel, bloeisels van die deelnemers

Die blaar en stingel, soos bespreek in afdelings 2.4.6. tot 2.4.7, is die eerste teken van groei en ontwikkeling in die plant se lewensproses (Van Zyl et al., 1997). Die stingel en die blaar kan egter nie van mekaar geskei word nie, omdat die stingel die kardinale rol vervul as vervoermiddel vir vitamines, minerale, water en enige ander voedingstowwe. Die konsep van identiteitkonstruksie kan gevolglik beskou word as die stingel en die identiteitkonstruksieproses kan vergelyk word met die blaar wat die eerste tekens van groei by die onderwyser aandui.

Vir die doel van hierdie studie word daar klem geplaas op die idee dat identiteitkonstruksie en die proses wat hiermee gepaard gaan, dinamies van aard en sonder twyfel kompleks is (Titu, 2019). Al die deelnemers ondersteun


© University of Pretoria

hierdie stelling en lê een of ander stadium tydens die dapper gesprek en/of die vraelys klem daarop dat die mens as sulks ’n dinamiese wese is. Daar word ook in die dapper gesprek klem geplaas daarop dat die identiteitkonstruksieproses ’n komplekse proses is vir enige individu ongeag dit op professionele en/of persoonlike vlak is. Hierdie studie ondersoek die deelnemer se selfrefleksie met betrekking tot elkeen se sterkpunte, swakpunte, bedreigings, geleenthede, geloof en waardes om hulself die geleentheid te gee om hul dinamiese en komplekse identiteit te ontwikkel (Titu, 2019). Die dapper gesprekke, sowel die vraelys het die deelnemers die geleentheid gebied om hul belewenisse vas te vang in die vorm van ‘n narratief. Dit het die deelnemers geleentheid gegee om deur middel van refleksie die aanname te bevstig dat dat identiteit dinamies is, en deel vorm van ‘n voordurende komplekse proses.

Die stingel van ’n plant is buigsaam, soos genoem in afdeling 2.4.7, maar tog broos en kwesbaar. Daarom is die stingel verteenwoordigend van identiteitkonstruksie. Die identiteitkonstruksieproses vereis dat die beginneronderwyser buigsaam moet wees, maar tog kan hierdie proses ’n belangrike invloed uitoefen op die onderwyser se persepsie, belewenisse en uiteindelik ook op sy/haar identiteit (professioneel en persoonlik).

Die identiteitkonstruksieproses behels ’n bewustheid van sterkpunte, swakpunte, geleenthede, bedreigings, waardes en geloof (Titu, 2019). Alle deelnemers kon hul eie swakpunte, sterkpunte en bedreigings in terme van identiteitkonstruksie, die proses hiervan en/of hul professionele identiteit identifiseer, soos deurgegee in die ontleding en interpretasie van die deelnemers se data in afdeling 4.2.5.5.1.

#### 4.2.5.5.1. Analise van elk van die deelnemers se sterkpunte

Die analise van die deelnemers se sterkpunte, soos verkry uit die vraelyste en dapper gesprekke, bring verskeie unieke kwaliteite na vore. Die individu se


© University of Pretoria

sterkpunte kan gedefinieer word as die aspekte waarin die individu uitblink, byvoorbeeld hul vaardighede om dissipline te handhaaf en klaskamerbestuur.

Deelnemer A beskryf haar sterkpunt as die dryfkrag om voortdurend te groei en binne haar professionele loopbaan te ontwikkel. Hierdie eienskap dui op ’n diep strewe na selfverbetering en ’n ingesteldheid om haar volle potensiaal te bereik.

Deelnemer B beklemtoon sy toewyding om ten alle tye in die beste belang van die kind op te tree. Hierdie fokus op die kind se welsyn weerspieël sy empatie en kindergerigte benadering, wat hom as ’n toegewyde ondersteuner van sy leerders se belange posisioneer.

Deelnemer C beskryf ’n reeks sterkpunte, wat sy emosionele, geestelike en psigiese krag insluit. Hy is trots op die kwaliteit van sy werk en sien hierdie eienskappe as noodsaaklik in die lewering van betekenisvolle bydraes tot sy beroep.

Deelnemer X verwys na sy veerkragtigheid en deursettingsvermoë om sy daaglikse take en verantwoordelikhede stiptelik aan te pak. Hierdie eienskap toon ’n sterk werksetiek en die vermoë om betroubaar en volhardend in sy rol te wees.

Deelnemer Y sien haar sterkpunt as haar vermoë om ’n positiewe en samewerkende verhouding met haar leerders in die klaskamer te bou en te handhaaf. Sy streef na ’n harmonieuse leeromgewing, wat leerders in staat stel om saam te werk en konsensus te bevorder.

Hierdie sterkpunte toon hoe elke deelnemer unieke kwaliteite en bydraes tot hul werk en interaksies bring, en hierdie eienskappe vorm die basis vir die simboliese vergelykings met betrekking tot die plant in die volgende analise.


© University of Pretoria

**4.2.5.5.2. Analise van die deelnemers se swakpunte en bedreigings**

Die ontleding van deelnemers se swakpunte en bedreigings, soos verkry uit die vraelyste en dapper gesprekke, toon verskeie uitdagings wat hulle in hul loopbane ervaar. Swakpunte kan gedefinieer word as die individu se kwaliteite of vaardighede waar die individu tekort kom. Bedreigings kan beskou word as die kwaliteite en vaardighede wat tot nadeel van die individu kan dien en lei tot die individu se ondergang. (Sien afdeling 2.4.7 van hoofstuk 2.)

Deelnemer A ervaar die druk om elke versoek te aanvaar wat aan haar gerig word, aangesien sy as ’n beginneronderwyser voel dat sy haarself vir bevordering moet bewys. Hierdie oorbelaste verantwoordelikhede lei tot gevoelens van uitbranding, oorweldiging en moegheid, wat sy as ’n bedreiging vir haarself identifiseer.

Deelnemer B se swakpunt is dat hy in die verlede geneig was om die professionele identiteit van ander te probeer namaak, wat tot ’n verlies van sy eie identiteit gelei het. Hy beskou hierdie gebrek aan selfidentiteit as een van die bedreigings wat sy persoonlike groei kan belemmer.

Deelnemer C erken dat hy aanvanklik nie die waarde en belangrikheid van sekere bykomende rolle wat aan hom toegeken is, begryp het nie. Hierdie gebrek aan begrip het sy professionaliteit beïnvloed, en hy voel dat ongeskikte kritiek wat hy ontvang, ’n bedreiging vir sy selfvertroue en werkprestasie inhou.

Deelnemer X noem dat hy nie altyd oor die emosionele intelligensie beskik om uitdagende situasies in die klaskamer te hanteer nie. Verder moet hy, volgens homself, soms ’n “masker opsit” om die nodige eienskappe van ’n onderwyser te toon, wat nie altyd met sy persoonlike identiteit ooreenstem nie. Hy erken dat hierdie ongemaklikheid ’n bedreiging vir sy werksvermoë kan wees.

Deelnemer Y identifiseer klaskamerbestuur en dissipline as haar swakpunt en noem dat sy daagliks op haar kollegas staatmaak vir raad en leiding in moeilike situasies. Sy merk ook op dat haar werkslading haar soms oorweldig, wat tot vergeetagtigheid lei – ’n bedreiging wat haar doeltreffendheid kan beïnvloed.



© University of Pretoria

Hierdie selfinsigte en erkenning van swakpunte en bedreigings illustreer hoe elke deelnemer bewus is van die areas waarin hulle wil verbeter, asook die uitdagings wat hulle in hul professionele rolle kan stuit.

#### 4.2.5.5.3. Deelnemers se uitdagings

Sonder die analise en selfrefleksie van die individu se sterkpunte, swakpunte, bedreigings, waardes en selfs geloof, is dit moeilik vir die onderwyser om aanpasbaar te wees en te groei, ontwikkel en sy/haar professionele identiteit aan te pas. Selfrefleksie, soos genoem in afdeling 2.4.8.1, is nodig om die uitdagings rem te slaan en ’n swakpunt in ’n sterkpunt te verander, siende dat selfrefleksie die sleutel is tot deurlopende aanpasbaarheid en herontwikkeling van die identiteit (Toole & Louis, 2002).

Die bloeisels van enige plant behels ’n nuwe fase van groei. Dit is egter belangrik om in ag te neem dat wanneer ’n plant nie hom-/haarself in die korrekte omstandighede en omgewing bevind nie, die plant geen bloeisels sal uitstoot en verder groei nie (Van Zyl et al., 1997). Vir die onderwyser behels die metaforiese bloeisels egter ’n nuwe fase in hul professionele beroep, aanpasbaarheid van identiteit en konteks. Soos die plant, sal die onderwyser ook nie nuwe, kreatiewe wyses van onderrig vind of aanpasbaar kan wees indien hy/sy hom-/haarself nie in die korrekte omstandighede en omgewing bevind nie.

Vier uit die vyf deelnemers het aangedui dat mentors/rolmodelle ’n invloed het op hul professionele identiteit asook die identiteitkonstruksieproses. Volgens Olsen (2008) is mentors en rolmodelle ’n noodsaaklikheid vir onderwysers om te groei en aanpasbaar te wees. Deelnemer Y getuig hiervan en plaas klem daarop dat haar kollegas en gewese kollegas ’n blywende indruk laat en haar toelaat om te groei, omdat hulle haar ondersteun en hulp verleen waar nodig. Sy plaas klem daarop dat as dit nie vir hierdie mentors en rolmodelle was nie, is sy onseker oor hoe sy ooit enige uitdagings of struikelblokke sou oorwin. Adu


© University of Pretoria

en Adu (2017) dui daarop dat mentoronderwysers 'n imperatiewe rol speel ter voorbereiding van die onderwysers se klaskamerdinamika, asook die moontlike opvoedkundige uitdagings wat hulle in hul professie kan ervaar. Mentors en rolmodelle komplimenteer en vul beginneronderwysers aan, aangesien die meer ervare onderwysers oor die nodige praktiese, pedagogiese en teoretiese kennis beskik om die beginneronderwyser se professionele vaardighede te help ontwikkel.

Deelnemer C meld hierteenoor dat die kollegas saam met wie hy werksaam was, geen waardevolle rolle gespeel het in die vorming van sy identiteit as onderwyser nie. Hy noem dat sy kollegas hom dikwels oorgelaat het aan sy eie teoretiese kennis en hy vir homself die nodige vaardighede moes aanleer soos wat hy uitdagings en struikelblokke moes trotseer.

As beginneronderwyser ondersteun deelnemer C Adu en Adu (2017) se stelling, aangesien deelnemer C moes staatmaak op sy eie teoretiese kennis en vaardighede en nie op die van mentors/rolmodelle nie. Dit is duidelik vanuit deelnemer Y se ervaring dat rolmodelle en mentors in die werksplek 'n belangrike rol vervul in die ontwikkeling van die beginneronderwyser se professionele identiteit en die proses wat daarmee gepaard gaan.

Vanuit deelnemer Y se belewenis van haar identiteitkonstruksieproses kan ons aflei dat sy buitengewone druk en spanning ervaar, omdat sy spesifiek stel dat sy ongelooflik sukkel om balans te handhaaf tussen die werksplek en tyd vir dit wat in haar persoonlike lewe moet plaasvind. Volgens Beauchamp en Thomas (2006) is beginner- – of soos hulle dit noem, nuwelingonderwysers – geneig om ongelooflike spanning en druk tydens uitdagings in die klaskamer te trotseer, omdat die "ideale eienskappe" van die onderwyser by hulle afgedwing word. Die "ideale eienskappe" waarna ek hier verwys, sluit in om te dien as *in loco parentis*, emosionele ondersteuning te bied aan ouers, leerders en kollegas, optimale tydbestuur, gereelde deelname aan buitemuurse aktiwiteite en nog vele meer. Deelnemer Y meld dat sy oorweldig was met alle administratiewe verantwoordelikhede, buitemuurse aktiwiteite en alle assesserings wat


© University of Pretoria

opgestel, voltooi en nagesien moet word, en het dit as ’n uitdaging beskou. Ander uitdagings, soos genoem in afdeling 2.4.8 van die literatuurstudie, sluit in:

a) Die dinamiese aard van behoeftes van leerders. Soos deur deelnemer Y genoem, het elke leerder hul eie behoeftes waaraan daar voldoen moet word. Sommige leerders benodig emosionele ondersteuning en sommige leerders benodig duidelike riglyne in terme van hoe om assesserings te voltooi.
b) Tegnologiese uitdagings. Soos deur deelnemer Y aangedui, is die tegnologiese veranderinge nie vir haar ’n uitdaging nie, maar is die opstel en saamstel van die materiaal wat saam met hierdie tegnologie in die klaskamer gebruik word, veeleisend.
c) Die sosiale, ekonomiese en finansiële faktore wat in ag geneem moet word in die klaskamer om topgehalte onderrig te lewer. Deelnemer Y het geen aspekte hiervan aangespreek nie, so ook nie enige van die ander deelnemers nie.

Dit blyk uit die voorafgaande bespreking dat selfrefleksie ’n belangrike rol speel in die identiteitkonstruksieproses van die beginner-Afrikaansonderwyser. Selfrefleksie laat die individu toe om sy/haar sterkpunte, swakpunte, bedreigings, geleenthede en uitdagings in oënskou te neem en op ’n pragmatiese wyse aan te spreek.

In die volgende afdeling word verwys na Jung se individuasieproses wat ’n bydrae kan lewer tot die begrip van identiteitkonstruksie en die proses wat daarmee gepaard gaan.

#### 4.2.5.6 Die blombodem van die deelnemers

Dit is tot dusver duidelik dat verskeie faktore, soos genoem in die literatuurstudie – afdelings 2.4.8 en 2.4.8.1 – ’n bydrae kan lewer tot die onderwyser se identiteitkonstruksie. Die komplekse aard van die


© University of Pretoria

identiteitkonstruksieproses van die beginneronderwysers kan met behulp van Jung se individuasieproses toegelig word (Tricarico, 2016). In Hoofstuk 2, afdeling 2.4.8, is Jung se individuasieproses met betrekking tot die identiteit bespreek. Die individuasieproses is noodsaaklik om "totaal mens" te word (Tricarico, 2016). Die individu behoort 'n vorm van selfrefleksie te handhaaf om die individuasieproses te behartig, aangesien selfrefleksie die individu in staat stel om hom-/haarself te ondersoek, met betrekking tot sy/haar swakpunte, sterkpunte en watter eienskappe nog ontwikkel moet word, en in watter areas van die beroep nog groei en ontwikkeling nodig is.

Volgens die geanaliseerde data van deelnemer X word daar van die beginneronderwyser verwag dat hy/sy 'n masker moet dra wanneer hy/sy die klaskamer betree. Hierdie stelling van deelnemer X sluit aan by Jung se individuasieproses, spesifiek "die onbekende" en die argetipe – "die persona". Die onbekende word omskryf as dit wat die individu vir die wêreld probeer wegsteek en die persona kan omskryf word as die sogenaamde "masker" wat die individu – in die geval, onderwyser opsit, om in te pas by die omgewing waarin hy/sy geplaas is. Dus is "die komplekse", soos genoem in afdeling 2.4.9, die individu se versameling van gevoelens, perspektiewe, gedagte, ingesteldheid en ook herinneringe, en verbonde aan 'n spesifieke milieu of selfs omstandighede (McLeod, 2023).

Vir deelnemer X behels die onbekende en die komplekse, die gevoel dat hy die beroep en homself betwyfel, na aanleiding van kollegas se gedrag teenoor hom in die werksplek.

Die persona, soos deur Ladkin et al. (2018) aangedui, is die masker; die aspek wat die mens/werknemer byvoeg in/om die werksplek om hom-/haarself as aanvaarbaar en bekwaam te laat voorkom. In hierdie geval, meld deelnemer X dat hy wel 'n masker moet opsit – daagliks – sodat die leerders hom as 'n bedreiging kan beskou. Deelnemer X meld dat hy kwaai en intimiderend moet optree, alhoewel dit glad nie in sy persoonlike identiteit is om so op te tree nie. Hier inkorporeer deelnemer X ook die skadu – dit wat ons van ander wegsteek


© University of Pretoria

omdat sekere eienskappe/gevoelens/gedagtes as onvanpas beskou word (Ladkin et al., 2018). Deelnemer X word geforseer om sy goedhartigheid en sagte geaardheid weg te steek, omdat hy op ’n sekere manier in die werksplek moet optree om slegs die daaglikse take (soos lesse aanbied, leer fasiliteer, assesseringstake voltooi) effektief te laat geskied. Dit dui daarop dat die professionele en die persoonlike identiteit van die deelnemer ondermyn word. Dit is duidelik dat deelnemer X die proses as ‘n negatiewe belewenis ervaar, omdat hy/sy identiteit moet aanpas om die beeld van die professionele onderwyser oor te dra.

#### 4.2.5.7 Die vrugbeginsel van die deelnemers

Die vrugbeginsel is die oorsprong van nuwe blomme of blare, wat ontwikkel wanneer dit met stuifmeel in aanraking kom – aangedra deur insekte soos bye en vlinders (Van Zyl et al., 1997). Hierdie proses kan metafories vergelyk word met die ontwikkeling van ’n onderwyser se identiteit deur selfrefleksie en individuasie. Die stuifmeel simboliseer persoonlike en professionele groei, terwyl die onderlinge voordele van bestuiwing die samewerkende aard van hierdie ontwikkeling beklemtoon. Die gevolg hiervan is die ontstaan van kollektiewe voordeel, soos bespreek in afdeling 2.4.10.

Die ingesamelde data van al die deelnemers dui daarop dat die deelnemers diens lewer ter ondersteuning van die kollektiewe voordeel. Die kollektiewe voordeel word beskryf as dit wat tot voordeel is vir die omgewing/konteks waarin die individue hulself bevind (Ladkin et al., 2018). Alle deelnemers het op een of ander gebied kollektiewe voordeel aan leerders en/of kollegas gebied aangesien die identiteitkonstruksieproses verbetering, groei en ontwikkeling laat geskied.

Deelnemer A se kollektiewe voordeel is haar bydrae tot buitemuurse aktiwiteite en hulpverlening ongeag die gebeurlikheid, sodat leerders, ouers en die skoolgemeenskap bevorder kan word. Deelnemer B poog om ten alle tye sy


© University of Pretoria

professionele beeld te verbeter, sowel as sy klaskamerdissipline en bestuur, sodat die fasilitering van leer effektief en doelgerig kan geskied. Deelnemer C beskou dit as sy plig om die leerders wat in sy klas is, die nodige vaardighede, soos byvoorbeeld opsommingsvaardighede, te bied om te verseker dat elke leerder oor die vaardigheid beskik om te kan opsom en kernelemente te identifiseer. Deelnemer Y bied ’n moederlike rol aan haar leerders, maar vra ook hulp vanaf kollegas om administratiewe take/assesseringstake op te stel/buitemuurse aktiwiteite te balanseer en om op so ’n wyse ook te leer hoe om hierdie take en vaardighede te verbeter vir die toekomstige leerders wat in haar klaskamer gaan wees. Deelnemer X dui daarop dat hy op sy kollegas steun vir hulp, so ook deelnemer Y. Dit laat beide deelnemer X en Y toe om die vaardighede wat hulle by ander in die skoolgemeenskap aanleer, aan te bied om ander leerders in die toekoms te laat voordeel trek.

Die kollektiewe verwys wel na die voordeel van die gemeenskap as geheel – in hierdie geval verteenwoordig die skoolgemeenskap die kollektief. Dit is belangrik dat die onderwyser hom-/haarself wil verbeter tot die kollektiewe ontwikkeling van die konteks waarin hy/sy hom-/haarself bevind. Die sfere ter sake vir die kollektiewe ontwikkeling van die onderwyseres sluit in professionele, sosiale, akademiese, kulturele en geestelike welstand (Ladkin et al., 2018).

In hierdie geval vind die skool baat daarby om onderwysers aan te stel wat reflekteer en die professionele identiteit konstant probeer aanpas tot die kollektiewe voordeel van hul omgewing – die skool en alle sfere hierby betrokke.

## 4.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die inligting wat deur vraelyste en dapper gesprekke verkry is, noukeurig ontleed en bespreek. Die data is ook, waar moontlik, met behulp van illustrasies aangebied. ’n Tematiese analise is uitgevoer om die


© University of Pretoria

data te struktureer en die navorsingsdoelwitte te bereik. Vanuit die ingesamelde data en die tematiese analise is sekere temas geïdentifiseer en kan soos volg opgesom word (sien ook figuur 4.8):

1. **Identiteit** is die oortuigings, waardes, geloof, karaktereienskappe, belewenisse en ervarings waaroor 'n beginneronderwyser beskik.

2. **Professionele identiteit** word beskou as die verwagtinge en/of karaktereienskappe waaroor die beginneronderwyser binne die professionele omgewing behoort te beskik.

3. **Professionaliteit** word bepaal deur die professionele identiteit en die beginneronderwyser se vermoë om die professionele identiteit te evalueer en ontwikkel.

4. **Beginner-Afrikaansonderwyser** word beskou as die Afrikaansonderwyser wat beskik oor een tot vyf jaar se werkservaring, of gewoonlik tussen die ouderdom van 21 en 26 is. Hierdie onderwyser bied die vak Afrikaans aan en is insluitend vir Huistaal en Eerste Addisionele Taal.

5. **Vakspesialis teenoor die koördinering van buitemuurse aktiwiteite** is een van die hoofrolle wat die onderwyser behoort te beklee, maar dit is nie 'n losstaande of geïsoleerde rol nie. Die rol as vakspesialis en fasiliteerder van kennis gaan gepaard met die koördinering van buitemuurse aktiwiteite, soos byvoorbeeld sport en kultuur.

6. **Uitbranding** is waar daar nie genoegsame ruimte geskep word vir die beginneronderwyser om asem te skep nie. Die werkslading van die onderwyser is dikwels oorlaai en universiteite berei dikwels nie die onderwysers voor vir dit wat in werklikheid die werkslading is nie.

7. **Persepsie/vooropgestelde idees van die beginneronderwyser** is die beginneronderwyser as sulks se eie vooropgestelde idees van wie hulle behoort te wees, hoe hulle behoort op te tree, die verantwoordelikhede wat op hul skouers rus. Maar so het die leerders en kollegas ook vooropgestelde


© University of Pretoria

idees van elke beginneronderwysers. Hierdie vooropgestelde idees vanaf kollegas en leerders veroorsaak dat daar konflik tussen die persepsies van die beginneronderwysers en die kollegas/leerders ontstaan.

8. **Identiteitkonstruksieproses** is die proses wat die vorming van die beginneronderwyser se identiteit – professioneel en/of persoonlik – behels. Hier is waar die individu sekere karaktereienskappe, waardes, oortuigings en sienings vestig en deurlopend ontwikkel. Die identiteit word dus as dinamies beskou soos wat selfrefleksie plaasvind en die identiteitkonstruksieproses weer van voor begin.

9. **Karaktereienskappe van die onderwyser** is vooropgestelde karaktereienskappe waaroor onderwysers behoort te beskik, maar sommige eienskappe is idealisties en word ontwikkel met verloop van tyd.

10. **Selfrefleksie** is die proses waar die beginneronderwyser introspeksie doen en sterkpunte, swakpunte, bedreigings en/of geleenthede bepaal om groei te bewerkstellig.

11. **Die rol van mentors/ouers/vriende** is waar mentors/ouers/vriende ’n rol speel in elke beginneronderwyser se lewe en bepaal dikwels hoe hulle hulself handhaaf en beskou. Hierdie rolle van die mentors/ouers/vriende kan ’n positiewe of selfs ’n negatiewe uitwerking op die beginneronderwyser se identiteit bewerkstellig.

12. **Addisionele verantwoordelikhede** verwys na die beginneronderwysers wat nie altyd kennis dra van alle addisionele verantwoordelikhede wat in ag geneem moet word wanneer hulle die werksplek betree nie. Dit kan die bepalende faktor wees oor hoe die beginneronderwyser sy/haar professionele identiteitkonstruksieproses ervaar.

Ten slotte word daar in hoofstuk 5 aandag gegee aan die bydrae wat hierdie studie lewer tot die kennisveld en word die bevindinge wat in hierdie hoofstuk in besonderhede bespreek is, opsommend saamgevat.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5

# VERTAKKING, UITDAGINGS EN VRUGDRA

Die resultate van hierdie navorsing kan vergelyk word met die takke van ’n boom wat uitsprei; die bevindinge word duidelik en bondig aangebied en die groei wat deur die studie bereik is, beklemtoon. Soos bome verskeie uitdagings in die gesig staar tydens hul groei, spreek hierdie hoofstuk die implikasies, beperkings en potensiële uitdagings van die navorsingsbevindinge aan. Dit reflekteer oor die betekenis van die resultate en hoe dit in die breër akademiese konteks pas. Die gevolgtrekking som die sleutelbevindinge en hul implikasies op, soortgelyk aan ’n boom wat vrugte dra, en beklemtoon die bydraes van die navorsing terwyl dit areas vir toekomstige studie voorstel. Voorts skep hierdie metafoor ’n samehangende en boeiende narratief vir die navorsing, wat die doel van elke hoofstuk duidelik en verstaanbaar maak.

## 5.1 INLEIDING

In **hoofstuk 1** is daar klem geplaas op die idee dat identiteit ’n persoon en ander partye se konseptualisering is oor wie die individu is en waartoe daardie spesifieke individu in staat is, asook hul verwantskap met spesifieke individue (Arber et al., 2014). Identiteit is uitgelig as kompleks van aard en soos tyd verloop, kan identiteit aangepas word en meer in diepte deur die individu self gedefinieer word (Williams, 2013). Vir die individu om begrip van hul eie identiteit te hê, sal die proses van selfrefleksie behartig moet word (Williams, 2013).

Ons, as mense, leer onsself ken en ons pas ons konsep van identiteit aan soos ons nuwe vaardighede aanleer en sosiaal verkeer. Dit was een van die doelwitte van hierdie navorsing, naamlik om te toon dat identiteit, ongeag jou


© University of Pretoria

beroep, dinamies van aard is, en ’n direkte invloed het op ’n persoon se professionele identiteit en ook hoe hulle hul identiteitkonstruksieproses beleef.

In **hoofstuk 2** is daar duidelikheid verskaf dat elkeen van ons, as mens, beskik oor ’n unieke persoonlike en professionele identiteit. Vir die doel van hierdie studie is daar gepoog om persoonlike identiteit eenkant te plaas en die vergrootglas in te span om professionele identiteit onder beginner-Afrikaansonderwysers te bepaal.

**Hoofstuk 3** het die konsep van professionele identiteit onder die vergrootglas geplaas. Professionele identiteit kan omskryf word as die selfpersepsie oor die rolle wat jy in jou beroep behoort te vervul (Arber et al., 2014). Die individu se professionele identiteit word deur verskeie faktore binne en buite die klaskamer beïnvloed. Die faktore wat bepalend is tot die individu se perspektief met betrekking tot identiteit binne die klaskamer sluit onder andere in

- sosio-ekonomiese status,
- geloof, en
- waardes en oortuigings (Arber et al., 2014).

**Hoofstuk 4** het klem geplaas op die data-insameling en die bevindinge, en daar is bevind dat die volgende faktore, onder andere, bepalend is tot die individu se perspektief met betrekking tot identiteit binne die klaskamer:

- Hoe suksesvol die individue dink hulle is.
- Eienskappe waaroor suksesvolle onderwysers beskik.
- Leerders se perspektief van die onderwyser (Arber et al., 2014).

In hoofstuk 4 van die studie is die belewenisse van die beginner-Afrikaansonderwyser se identiteitkonstruksieproses met betrekking tot die bostaande faktore ondersoek en word die bevindinge vervolgens opsommend uiteengesit.


© University of Pretoria

## 5.2 OPSOMMING VAN BEVINDINGE

Volgens Howarth (2002) en Titu (2019) is elke individu bewus van die beeld wat hy/sy uitstraal en probeer deurlopend van "die self" bewus wees. Derhalwe kan 'n individu beskou word as identiteitbewus. Die hoofbedreiging wat deur al die deelnemers uitgelig is, is konkrete bedreigings soos pandemies, oorloë en politiek. Voorts bevestig die deelnemers dat hulle van mening is dat die grootste bedreiging van nie-materialistiese aard is. Uit die vraelyste en dapper gesprekke bevestig die data dat die deelnemers aan hierdie studie bewus is van hulle eie identiteit en identiteitkonstruksieprosesse.

Die grootste bedreiging, soos genoem in hoofstuk 1, vir die mensdom is die nie-materialistiese aspekte wat oorgesien word, soos waardes, oortuigings, geskiedenis en vele meer (Schöpflin, 2001).

'n Studie van Botha en Rens (2018) beklemtoon die volgende insake die beginneronderwyser se ervaring in die onderwys:

- Beginneronderwysers betree die onderwys as voltydse werknemers en die verwagting is geskep dat die beginneronderwyser reeds algeheel bevoeg en ontwikkel, in pedagogiese en praktiese kennis, behoort te wees voordat die onderwys voltyds betree word.
- Beginneronderwysers vertrou dat hulle reeds oor die pedagogiese en praktiese kennis beskik om alle rolle en verwagtinge na te kom wat daargestel is vir die voltydse onderwyser, en kom tot die besef dat daar 'n enorme gaping is tussen die teorie en die praktyk van onderwys. Die beseffing van die realiteit veroorsaak dat die beginneronderwyser hom-/haarself isoleer en hul professionele en/of persoonlike identiteit bevraagteken.

Volgens Botha en Rens (2018) sal die beginneronderwyser wat sy/haar identiteit bevraagteken, soos van die deelnemers in hoofstuk 4, een van twee aksies uitvoer: a) bedank vanuit die onderwys, soos deelnemer C, of b) verdere


© University of Pretoria

ondersoek instel om “die self” in die onderwyser se professionele hoedanigheid te ontdek, soos deelnemers A, B, X en Y.

Dit is van kardinale belang om alle onderwysers – en veral beginneronderwysers – in te lig oor die kompleksiteit van identiteit en hoe pedagogiese verskille en vorige ervarings bydra tot die vorming van hul professionele en persoonlike identiteit (Titu, 2019). Wanneer onderwysers hierdie proses begryp, word dit makliker om uitdagings in die werksplek aan te pak (Titu, 2019). Soos deur deelnemers A, X en Y genoem, was hul aanvanklike belewenis van die identiteitkonstruksieproses negatief; maar namate hulle hul professionele identiteit ontwikkel het met ondersteuning van kollegas, departementshoofde en ouers, het hul begrip van die identiteitkonstruksieproses gegroei. Hierdie begrip het hulle gehelp om sekere uitdagings te oorkom, soos die balans tussen die professionele en persoonlike lewe, wat noodsaaklik is vir volhoubare groei in hul onderwysloopbaan.

Die doel van die studie was hoofsaaklik om die beginner-Afrikaansonderwyser se belewenis rakende die identiteitkonstruksieproses te ondersoek. Vervolgens sal die insiggewende norme en tendense van al die deelnemers se belewenisse uitgelig word.

’n Geriefsteekproef is in hierdie studie van toepassing gewees. ’n Semi-gestruktureerde vraelys is aan vyf tot tien respondente gestuur en daarna is ’n dapper gesprek met elkeen gevoer, waar vyf uit vyf deelnemers vrywilliglik aan die vraelys en dapper gesprekke deelgeneem het. Hierdie data is verkry deur bogenoemde metodes, en bied die professionele verhaal van elke beginner-Afrikaansonderwyser aan. Die vraelyste is aan drie tot ses hoërskole in die Gauteng-provinsie gestuur met toestemming vanaf die betrokke partye. Skuilname is aan elk van die deelnemers geallokeer, sodat geen individu of beeld van die instelling benadeel/bevoordeel kon word nie.

Om die data se geldigheid en betroubaarheid van die studie te verhoog, is die rou data se inhoud geanaliseer, en bruikbare algemene temas of tendense uitgelig om die daargestelde primêre navorsingsvraag en subvraag te kan


© University of Pretoria

beantwoord. Die tendense is aan die leser deur ’n tematiese analise en daarna die professionele storie van elke deelnemer uitgelig, wat weereens beoog om die algemene tendense te identifiseer (Werbinska, 2017). Die studie is dus gefokus op die ontbloting van sosiale realiteit, wat die studie empiries van aard laat (Maree, 2016).

Volgens Smith et al. (2015) is tematiese analise die sistematiese en indiepte-analise van sosiale fenomene, waar data gegroepeer word in hanteerbare dele om sodanig prominente ervarings, gebeurtenisse en kommentaar met die leser te deel. Daar is na aanleiding van die vraelyste en dapper gesprekke gebruik gemaak van ’n tematiese analise om duidelikheid oor die individuasieproses aan die leser en aan my te verskaf.

Die prominente temas, soos bevind in hoofstuk 4, is as volg:

1. Identiteit
2. Professionele identiteit
3. Professionaliteit
4. Beginner-Afrikaansonderwyser
5. Vakspesialis vs. koördinering van buitemuurse aktiwiteite
6. Uitbranding
7. Persepsie/vooropgestelde idees van die beginneronderwyser
8. Identiteitkonstruksieproses
9. Karaktereienskappe van die onderwyser
10. Selfrefleksie
11. Die rol van mentors/ouers/vriende
12. Addisionele verantwoordelikhede

Selfrefleksie maak die individu bewus van hul vaardighede, tekortkominge en wat hul professionele identiteit en rolle behels, soos deur deelnemers A, C, X en Y genoem. Williams (2013) se siening dat onderwysers verskeie identiteite integreer om hul professionele identiteit te vorm en hierdie identiteite konstant herontwikkel, ondersteun die idee dat selfrefleksie ’n kernrol in hierdie proses speel. Deur gereeld te reflekteer oor hul rol en gedrag, kan onderwysers bewus


© University of Pretoria

word van hul sterkpunte en gebiede waar verbetering nodig is. Hierdie selfbewustheid stel hulle in staat om doelbewus te werk aan hul vaardighede en om die balans tussen hul professionele en persoonlike identiteite beter te handhaaf, wat weer tot ’n sterker en meer veerkragtige professionele identiteit lei.

Vanuit die data-analise dien die volgende ter opsomming van die bevindinge:

- Identiteit is uniek aan elke deelnemer en elke deelnemer beskik oor ’n professionele en ’n persoonlike identiteit (Weran & Kuswandono, 2022).
- Die rol van die onderwyser as vakspesialis gaan verlore. Volgens Foster en Foster (2023) moet die onderwysers bewus wees van die kompleksiteit van die konsep van identiteit, maar ook die idee dat identiteit dinamies is. Dus kan daar ’n vergelyking getref word met Foster en Foster (2023) se siening, aangesien die onderwyser se identiteit kompleks en dinamies is. Daarom word daar nie net meer klem geplaas op die rol van die vakspesialis nie, maar ook dat dit belangrik is vir die onderwyser om meer as een rol te vervul, soos afrigter, die moederlike en/of vaderlike rol in die klaskamer en soveel meer.
- Titus (2019) noem dat professionele identiteit nie inherent na vore kom nie, aangesien belewenisse, waardes, oortuigings en vele ander aspekte ’n bydraende faktor is tot die konstruksie van die professionele identiteit. Vervolgens is daar bevind dat die pedagogiese kennis en praktiese ervaring in die beroep van belang is om die individu se identiteitkonstruksieproses af te skop, maar dat hierdie proses gevul sal wees met positiewe asook negatiewe belewenisse.
- Dit was vir my opvallend dat die deelnemers aan die begin van hul identiteitkonstruksieproses genoem het dat hul belewenis as beginner-Afrikaansonderwyser negatief was, maar met verloop van tyd het dit gegroei na positief.
- Deelnemers noem dat hul belewenisse grootliks bepaal is deur die milieu waarbinne hulle funksioneer, aangesien kollegas, ondersteuning en


© University of Pretoria

bemoediging ’n groot rol speel in die positiewe en/of negatiewe belewenis van die identiteitkonstruksieproses.

- Die deelnemers noem elkeen op ’n verskillende tydstip dat die rol van *in loco parentis* (in die plek van die ouer) ’n prominente verskyning maak wanneer hulle reflekteer oor hul professionele identiteit en watter rolle hulle behoort te vervul. Weran en Kuswandono (2022) beklemtoon dat die rol van *in loco parentis* die kernrol is wat die onderwyser behoort te vervul, maar dat hierdie rol nie in isolasie geplaas kan word nie, aangesien onderwysers vele ander rolle vervul.
- Titu (2019) plaas klem op die kompleksiteit van die identiteitkonstruksieproses en dat selfrefleksie van belang is om die onderwyser se sterkpunte, swakpunte, geleenthede en bedreigings te identifiseer. Deelnemer C het ook in hierdie studie klem geplaas op die kompleksiteit van identiteitkonstruksie en dat die essensie van die identiteitkonstruksieproses selfrefleksie is.
- Vier uit vyf deelnemers het klem daarop geplaas dat rolmodelle en mentors die identiteitkonstruksieproses draaglik gemaak het en dat diegene wat beskou is as rolmodelle en mentors, leiding gebied het. Adu en Adu (2017) het ook die belangrikheid van rolmodelle en mentors beklemtoon (sien hoofstuk 2).
- Vanuit hoofstukke 2 en 4 is dit duidelik dat Jung se individuasieproses gebruik kan word om die identiteitkonstruksieproses te verklaar en tot ’n beter insig van die individu se identiteit kan lei.

Hoofstukke 2 en 4 toon duidelik dat die kollektiewe voordeel van hierdie navorsingstudie nie net die deelnemers self raak nie, maar ook leerders en kollegas. Deur die navorsingsproses het beginner-Afrikaansonderwysers wat deelgeneem het, hulself blootgestel aan selfrefleksie, wat hulle ’n dieper bewustheid van hul sterkpunte, swakpunte, geleenthede en bedreigings gegee het. Hierdie bewustheid lei tot die verbetering van vaardighede wat direk en indirek die leerderondervinding en die werksomgewing bevoordeel. Verbeterde


© University of Pretoria

pedagogiese kennis en beter menseverhoudinge in die skoolomgewing is enkele voorbeelde van hoe hierdie proses positief bydra tot die professionele groei van die onderwysers en die algehele leeromgewing.

Alle deelnemers het hul eie waardes, oortuigings, tekortkominge en sterkpunte, wat die kompleksiteit van professionele identiteit onder die vergrootglas plaas. Elke deelnemer bring unieke aspekte van hul persoonlike identiteit in die onderwyskonteks na vore, wat beïnvloed hoe hulle hul rol as opvoeders benader (Foster en Foster, 2023). Die erkenning van hul individuele waardes en oortuigings lei tot ’n groter selfbewustheid, wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van ’n gesonde professionele identiteit.

Boonop is dit relevant dat elke deelnemer genoem het dat hul persoonlike identiteit hul professionele identiteit beïnvloed. Dit dui daarop dat die onderwysers se ervaring en perspektiewe nie in isolasie bestaan nie; hulle persoonlike agtergronde, emosies en lewenswaardes vorm die basis van hul professionele praktyk. Hierdie interaksie tussen persoonlike en professionele identiteit is belangrik, aangesien dit onderwysers help om ’n meer outentieke en empatiese benadering tot onderrig te ontwikkel, wat uiteindelik die leerervaring van hul leerders kan verbeter. Deur hierdie verband te verstaan, kan deelnemers nie net hul eie ontwikkeling as onderwysers bevorder nie, maar ook ’n positiewe, ondersteunende omgewing vir hul leerders skep.

## 5.3 NAVORSINGSVRAE ONDER DIE VERGROOTGLAS

Die navorsingsvrae van hierdie studie is van uiterste belang, soos in hoofstuk 1 genoem, aangesien hulle die literatuurstudie, metodologie, metodologiese benadering, steekproef en populasie van die studie bepaal. Volgens Maree (2019) rig die navorsingsvrae die hele navorsingsproses.

Die **primêre navorsingsvraag** was: Hoe beleef die beginner-Afrikaansonderwyser die proses van identiteitkonstruksie?


© University of Pretoria

Die **sekondêre navorsingsvraag** was: Hoe beïnvloed jou belewenis van jou identiteitkonstruksie jou professionele identiteit?

Die beginner-Afrikaansonderwyser beleef die proses van identiteitkonstruksie op unieke wyse, soos afgelei uit die literatuurstudie, die data-insameling en die data-analise. Elke deelnemer het hul eie weergawe van hul ervarings as beginneronderwyser gedeel, wat verskillende perspektiewe op die proses van identiteitkonstruksie insluit. Gedurende die studie was sommige deelnemers uitskieters, terwyl ander se belewenisse oorvleuel het, wat die kompleksiteit van hierdie proses beklemtoon. Dit is duidelik dat elke deelnemer sowel positiewe as negatiewe belewenisse tydens die proses van professionele identiteitkonstruksie gehad het, en dat hulle hul ervarings in narratiewe vorm verskillend uitgedruk het. Hierdie diversiteit in belewenisse dui aan dat identiteitkonstruksie ’n dinamiese en persoonlike proses is, wat deur individuele omstandighede en interpretasies gevorm word.

Die belewenisse van beginner-Afrikaansonderwysers speel ’n sentrale rol in hul identiteitkonstruksie, aangesien elke ervaring – of dit nou positief of negatief is – bydra tot hoe hulle hulself as opvoeders sien en hul rol in die onderwyskonteks verstaan. Positiewe belewenisse, soos ondersteuning van kollegas en suksesvolle interaksies met leerders, kan die onderwysers se selfvertroue en professionele identiteitsvorming versterk. Dit kan hulle aanmoedig om hul sterkpunte te erken en verder te ontwikkel, wat uiteindelik lei tot ’n sterker professionele identiteit.

Die teenoorgestelde, die negatiewe belewenisse, soos uitdagings of mislukte onderrigmetodes, kan ook ’n beduidende invloed hê. Hierdie ervarings kan leerders aanmoedig om krities oor hul praktyk na te dink, hul tekortkominge te identifiseer en aanpassings te maak om te verbeter. Deur die proses van refleksie en selfevaluasie kan hulle ’n dieper begrip van hul professionele identiteit ontwikkel, wat hulle help om hindernisse te oorkom en as opvoeders te groei.


© University of Pretoria

Die interaksie tussen hierdie verskillende belewenisse vorm ’n ryk basis vir identiteitkonstruksie, wat nie net ’n invloed het op hoe die deelnemers hulself sien nie, maar ook op hoe hulle hul rol as opvoeders in die breër onderwyskonteks benader. Hierdie dinamiese proses van identiteitsvorming help deelnemers om hul pedagogiese benaderings te verfyn en ’n meer holistiese en outentieke benadering tot hul onderrig te ontwikkel.

Hierdie studie spreek ook die sekondêre navorsingsvraag aan, aangesien deelnemers in hoofstuk 4 bevestig het dat hul belewenisse van die identiteitkonstruksieproses ’n direkte invloed op elkeen se professionele identiteit het. Sommige deelnemers het hul ervarings gebruik om te groei en hul onderwyspraktyke te verbeter, terwyl ander, soos in verskeie afdelings van hoofstuk 4 genoem, besluit het om die professie te verlaat. Hierdie uiteenlopende reaksies op die identiteitkonstruksieproses illustreer hoe individuele belewenisse en interpretasies ’n sleutelrol speel in die vorming van professionele identiteit en die besluitneming rondom die volhoubaarheid van ’n loopbaan in die onderwys.

Die deelnemers se persoonlike belewenisse betreffende die proses van identiteitkonstruksie beïnvloed mekaar op verskeie maniere. Eerstens speel die deelnemers se unieke ervarings ’n sleutelrol in hoe hulle hul eie identiteit vorm en verstaan. Positiewe belewenisse, soos suksesvolle interaksies met leerders en ondersteuning van kollegas, kan hul selfvertroue versterk en ’n gevoel van voldoening in hul rol as opvoeder skep. Hierdie positiewe ervarings help om ’n sterk en veerkragtige persoonlike identiteit te bou, wat op sy beurt ’n positiewe invloed op hul professionele identiteit het.

Uitdagings in die klas of gevoelens van ontoereikendheid kan dien as die negatiewe belewenisse, wat moontlik die deelnemers se persoonlike identiteit beïnvloed deur hulle te laat twyfel aan hul kapasiteit en waarde as opvoeders. Hierdie ervarings kan lei tot gevoelens van frustrasie of demotivering, wat die deelnemers se algehele welstand en hul siening van hul professionele rol kan benadeel.


© University of Pretoria

Boonop kan die manier waarop deelnemers hul persoonlike identiteite konstrueer, die manier beïnvloed waarop hulle hul professionele identiteite benader. As hulle byvoorbeeld ’n sterk gevoel van persoonlike waarde en doel het, sal hulle waarskynlik ’n meer positiewe en proaktiewe houding teenoor hul professionele ontwikkeling aanneem. Dit kan hulle motiveer om te leer en te groei, selfs in die aangesig van uitdagings.

In die geheel wys hierdie interaksies hoe diep verweef die persoonlike en professionele identiteite is, en hoe die een die ander in die proses van identiteitkonstruksie beïnvloed.

## 5.4 BYDRAES TOT KENNISVELD

Die navorsing wat onderneem is vir die doel van hierdie studie poog om ’n bydrae te lewer tot die volgende toepassingsvelde:

### Akademies

Ek glo dat hierdie navorsingstudie ’n waardevolle bydrae lewer tot beide die Afrikaanse studieveld en die veld van identiteitsnavorsing. Met hierdie studie is daar gepoog om ’n leemte in albei hierdie velde te vul, aangesien daar min navorsing in Afrikaans beskikbaar is oor Afrikaansonderwysers, en selfs minder oor die belewenisse van beginneronderwysers rakende hul identiteitkonstruksie. Hierdie studie verskaf dus insigte wat nie net bydra tot ’n beter begrip van die onderwyspraktyk nie, maar ook die komplekse proses van identiteitvorming onder Afrikaansonderwysers.

### Sosiaal

Hierdie navorsing het ten doel gehad om deelnemers die geleentheid te bied om te reflekteer oor hul professionele identiteit, hoe hierdie identiteit gevorm is, die proses wat daarmee gepaard gaan en die impak daarvan op toekomstige


© University of Pretoria

professionele groei. Alle deelnemers het herhaaldelik beklemtoon dat hierdie studie hulle in staat gestel het om diep na te dink oor hul professionele en persoonlike identiteit.

Deur onderwysers toe te laat om oor hul professionele en persoonlike identiteit te reflekteer, kan dit selfkennis bevorder en dit mag lei tot meer doelgerigte en vervullende loopbane. Die proses van refleksie kan onderwysers verder help om hul professionele identiteit beter te verstaan en te ontwikkel, wat uiteindelik hul toekomstige professionele groei en sukses kan bevorder.

**Persoonlik**

Hierdie navorsingstudie het vir my, as navorser, waardevolle insigte gebied, duidelikheid gegee en ’n nuwe perspektief verskaf oor haar eie ervarings en belewenisse as ’n beginner-Afrikaansonderwyser. Deur die studie kon sy haar persoonlike uitdagings en groei in die onderwysdomein beter verstaan, wat haar in staat stel om die onderrig van Afrikaans as vaktaal meer selfversekerd en met groter begrip te benader.

## 5.5 BEPERKINGS EN LEEMTES

Verdere navorsing in die veld van identiteitkonstruksie en die belewenisse hiervan, kan lei tot ’n dieper begrip en onderhandeling in belewenisse en ervarings van die onderwyser – beginner en/of ervare.

Die leemtes in die bevindinge is tweeledig. Eerstens is daar slegs vyf deelnemers wat deel van die steekproef uitmaak, wat beteken dat die resultate nie verteenwoordigend is van alle beginner-Afrikaansonderwysers nie. Tweedens is die fokus van die studie beperk tot die belewenisse van Afrikaansonderwysers rakende die proses van identiteitkonstruksie, wat nie ’n holistiese beeld van alle beginneronderwysers se ervarings kan verskaf nie. In afdeling 5.6. word daar egter voorgestel dat toekomstige navorsers hierdie


© University of Pretoria

leemtes kan aanspreek deur ’n groter, meer diverse steekproef te betrek, wat die moontlikheid bied om ’n verteenwoordigende beeld van beginneronderwysers te skep. Hierdie uitbreiding van die navorsing kan insiggewende perspektiewe bied oor die identiteitkonstruksieproses in die onderwys en bydra tot ’n dieper begrip van die ervarings van onderwysers in verskillende vakgebiede.

## 5.6 MOONTLIKHEDE VIR VERDERE NAVORSING

Die identiteitskonstruksieproses van beginner-Afrikaansonderwysers is ’n interessante en belangrike navorsingsveld. Hier is ’n paar moontlikhede vir verdere navorsing wat oorweeg kan word:

**Ondersteuningstelsels**: Ondersoek hoe verskillende ondersteuningstelsels, soos mentorskap en professionele ontwikkelingsprogramme, die identiteitsvorming van beginneronderwysers beïnvloed.

**Taal en kultuur**: Bestudeer hoe verskille in taal en kultuur die identiteitkonstruksie van Afrikaansonderwysers beïnvloed.

**Rol van tegnologie**: Verken die impak van tegnologie en digitale hulpmiddels op die professionele identiteit van beginneronderwysers.

**Onderwyseropleiding:** Ondersoek die impak van opleiding van onderwysers op die professionele en persoonlike identiteit.

Hierdie navorsingsmoontlikhede kan help om ’n dieper begrip te ontwikkel van die faktore wat die identiteitkonstruksie van beginner-Afrikaansonderwysers beïnvloed en kan waardevolle insigte bied vir die verbetering van onderwyspraktyke.


© University of Pretoria

## 5.7 GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING

Identiteit en identiteitkonstruksie gaan gepaard met selfrefleksie. Identiteitkonstruksie word gedefinieer as die verband tussen die beeld wat ons oordra tydens sosiale interaksie asook hoe die individu hulself, hul waardes en oortuigings oordra na ander (Howarth, 2002). Die bogenoemde getuig daarvan dat identiteitkonstruksie ’n voortdurende, komplekse en dinamiese proses is – net soos identiteit – waar die individu in verskeie sosiale kontekste gekonfronteer word met uitdagings teenoor hul belewenis van hoe hulle identiteit waarneem (insluitend die indruk wat die individu skep, hoe die individu deur ander waargeneem word, die individu se waardes en oortuigings) wat die proses van identiteitkonstruksie – doelbewus van aard maak (Howarth, 2002).

Hierdie studie se literatuuroorsig het omvattende perspektiewe rakende die bestaande literatuur verskaf. Na aanleiding van die literatuuroorsig kan daar afgelei word dat die volgende faktore kan bydra tot die onderwyser se identiteitkonstruksie:

a) Die rolmodel en die rol wat hy/sy in die onderwyser se lewe gespeel het.

b) Die ideale karaktereienskappe van die onderwyser.

c) Die onderwyser se vermoë om aanpasbaar en kreatief te wees.

d) Die rol van die onderwyser as *in loco parentis*.

Die moontlike leemte in die literatuuroorsig wat opgelet is, is egter duidelik – minimale navorsing en literatuur wat spreek tot die belewenisse van die beginner-Afrikaansonderwyser en hoe hierdie teikengroep hul professionele identiteit konstrueer. Die literatuur aangaande die onderwyser se professionele identiteit en die identiteitkonstruksieproses, spreek slegs die onderwysers se belewenisse aan, maar is nie spesifiek gefokus op die beginner-Afrikaansonderwysers se belewenisse van hoe identiteit gekontrueer word nie. Die literatuur spreek nie tot ‘n gefokusde teikengroep nie, maar eerders ‘n algemene teikengroep – onderwysers.


© University of Pretoria

In hoofstuk 3 is daar duidelik gestel hoe die navorsingsproses deur my behartig is en is die volgende bespreek:

a) Die metodologie
b) Die metodologiese benadering
c) Die epistemologie van die studie
d) Die konseptuele en teoretiese raamwerk

Vanuit die metodologie is dit duidelik dat die navorsingsproses uit vele elemente bestaan en dat navorsers kan aflei dat die metodologiese benadering tot die navorsingsproses 'n kritiese rol speel rakende die manier wat data deur die navorser ingesamel is (Maree, 2016). Die deeglik verloop van die navorsingsproses en die etiese oorwegings in ag geneem, het die akkuraatheid, geldigheid en betroubaarheid van die studie verhoog, sodat die deelnemers se belewenisse van hul professionele identiteit as beginner-Afrikaansonderwysers onder die vergrootglas geplaas kon word.

## 5.8 SLOTSOM

Professionele identiteit is kompleks, maar is gefokus op die onderwyser se bewustheid van die self, hul doel as professionele opvoeders en fasiliteerder van kennis, sowel as hul eie waardes, oortuigings, sterkpunte, swakpunte, bedreigings en geleenthede (Foster & Foster, 2023). Dit is egter van belang om te beklemtoon dat persoonlike en professionele identiteit nie losstaande geïnterpreteer te kan word nie.

Vanuit die ingesamelde data, in hoofstuk 4, is dit duidelik dat verskeie temas 'n prominente verskyning maak. Die 12 prominente temas sluit in:

1. Identiteit
2. Professionele identiteit
3. Professionaliteit
4. Beginner-Afrikaansonderwyser


© University of Pretoria

5. Vakspesialis vs. koördinering van buitemuurse aktiwiteite
6. Uitbranding
7. Persepsie/vooropgestelde idees van die beginneronderwyser
8. Identiteitkonstruksieproses
9. Karaktereienskappe van die onderwyser
10. Selfrefleksie
11. Die rol van mentors/ouers/vriende
12. Addisionele verantwoordelikhede

Na afloop van hierdie studie glo ek, as navorser, dat my data-analise en interpretasie hiervan werklik 'n waardevolle bydra lewer tot die literatuur betreffende die ondersoek van identiteitkonstruksieprosesse by beginner-Afrikaansonderwysers.


© University of Pretoria

**BRONNELYS**

Adu., & Adu. (2017). School Experience: Institutions' Expectations from Pre-service Teachers. *The Anthropologist,* 29 (1), pages 19-26. https://doi.org/10.1080/09720073.2017.1335825

Adam, D., A.A. Joe., & E.K. Hussein. (2018). Theoretical and conceptual framework: Mandatory ingredients of a quality research. *International Journal of Scientific Research*, 7 (1), 438-441.

Allana, S., & Clarke, A. (2018). Applying meta-theory to qualitative and mixed-methods research: a discussion of critical realism and heart failure disease management interventions research. *International Journal of Qualitative Methods,* 17 (1). https://doi.org/10.1177/1609406918790042

Anangisye, W.A., Mgonda, N.L., Asiimwe, J.A., & Kyasanku, C. (2021). Indicators for the measurement of teachers' professional identity across Asia and Africa: a delphi study. *Journal of Asian and African Studies*, 56(8), 1834–1847. https://doi.org/10.1177/0021909621992785

Anney, V.N. (2014). Ensuring the quality of the findings of qualitative research: Looking at trustworthiness criteria. *Journal of emerging trends in educational research and policy studies*, 5(2), 272-281.

Arber, R., Blackmore, J., & Vongalis-Macrow, A. (2014). *Mobile teachers, teacher identity, and international schooling*. BRILL.

Bergman, M.M. (2013). What is a dysfunctional school?. *Africa Education Review*. 10, 381-390. 10.1080/18146627.2013.812290.

Beauchamp, C., & Thomas, L. (2006). Imagination and reflection in teacher education: The development of professional identity from student teaching to beginning practice. *The First Annual Research Symposium on Imaginative Education*, Vancouver.


© University of Pretoria

Beijaard, D., Meijer, P.C., & Verloop, N. (2004). Reconsidering research on teachers' professional identities. *Teaching and Teacher Education*, 20, 107–128.

Botha, C.S., & Rens, J. (2018). Are they really 'ready, willing and able'? exploring reality shock in beginner teachers in South Africa. *South African Journal of Education*, 38(3), 1–8. https://doi.org/10.15700/saje.v38n3a1546

Canrinus, Esther, Helms-Lorenz, Michelle, Beijaard, Douwe, Buitink, J., & Hofman, W. (2011). Profiling teachers' sense of professional identity. *Educational Studies,* 37, 593-608. 10.1080/03055698.2010.539857

Chauhan, S. (2015). In search of a professional identity. *Economic and Political Weekly*, 33.

Chinyere, U., & Eze Val, H.U. (2023). Qualitative research. *IDOSR JOURNAL OF COMPUTER AND APPLIED SCIENCES*, 8(1), 20–35.

Clandinin, D. J., & Connelly, F. M. (1999). *Narrative inquiry: Experience and story in qualitative research.* San Francisco: Jossey-Bass.

Colliander, H. (2018). The experienced newcomer – the (trans)forming of professional teacher identity in a new landscape of practices. *Teaching and Teacher Education*, 69, 168–176. https://doi.org/10.1016/j.tate.2017.10.012

Creswell, J.W., & Creswell, J. (2014). *Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches* (5th edition) International student. SAGE.

Day, C., Kington, A., Stobart, G., & Sammons, P. (2006). The personal and professional selves of teachers: Stable and unstable identities. *British Educational Research Journal, 32*(4), 601-616.


© University of Pretoria

De Villiers, C.D., & De Jager, S. (2021). Courageous conversations in the life orientation classroom and teacher vulnerability. *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa*, 17(1). https://doi.org/10.4102/td.v17i1.1097

Edwards, James L. (1971). In loco parentis: definition, application, and implication. *South Carolina Law Review*: 23 (1).

Ellis, C., Adams, T., & Bochner, E. (2011). Autoethnography: an overview. *Forum: Qualitative Social Research,* 12 (10).

Elsheikh, A. & Yahia, E. (2020). Language teacher professional identity. In C. Coombe, N.J. Anderson, & L. Stephenson, *Professionalising your English language teaching* (1st ed. pp. 27-38). Springer & Cham publishers. doi: https://doi.org/10.1007/978-3-030-34762-8_3

Engelbrecht, A. (2015). Kwalitatiewe navorsing. In I. Joubert, C. Hartfell, & K. Lombard (Eds.), *Navorsing: 'n Gids vir die beginnernavorser* (1st ed., pp. 118–130). Van Schaik Uitgewers.

Fitzgerald, Anita. (2020). Professional identity: a concept analysis. *Nursing Forum*, 55. 10.1111/nuf.12450

Flores, M. A., & Day, C. (2006). Contexts which shape and reshape new teachers' identities: A multi-perspective study. *Teaching and Teacher Education, 22*(2), 219-232.

Foster, M. J. M., & Foster, D. D. (2023). Advancing sustainable development through teacher professional development. In M. Samy & R. Barrick (Eds.), Agricultural education for development in the Arab countries (pp. 230-254). IGI Global. https://doi.org/10.4018/978-1-6684-4050-6.ch009

Fraser, W.J. (2018). Filling gaps and expanding spaces – voices of student teachers on their developing teacher identity. *South African Journal of Education*, 38(2), 1-11. https://doi.org/10.15700/saje.v38n2a1551


© University of Pretoria

Goundar, S. (2012). Chapter 3: Research Methodology and Research Method. In S. Goundar (Ed.), *Cloud Computing*. Research Gate Publications.

Given, L.M. (2008). Methodology: *In The sage encyclopedia of qualitative research methods* (pp. 699–750). Sage Publications.

Goodwin University. (2018). *Technology vs. Technical High Schools in CT: Goodwin college*. Goodwin University. https://www.goodwin.edu/enews/technical-vs-technology-high-school/

Howarth, Caroline. (2002). Identity in whose eyes?: the role of representations in identity construction. *Journal for the Theory of Social Behaviour*, 32(2). pp. 145-162
DOI: 10.1111/1468-5914.00181

Howcroft, D., & Trauth, E.M. (2005). *Handbook of critical information systems research: Theory and application*. Edward Elgar. http://www.e-elgar.com/bookentry_main.lasso?id=3176

Imenda, S. (2014). Is there a conceptual difference between theoretical and conceptual frameworks? Sosyal Bilimler Dergisi. *Journal of Social Sciences*, 38(2), 185.

Keiler, L.S. (2018). Teachers' roles and identities in student-centred classrooms. *IJ STEM,* 5 (34). https://doi.org/10.1186/s40594-018-0131-6

Kelchtermans, G. (2009). Who I am in how I teach is the message: Self-understanding, vulnerability and reflection. *Teachers and Teaching, 15*(2), 257-272.

Korth, B., & Hall-Kenyon, K. (2009). Defining teacher educator through the eyes of classroom teachers. *The Professional Educator*, 33, 1-12.

Ladkin, D., Spiller, C., & Craze, G. (2018). The journey of individuation: a Jungian alternative to the theory and practice of leading authentically. *Leadership*, 14(4), 415– 434. https://doi.org/10.1177/1742715016681942


© University of Pretoria

Lave, J., & Wenger, E. (1991). *Situated learning: Legitimate peripheral participation.* Cambridge: Cambridge University Press.

Lavrakas, P.J. Convenience Sampling. (2008). *Encyclopaedia Of Survey Research Methods*. Doi: 10.4135/9781412963947.n105

Maree, K. (2016). First steps in research (2nd ed.). Van Schaik Publishers.

Maree, K. (2019). First steps in research (3rd ed.). Van Schaik Publishers.

Martin, A. (2019). Teacher identity perspectives. *Encyclopedia of Teacher Education*. Doi: https://doi.org/10.1007/978-981-13-1179-6_222-1

McLeod, S. (2023). Carl Jung's theory of personality: Archetypes & Collective unconscious. Simply Psychology. https://www.simplypsychology.org/carl-jung.html

Melin, R. (1998). *Persons – their identity and individuation*. Swedish Press.

Mikelsone, I., Odina, I., & Grigule, L. (2014). Conceptualizing the understanding of professional identity in teacher's career. *European Scientific Journal*, 1(1), 238 – 249.

Mingers, J. (2000). What is it to be critical? Teaching a critical approach to management undergraduates. *Management Learning,* 31(2), 219–237. https://doi.org/10.1177/

Moet, M. M. L., & Kálmán, A. (2021). Impact of a professional learning community on the professional development of teacher educators in Myanmar. *Opus et Educatio*, 11(2). https://doi.org/10.3311/ope.627

Mohammed, M.O., Gbenu, J.P., & Lawal, R.O. (2014). Planning the teacher as in loco parentis for an effective school system. *Mediterranean Journal of Social Sciences*. https://doi.org/10.5901/mjss.2014.v5n16p318

Olsen, B. 2008. How reasons for entry into the profession illuminate teacher identity development. *Teacher Education Quarterly*, 35(3), 23-40.



© University of Pretoria

Oosthuizen, I.J., & Van der Walt, Johannes. (1998). A legal and philosophical perspective on the in loco parentis position of teachers. *Koers: Bulletin for Christian Scholarship.* 63. 10.4102/koers.v63i1&2.524

Reddy, T. (2018). *Beginner teachers' perceptions of their credibility based on displayed behvaiour in the classroom* (dissertation). University of Pretoria, Pretoria.

Sachs, J. (2001). Teacher professional identity: Competing discourses, competing outcomes. *Journal of Education Policy, 16*(2), 149-161.

Samsudin, M.A., Moen, M.C., Hai, P.T., Hagos Hailu, B., Hidayat, A., Ishida, Y., Kusakabe, T., Ozawa, H., Ishak, N.A., Malik, S.A., Ismail, B.M., Owoyemi, T.E., Anangisye, W.A., Mgonda, N.L., Asiimwe, J.A., & Kyasanku, C. (2021). Indicators for the measurement of teachers' professional identity across Asia and Africa: a delphi study. *Journal of Asian and African Studies*, 56(8), 1834–1847. https://doi.org/10.1177/0021909621992785

Schöpflin, George (2001) The construction of identity. Osterreichischer Wissenschaftstag: 1-2.

Schilling, Elisabeth, & König, Alexandra. (2020). Challenging times – Methods and methodological approaches to qualitative research on time [16 paragraphs]. *Forum Qualitative Sozialforschung/Forum: Qualitative Social Research*, 21(2), Art. 27, http://dx.doi.org/10.17169/fqs-21.2.3508.

Smith, J.A., Clarke, V., Braun, V., & Hayfield, N. (2015). Thematic analysis. In *Qualitative psychology: a practical guide to research methods* (3rd ed., pp. 222–229). SAGE.

Soreide, G.E. 2006. Narrative construction of teacher identity: positioning and negotiation. *Teacher and Teaching*, 12(5): 527–547. doi:10.1080/13540600600832247

Stefana, A., Celentani, B., Dimitrijevic, A., Migone, P., & Albasi, C. (2022). Where is psychoanalysis today? Sixty-two psychoanalysts share their


© University of Pretoria

subjective perspectives on the state of the Art of Psychoanalysis: a qualitative thematic analysis. *International Forum of Psychoanalysis*, 30(4), 234–246. https://doi.org/10.1080/0803706x.2021.1991594

Stein, M.B. (2005). Individuation: iInner work. *Journal of Jungian Theory and Practice*, 7 (2).

Schwartz-Shea, Peregrine & Yanow, Dvora. (2012). Interpretive research design. Concepts and processes. Animal Welfare - ANIM WELFARE. Doi: 10.4324/9780203854907

Titu, P. (2019). *Understanding teacher professional identity development: an exploration of secondary science teacher beliefs and practices through reflective teaching*. University Minnesota.

Toole, J.C., & Louis, K.S. (2002). The role of professional learning communities in international education. In K. Leithwood, & P. Hallinger (eds), *Second international handbook of educational leadership and administration*. Dordrecht: Kluwer.

Tricarico, G. (2016). The individuation process in post-modernity. *Psychological Perspectives,* 59(4), 461–472. https://doi.org/10.1080/00332925.2016.1240529

Van Zyl, E.J., Lerm, E.R., Van Wyk, J.P., & Van Rensburg, N.P.J. (1997). *Algemene wetenskap: graad 8: nuwe sillabus* (1st ed). Roedurico Trust.

Walker, B.W. (2021). A dynamic reframing of the social/personal identity dichotomy. *Psychological Perspectives* 12(1), 73-104. Doi: 10.1177/20413866211020495

Wenger, E. (1998). *Communities of practice: Learning, meaning, and identity.* Cambridge: Cambridge University Press.


© University of Pretoria

Weran , Y.T.I., & Kuswandono, P. (2022). Teacher identity as a root of teacher selves: Professional identity vs Personal identity. *Journal of English Educational Study (JEES)*, 4(1), 49– 58. https://doi.org/2655-0776

Werbinska, D. (2017). A teacher-in-context: negotiating professional identity in a job promotion examination. 11(2), 103-120. http://dx.doi.org/10.17011/apples/urn.201708233541

Woest, Y. (2016). *The influence of own teachers on the professional identity of beginner teachers* (dissertation). University of Pretoria, Pretoria.

Williams, J. (2013). *Constructing new professional identities: Career changers in teacher education.* BRILL.

Zare-ee, A., & Ghasedi, F. (2014). Professional identity construction issues in becoming an English teacher. *Procedia - Social and Behavioral Sciences,* 98, 1991–1995. https://doi.org/10.1016/j.sbspro.2014.03.633



© University of Pretoria

# ADDENDUM A

## VRAELYS

Section 1 of 6

# BEGINNER AFRIKAANS VAKTAALONDERWYSER. DIE BELEWENISSE VAN IDENTITEITKONSTRUKSIE.

BEGINNER AFRIKAANS VAKTAALONDERWYSERS: DIE BELEWENISSE VAN IDENTITEITKONSTRUKSIE.

Hierdie vraelys sal slegs gebruik word vir navorsingsdoeleindes vir die Universiteit van Pretoria.

Hierdie vraelys het ten doel om die belewenisse van die beginner Afrikaans vaktaalonderwyser vas te vang. As beginner Afrikaans vaktaalonderwyser, moet professionele identiteit nog gevormd word. Hierdie vraelys is dus spesifiek gefokus op die belewenisse wat beginner Afrikaans vaktaalonderwysers beleef tydens die identiteitkonstruksieproses.

Geen persoonlike inligting sal met derde partye gedeel word nie.

Email *

Valid email address

This form is collecting email addresses. Change settings



© University of Pretoria

Section 2 of 6

DEELNAME

Description (optional)

Neem u vrywilliglik deel? *

- [ ] Ja
- [ ] Nee



© University of Pretoria

Section 3 of 6

DEELNEMER: BIOGRAFIESE INLIGTING

Description (optional)

Met watter gender identifiseer jy? *

- [ ] Vroulik
- [ ] Manlik
- [ ] Ander

Spesifiseer jou ouderdomsgroep. *

- [ ] 20 - 25
- [ ] 26 - 30
- [ ] 31 - 39
- [ ] 40 - 49
- [ ] 50 - 59



© University of Pretoria

Section 4 of 6

## DEELNEMER: ONDERWYSER/PROFESSIONELE INLIGTING

Description (optional)

Is jy 'n beginner (3-5 jaar ondervinding) Afrikaans vaktaal onderwyser? *

Let wel:Indien nie, is jy nie 'n geskikte kandidaat vir hierdie studie nie.

- Ja
- Nee

Vir water fase bied jy die vak aan? *

- Senior (7-9)
- VOO (10-12)



© University of Pretoria

Bied jy Afrikaans Huistaal of Eerste Addisionele Taal, aan? *

- Afrikaans HT
- Afrikaans EAT

Oor hoeveel jare se ervaring beskik jy? *

- 1-2 jaar
- 3-4 jaar
- 5 of meer jaar


© University of Pretoria

Section 5 of 6

DEELNEMER: VRAE

Description (optional)

Hierdie studie handel oor die beginner Afrikaans vaktaal onderwyser se identiteitkonstruksieproses en jy gaan moontlik vrae/belewenisse moet deel. *

Add File

View folder

Vertel my van jou belewenis as 'n beginner Afrikaans vakonderwyser. *

LET WEL: Daar is geen korrekte antwoorde nie. Ek stel slegs belang in jou belewenis as beginner onderwyser. Jy is welkom om soveel moontlik hiervan met my te deel.
Jou narratief kan enige vorm beslaan, byvoorbeeld 'n gedig, skets, opstel, ens.

Add File

View folder

As beginner onderwyser, wat verstaan jy onder die begrip "onderwyseridentiteit"? *

Long-answer text


© University of Pretoria

As beginner onderwyser, hoe sal jy "professionele identiteitkonstruksieproses" definieer/beskryf? *

Long-answer text

Tydens jou eie professionele identiteitkonstruksieproses, watter eienskappe is van belang om sin te maak van die proses? *

Long-answer text

Was daar enige mentors/rolmodelle wat 'n invloed gehad het op jou professionele identiteitkonstruksieproses? *

- JA
- NEE


© University of Pretoria

Indien JA, wie was hierdie rolmodelle? *

- Gewese onderwysers
- Dosente/Professore/Doktors
- Famile
- Vriende
- Ouers
- Ander
- Nie van toepassing

Watter rolle het hierdie rolmodelle vervul en hoe het dit jou professionele identiteitkonstruksieproses gerig/beïnvloed? *

Long-answer text



© University of Pretoria

Watter belewenis/se het 'n positiewe uitwerking/gevolg gehad op jou belewenis van die professionele identiteitkonstruksieproses? *

Hoe het dit jou laat voel oor jouself as beginneronderwyser?

Long-answer text

Watter belewenis/se het 'n negatiewe uitwerking/gevolg gehad op jou belewenis van die professionele identiteitkonstruksieproses? *

Hoe het dit jou laat voel oor jouself as beginneronderwyser?

Long-answer text

Kon jy enige persoonlike swakhede identifiseer tydens jou belewenis van die professionele identiteitkonstruksieproses? *

- JA
- NEE


© University of Pretoria

Watter bedreigings kon jy identifiseer tydens die proses van professionele identiteitkonstruksie? *

Long-answer text

Voel jy, buiten jou taak as beginner Afrikaans vaktaalonderwyser, dat jy sekere rolle moet vervul of verantwoordelikhede moet nakom wat slegs op jou skouers rus? Verduidelik. *

Long-answer text


© University of Pretoria

Section 6 of 6

DEELNEMER: OPVOLG DAPPERGESPREK

Description (optional)

Stem jy in om na hierdie vraelys 'n informele, semi-gestruktureerde gesprek te voer na aanleiding van jou terugvoer op die bogenoemde vrae? *

- Ja
- Nee

Watter datum sal geskik wees vir 'n semi-gestruktureerde opvolg gesprek? *
Hierdie gesprek moet voor of/op 30 Augustus 2024 plaasvind.
Let wel: opvolg gesprekke kan aanlyn ook geskied, via Zoom, Teams, ens.

Day, month, year

Baie dankie vir u tyd! *

Indien jy enige vrae/opmerkings het, laat gerus 'n boodskap.

Short-answer text


© University of Pretoria

## DAPPER GESPREK SE SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD

**Dapper gesprek: semi-gestruktureerde opvolgvrae n.a.v. vraelys.**

**Deelnemer skuilnaam: …….**

**BEVESTIG EERS ANTWOORDE OP VRAELYS MET DEELNEMER, VOORDAT JY OPVOLGVRAE DAARSTEL.**

1. Kan jy asseblief uitbrei op jou belewenis as beginner-Afrikaansonderwyser, soos beskryf in die vraelys?

2. Is dit vir jou ’n negatiewe belewenis om ’n professionele Afrikaans-onderwyser te wees?

3. Verduidelik asseblief vir my jou antwoord.

4. Watter prominente uitdagings i.t.v. identiteit het jy beleef/beleef jy tydens jou identiteitkonstruksieproses as beginner-Afrikaansonderwyser?

5. Hoe sou jy jou belewenis van die proses van identiteitkonstruksie as beginner-Afrikaansonderwyser beskryf?


© University of Pretoria

6. Voel jy dat hierdie proses heel waarskynlik later van tyd in jou professionele identiteit weer sal plaasvind? Verduidelik asseblief jou antwoord.

7. Het hierdie vraelys en gesprek jou toegelaat om te reflekteer?

8. Op watter aspekte het jy gefokus indien jy sou reflekteer tydens jou identiteitkonstruksieproses?

9. Is daar enige verdere kommentaar wat u graag sou wou deel rakende jou persoonlike belewenis van die proses van identiteitkonstruksie as beginner-Afrikaansonderwyser?


© University of Pretoria